A.1.2 Beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Onderwys het 'n sentrale rol te speel in die bou van 'n samelewing gegrond op die waardes van ons Grondwet – demokrasie, menseregte, menswaardigheid, vryheid, nierassigheid en nieseksisme, en in die handhawing van langtermyn groei en die vermindering van ongelikheid. Deur die provinsiale MKOS, poog die WKOD om 'n instaatstellende omgewing te skep wat toegang vir almal sal verseker, sodat die jeug van die provinsie die kennis, vaardighede, waardes en houdings vir langtermyn groei en volhoubare ontwikkeling kan ontwikkel.

Die breë beleide, prioriteite en strategiese doelwitte van die WKOD is vervat in die MKOS wat in Maart 2006 geloods is. Die strategie is na 'n uitgebreide, tweejaarlange raadplegende proses geformuleer en dit verteenwoordig 'n langtermynvisie vir onderwys in die Wes-Kaap deur die daarstelling van 'n vertrekpunt vir onderwysbeplanning vir baie jare vorentoe. Die strategie reflekteer die departement se mandaat om 'n "Leertuiste vir Almal" te skep deur die onbillikhede van 'n rasgedrewe onderwysstelsel, waar toegang en prestasie vir histories benadeelde leerders steeds skeefgetrek is, te oorkom.

Die MKOS is 'n hoeksteen van die provinsie se iKapa elihlumayo (Groeiende Kaap), die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie (PGOS) wat daarna streef om welvaart vir almal te skep, nuwe hoop gee en menswaardigheid en 'n Tuiste vir Almal" herstel. Met hierdie strategie beoog die Wes-Kaap om sy verbintenis tot die bereiking van billikheid en regstelling, armoedeverligting, werkskepping en bemagtiging van mense van die Wes-Kaap om agente vir verandering te word, te vervul.

Die MKOS word verder beïnvloed deur prioriteite van die nasionale Onderwyssektor, wat deur die Raad vir Onderwysministers (ROM) soos volg goedgekeur is:

- Vir die 2006-Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR), d.i. vir die tydperk 2008/09 –
 - Gehalte deur herkapitalisering via die Program vir Gehalteverbetering, Ontwikkeling, Steun en Opheffing (PGOOO) vir openbare skole.
 - Toegang en gelykheid deur die implementering van die "geen-skoolfonds-skole" en die uitbreiding van graad R om universele toegang te verseker.
 - Kurrikulumlewering met die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in graad 8 – 12, en onderwyserontwikkeling.
 - Monitoring en evaluering deur die verbetering van die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en verbeterde menslikehulpbronsistelsels en kapasiteit.

- Vir die 2007-MTBR, d.i. vir die tydperk tot 2009/10, is die verbetering van onderwysgehalte die teken van inisiatiewe van die nasionale sektor. Hierby is ingesluit sistemiese evaluering, indiensopleiding en onderwyserontwikkelingsprogramme gemik op die verbetering van onderwysgehalte ten einde kritieke vakke soos wiskunde en lewensoriëntering, graad R en algehele skoolbestuur te bevorder.

Nog 'n inisiatief van die nasionale sektor is 'n massageletterdheidsprogram wat in 2007/08 deur die DvO ontwikkel en geloods sal word om die uitdagings van basiese geletterdheid, wat sowel 'n mensereg as 'n bydraer tot sosiale kohesie is, die hoof te bied. Dit sal uitgevoer word met behulp van vennootskappe met nieregeringsorganisasies, basiese volwasseneonderwysentrums en vrywilligers.

Die vernaamste doel van die MKOS is om te verseker dat die onderwysstelsel kundige, vaardige, kritiese en buigsame jongmense lewer wat sal kan baatvind by toekomstige geleenthede, maar ook by toekomstige uitdagings kan aanpas en dit die hoof kan bied. Dit sal gedoen word deur die toepaslike waardes, kennis en vaardighede by die mense van die Wes-Kaap, veral die jeug, te ontwikkel om hul nasionale en provinsiale deelname binne 'n globaal kompeterende ekonomie en lewenskragtige, sorgsame samelewing te bevorder. Die MKOS reageer dus op die uitdagings van hoë werkloosheidsvlakke, veral onder die (swart) jeug, die oënskynlike gebrek aan vaardighede om die bestaande indiensneming- en entrepreneursgeleenthede op te neem, en die klaarblyklike gebrek aan geleenthede om die groeiende jeugbevolking wat na volwassenheid op pad is, te absorbeer.

Vier sleutelpillare vorm die grondslag waarop die MKOS gebou is. 'n Fokus op die **verbetering van onderwysomstandighede** op inrigtingsvlak sal ondersteun word deur 'n strewe **na die verbetering van die onderwysomgewing** deur kwessies rakende sosiale patalogie en misdaad te takel. Die kern van die strategie sal fokus op die **verbetering van onderwysgehalte**, wat sal verseker dat geleenthede vir die **verbreding van die vaardigheids- en kwalifikasiebasis** geskep word. Vir elkeen van hierdie sleutelpillare is daar drie duidelike responslyne geïdentifiseer. Dit sluit in 'n stel **sistemiese strategieë, sleutelkorttermynintervensies en gedetailleerde, implementeringsgedrewe, programbaseerde strategieë.**

1. Verbetering van onderwysomstandighede:

Die effektiëste onderwys kan slegs onder optimale omstandighede gelewer word. Hier word verwys na fisiese onderrigomstandighede (hou verband met fisiese infrastruktuur, toerusting) sowel as instaatstellende omstandighede (hou verband met die bestuur van die onderwysprogram op skoolvlak) ten einde te verseker dat skole omgewings is wat bevorderlik is vir leer en uitnemendheid, en dat hoogs doeltreffende, innoverende en kreatiewe mense dit bestuur.

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2007/08 – 2009/10 sluit in -

- Die implementering van die makrostruktuur van die herontwerpte WKOD, wat sal verseker dat die organisasie die MKOS ten beste kan implementeer en verteenwoordigend word van die mense van die Wes-Kaap.
- Die verdere ontwikkeling van sleutel- provinsiale onderwysbeleide en –strategieë.
- Die ontwikkeling van plaaslike onderwysvoorsieningsplanne.
- Die uitbreiding van die aantal geen-skoolgeld-skole vir 2007 tot 233 deur die insluiting van beide die armste primêre en sekondêre skole in nasionale kwintiele 1 tot 3, wat die totale getal geen-skoolgeld-skole op 652 te staan sal bring.
- Verseker dat die leerderopsporingstelsel operasioneel is en begin met die implementering van die Verdere Onderwys- en Opleidingsbestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges.
- Alle skole gaan skoolverbeteringsplanne (SVP's) en gestelde teikens hê, wat as basis vir steun deur steunpersoneel op distriktvlak sal dien, en die heelskoolevalering (HSE) van minstens 30 skole per jaar.
- Die ontwikkeling van menslike kapitaal binne die departement met 'n spesiale fokus op onderwysers (deurlopende en versnelde onderwyserontwikkeling) deur hul maksimale impak asook aanspreeklikheid ingevolge die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS) te verseker.
- Die ontwikkeling en bekendstelling van 'n verbeterde salarisbedeling vir prinsipale en die verbetering van die administratiewe steun vir skole.
- Die implementering van 'n loodskursus vir skoolsakebestuurders in 2007.
- Die verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede om uiteindelik tot 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie te vorder.

Prestasiemaatreëls wat gebruik gaan word:

- ▶ PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die armste leerders.
- ▶ PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie en –bestuurstelsel (SABS) implementeer.
- ▶ PM102: Persentasie skole met wie die Departement elektronies in verbinding kan tree.
- ▶ PM103: Persentasie swart vroue in bestuursposisies.
- ▶ PM104: Persentasie huidige besteding op nie-personeeliteme.
- ▶ PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening.
- ▶ PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit.
- ▶ PM205: Persentasie skole met 'n toereikende aantal funksionele toilette.
- ▶ PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur.
- ▶ PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas.
- ▶ PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle leerder- en onderwyserondersteuningsmateriaal (LOOM) en ander vereiste materiaal teen dag een van die skooljaar gelewer.
- ▶ PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status.
- ▶ PM210: Persentasie werkdag verloor weens afwesigheid van opvoeders in openbare gewone skole.
- ▶ PM211: Persentasie leerderdag verloor weens afwesigheid van leerders in openbare gewone skole.

2. Verbetering van die onderwysomgewing:

Die meeste skole word aan die verwoesting van sosiale patologie (misdaad, dwelms, bendebedrywighede, ens.) onderwerp, wat 'n rampspoedige uitwerking het op skole, die leerders en die opvoeders, maar ook op die opvoedkundige programme wat aangebied word. Die provinsiale departemente van Onderwys, Gemeenskapsveiligheid, Maatskaplike Ontwikkeling en Gesondheid gaan gesamentlik 'n program ontwikkel en implementeer wat ontwerp is om die impak van sosiale patologie op skole te verminder.

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2007/08 – 2009/10 sluit in -

- Voortgesette bevordering en verbetering van veilige skole met 'n fokus op verbeterde veiligheidsfasiliteite vir skole in risikogebiede om 'n veilige onderwysomgewing te verseker.
- Die bou van sosiale kapitaal in onderwys deur middel van, onder andere, die provinsiale vereniging van verteenwoordigende leerlingrade (VLR'e), die afgetrede onderwysersvereniging en 'n jaarlikse provinsiale konferensie vir alle skoolbeheerliggame (SBL's). Opleiding en steun van SBL's sal verbeter word om algehele verbeterde deelname en leierskap te verseker in antwoord op verskeie ontwikkelingsuitdagings wat skoolgemeenskappe in die gesig staar.
- Ontwikkeling van Sorg- en Steunstrategieë vir kwesbare kinders.

Prestasiemaatreëls gebruik te word:

- ▶ PM201: Persentasie leerderdag deur die voedingsprogram gedek.
- ▶ PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole.
- ▶ PM401: Persentasie kinders van verpligte skoolouderdom, wat spesiale behoeftes het, nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie.
- ▶ PPM 801: Aantal opvoeders opgelei om MIV/VIGS en seksualiteitsleuensvaardighedsprogramme aan te bied.
- ▶ PPM 802: Persentasie jaarlikse lewering van aangevraagde MIV/VIGS-LOOM aan skole.
- ▶ PPM 803: Aantal skoolgemeenskappe 'opgelei' en gesteun in die implementering van Sorg- en Steunstrategieë vir kwesbare kinders.
- ▶ PPM 804: Aantal skoolbestuurspanne (SBS'e) 'opgelei' en gesteun in die ontwikkeling van MIV/VIGS-beleid en –bestuursplanne, binne die konteks van HSE en SVP.

3. Verbetering van onderwysgehalte:

Kwessies m.b.t. klaskameraktiwiteite, bestuur en steun, onderwyserbevoegdheid en –ontwikkeling, en toepaslike kurrikulumpakkette. Hierdie behoefte is ook deur die nasionale Ministerie van Onderwys geïdentifiseer.

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2007/08 – 2009/10 sluit in -

- Deurlopende steun vir geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole deur –
 - Die toetsing van alle graad 6-leerders in 2007 in gesyferdheid en geletterdheid;
 - Deurlopende opleiding van onderwysers;
 - Deurlopende steun; en
 - Die deurlopende ontplooiing van 510 onderwyserassistente om in die armste primêre skole in die Grondslagfase hulp te verleen.
- Die implementering van die GVO-OOP wat die armste primêre skole in nasionale kwintiel 1 in 2007/08 teiken om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, onderrig- en leer-, menslike en finansiële hulpbronne ontvang om gehalte-onderrig en –leer moontlik te maak.

- Verdere uitbreiding van graad R met 6 000 leerders in ongeveer 200 nuwe leeromgewings, insluitend die toekenning van die verhoogde subsidieformule aan meer leeromgewings in arm en landelike gemeenskappe, die voorsiening van nuwe onderrig- en leerstelle wat leerders sal help om aan die vereistes van die nuwe nasionale kurrikulum te voldoen, die voorsiening van 900 leerderskappe vir vroeëkindertwikkeling (VKO)-opvoeders en die ontwikkeling van 'n geïntegreerde benadering tot VKO met ons susterdepartemente, maatskaplike ontwikkeling, gesondheid en plaaslike regering.
- Voortgesette implementering van die NKV, veral met betrekking tot die VOO-band asook die oorblywende jaar van die algemene onderwys en opleidingsband, en voorbereiding vir die implementering van die NKV in graad 12 in 2008.
- Die implementering van die Leerderprestasiestrategie (LPS) soos per instruksie van die (nasionale) Minister van Onderwys en die Premier, en die verlaging van die aantal skole met 'n slaagpersentasie van minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamens.
- Die professionele ontwikkeling van 660 prinsipale en onderwysers (versnelde onderwyserontwikkeling (VOO) en Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO)) met 160 prinsipale vir die eerste jaar van 'n tweejarige VOO ingeskryf en minstens 500 onderwysers vir ander kursusse ingeskryf.
- Die installing van rekenaarlaboratoriums in 'n verdere 200 skole as deel van die Khanya Tegnologie in Onderwys-projek.

Prestasiemaatreëls gebruik te word:

- ▶ PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon.
- ▶ PM002: Persentasie jeugdiges bo skoolgaande ouderdom wat skole en ander opvoedkundige inrigtings bywoon.
- ▶ PM004: Jare insette per verdere onderwys- en opleidingskollege (VOOK)-afgestudeerde.
- ▶ PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad deur volwassenes in die bevolking bereik.
- ▶ PM006: Volwassenegeletterdheidsyfer.
- ▶ PM212: Die prestasiesyfer van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot gr 3.
- ▶ PM213: Herhaalsyfer in graad 1 tot 7.
- ▶ PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid bereik.
- ▶ PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in wiskunde, geletterdheid en natuur- en skeikunde bereik.
- ▶ PM217: Die prestasiesyfer van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer.
- ▶ PM218: Herhaalsyfer in graad 8 tot 12.
- ▶ PM219: Slaagsyfer in graad 12-eksamens.
- ▶ PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes in alle leerareas bereik.
- ▶ PM301: Persentasie befondste onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is.
- ▶ PM701: Persentasie leerders in openbaar befondste graad R.
- ▶ PPM806: Persentasie skole wat VOO aanbied waar minstens een rekenaarfasiliteit as deel van die Khanya Tegnologie in Onderwys-projek voorsien is.

4. Uitbreiding van vaardigheids- en kwalifikasiebasis deur die steun van die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie (MEOS):

Benewens die strewe om meer matrikulasie-endorsemente (en dus potensieel groter getalle toegang tot die hoëronderrigsektor) te bied, moet die onderwysstelsel ook jong mense in staat stel om beroeps- (loopbaan-) en tegniese vaardighede te verwerf deur 'n verskeidenheid inrigtings soos vaardigheidsskole, inrigtings vir basiese volwassene-onderwys en -opleiding (BVOO's), VOO-kolleges en Universiteite van Tegnologie. Dit beteken dat werkgewers die bevindinge van die MEOS-navorsing tot voordeel van hul menslikehulpbronontwikkelingsplanne moet gebruik en die verskillende Sektor Onderwys- en Opleidingsowerhede (SOOO's) moet benut om die ontwikkeling van spesifieke vaardighede vir toekomstige ekonomiese groeisektore in die provinsie te bevorder.

Hierdie sleutelpilaar word verder geïnformeer deur maatreëls wat in die VSBGI-SA geïdentifiseer is om die vaardigheidsuitdagings in die onderwysfeer, wat die volgende insluit, die hoof te bied –

- Die GVO-OOP gerig op die bereiking van hoë geletterdheid- en gesyferdheidsvlakke in die laagste grade;
- Die Wiskunde- en Wetenskap (Dinaledi)-program om hoërskoolgegradeerdes wat wiskunde en wetenskap aanbied teen 2008 te verdubbel;
- 'n Opgegradeerde loopbaanvoorligtingsprogram;
- 'n Aansienlike opgradering van VOO-kolleges; en
- Die verbetering van die BVOO-program.

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2007/08 – 2009/10 sluit in -

- Die voortgesette herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges, met spesiale fokus op die uitbreiding van die Weskus-kollegefasiliteit, om vaardigheidsontwikkeling, in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes soos uiteengesit deur die nasionale menslikehulpbronstrategie, te verseker.

- Die verhoging van deelname aan Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie deur middel van deurlopende bekendstelling van Fokusskole, 'n toename in die aantal Dinaledi-skole, die verbetering van slaagsyfers met matriek-endorsement en van die vakke Wiskunde en Wetenskap.
- Verdere hulpbronvoorsiening aan die 2 nuwe vaardigheidskole (in Mitchell's Plain en Gugulethu).
- Verhoogde toegang tot BVOO deur gestruktureerde Vlak 1- en 2-kurrikulumaanbiedings in sentrums.

Prestasiemaatreëls gebruik te word:

- ▶ PM216: Persentasie van meisieleerders wat wiskunde en wetenskap in graad 10 tot 12 aanbied.
- ▶ PM220: Slaagsyfer in graad 12 vir wiskunde en wetenskap.
- ▶ PM501: Aantal VOO-kollegestudente in verhouding tot jeuidiges in die provinsie.
- ▶ PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde.
- ▶ PM503: VOO-kolleges se deurvoersyfer.
- ▶ PM504: Persentasie leerders in leerderskappe geplaas deur VOO-kolleges.
- ▶ PM601: Persentasie BVOO-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie.
- ▶ PPM501: Aantal studielenings aan VOO-kollegestudente toegeken.
- ▶ PPM805: Aantal nuwe beurse aan studentonderwysers toegeken.

Die volgende spesifieke programgebaseerde strategieë verteenwoordig die leweringplatform vir die MKOS: -

- Program 2: Openbare gewoneskoolonderwys en Program 4: Openbare spesiale skole
 - Verseker dat alle leerders van graad 1 tot graad 6 lees, skryf en reken op die vlakke soos bepaal deur die NKV.
 - Verseker dat alle leerders in graad 7 - 9 van algemene onderwys van hoë gehalte voorsien word.
 - Verhoog die deelname- en suksessyfers van jong leerders, veral swart leerders, in die VOO-band by skole.
 - Verhoog die aantal VOO-leerders wat vir toegang tot hoër onderwys kwalifiseer.
 - Verhoog toegang tot hoër onderwys, veral vir leerders uit arm huise.
 - Bied advies oor vakkeuse en loopbaanvoorligting aan alle leerders in graad 9 sodat hulle gepaste vak- en loopbaankeuses in die VOO-band kan maak.
- Program 5: Verdere onderwys en opleiding
 - Verhoog die deelname- en suksessyfers van jong leerders, veral swart leerders, in die VOO-band by kolleges.
 - Verhoog die aantal leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme wat aan werkseleenthede gekoppel is.
- Program 6: Basiese Volwasseneonderwys en –opleiding
 - Verhoog die aantal volwasse leerders in basiese volwasseneonderwys en –opleidings(BVVO)-programme.
- Program 7: Vroeëkinderonwikkeling
 - Verseker 'n geïntegreerde benadering tot die fisiese, sosiale en kognitiewe ontwikkeling van alle 0- tot 4-jariges wat in die provinsie woon.
 - Voorsien graad R-onderwys van hoë gehalte aan alle 5-jariges sodat hulle gereed kan wees vir skoolleer.
- Program 8.5: iKapa Elihlumayo
 - Voorsien loopbaanvoorligting aan alle sekondêre skole.
 - Lei onderwysers in elke sekondêre skool op om loopbaanvoorligting te bied.

A.2 Die uitdagings vir die onderwyssektor

Onderwys in die Wes-Kaap staan voor verskillende uitdagings, naamlik sosio-ekonomiese uitdagings, nasionale/provinsiale beleidsuitdagings en organisatoriese uitdagings.

A.2.1 Die sosio-ekonomiese uitdagings

Die bevolking van die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar skerp gestyg en sit steeds hierdie stygende patroon voort. Volgens Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) 2005 se Algemene Huishoudelike Opname, is die Wes-Kaap die tuiste vir sowat 4,7 miljoen mense, wat 10% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die Wes-Kaap se bevolkingsgroei word op 2,1% per jaar geraam.

Die migrasiepatrone dui aan dat migrasiesyfers vanaf 1991 - 1996 tot 1996 – 2001 aansienlik toegeneem het. Die breë migrasiepatroon bly dieselfde: aansienlike beweging na Gauteng en die Wes-Kaap en aansienlike beweging uit die Oos-Kaap en Limpopo. Migrasie in en uit die oorblywende vyf provinsies is meer gebalanseerd.

StatsSA projekteer dat interprovinsiale migrasie vanaf 2005 – 2015 teen 'n baie soortgelyke koers sal plaasvind as tussen 1996 – 2001. Netto vyfjaarmigrasieaannames (positief dui aan netto in-migrasie en negatief dui aan netto uit-migrasie) in provinsies van 2006 - 2011 word hieronder aangetoon:

Provinsie	Toename / (afname)
Oos-Kaap	(323 622)
Vrystaat	(58 514)
Gauteng	533 410
KwaZulu-Natal	7 707
Limpopo	(252 928)
Mpumalanga	(42 190)
Noord-Kaap	(28 167)
Noordwes	(64 176)
Wes-Kaap	228 480

Een gevolg van hierdie bevolkingstoename in die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie in die afgelope vyf jaar 'n toename in getalle beleef het: VKO-leeromgewings, skole, VOO-kolleges en BVOO-sentrums. Die toename in leerdertalle maak die beplanning van dienslewering, veral klaskamers en onderwysers, ontsettend kompleks.

Die data vir die Wes-Kaap se openbare gewoneskoolstelsel vanaf 1995 - 2006 word voorsien in **Tabel 1** hieronder om die toename in leerdertalle in die provinsie te toon en illustreer die WKOD se eerste uitdaging vir dienslewering. Terwyl sommige provinsies 'n afname in inskrywings beleef het, het die WKOD tot 2004 voortgegaan om groei te beleef. Die abnormale toename van 2003 - 2004 van 23 121 was hoofsaaklik die gevolg van die verslapping van die inname/toelatingsbeleid vir graad 1-leerders wat geldig was vanaf 2000 (en ook die rede vir die afname in leerdergetalle vanaf 1999 - 2000). The 2005 Jaarlikse Skoleopname het geen groei van 2004 tot 2005 getoon nie, hoofsaaklik te wyte aan hierdie abnormale toename. Die 2006-syfers is verkry van die CEMIS (Leerdersprovingstelsel) en reflekteer 'n aansienlike verlaging van 2005 - 2006 (Let wel: dit is die eerste jaar dat CEMIS gebruik is en die departement is in die proses om die syfers te verifieer). Normale groei word weer vanaf 2006 – 2007 verwag.

Tabel 1: Inskrywing in openbare gewone skole 1995 – 2006


Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
1995	99,158	84,963	80,921	79,199	76,789	72,293	68,795	67,473	61,079	50,698	41,124	34,659	817,151
1996	99,998	84,845	81,137	79,996	77,673	74,142	69,474	72,116	62,696	54,440	43,574	36,764	836,855
1997	97,854	84,892	80,608	81,191	76,894	74,368	70,967	73,261	64,892	57,070	44,586	38,940	845,523
1998	99,380	90,168	85,625	85,188	80,881	76,716	73,928	76,949	67,644	61,926	46,115	40,980	885,500
1999	87,436	92,925	88,613	88,014	83,074	78,495	74,661	79,043	69,674	63,479	49,247	40,206	894,867
2000	64,844	81,865	92,343	91,949	85,766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48,934	40,996	877,668
2001	81,790	62,960	81,832	94,302	89,254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	50,206	39,910	882,527
2002	86,969	77,026	64,134	83,022	93,188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	51,618	40,468	889,879
2003	86,916	82,454	75,931	66,033	82,383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	51,746	39,644	898,055
2004	104,105	82,130	81,489	76,781	66,060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	54,199	39,451	921,176
2005	93,515	94,231	80,695	80,809	74,984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	56,657	39,303	920,812
2006	89,698	86,697	90,430	80,886	78,092	73,336	65,452	80,007	81,166	83,490	57,381	40,166	906,801

Bron:

1995 – 2005: Jaarlikse Skoleopname (Openbare Gewone Skole)

2006: CEMIS Huidig (13 Oktober 2006)

Figuur 1



Bron:

1995 – 2005: Jaarlikse Skoleopname (Openbare Gewone Skole)

2006: CEMIS Huidig (13 Oktober 2006)

Statistiek SA: Bevolking 2006 gebaseer op 2005-Algemene Huishoudelike Opname

Gevolgt is die voorsiene groot toename in primêreskoolleerders met die gepaardgaande afname in sekondêreskoolleerders die Wes-Kaap se eerste uitdaging vir lewering in die 2007-skooljaar. Die rede hiervoor is dat toe die inname/toelatingsbeleid in die jaar 2000 afgedwing is, die aantal graad 1-leerders van 87 435 in 1999 tot 64 844 in 2000 afgeneem het, d.i. 'n afname van 22 591 leerders. Die graad 1-leerders van die jaar 2000 sal in 2007 in graad 8 wees. Met die verslapping van die inname/toelatingsbeleid vir graad 1-leerders sedert 2004 was die gemiddelde inname van graad 1-leerders 92 500, wat 28 000 meer is as in 2000. Die aantal graad 6-leerders in 2006 is egter slegs 74 000, d.i. 8 000 meer as vir graad 7 in 2006.

Die aantal leerders in graad 8 vir 2006 is 82 471, d.i. 16 000 meer as vir graad 7 in 2006. Dit beteken dat die departement vir 2007 vir ongeveer 16 000 meer primêreskoolleerders voorsiening moet maak as in 2006. Die effek vir sekondêre skole is dat gemiddeld ongeveer 8 000 leerders minder verwag word om graad 8 te bereik, wat 'n moontlike totale afname van sekondêreskoolleerders tot gevolg sal hê.

Die tweede uitdaging vir die WKOD is om die onderwysvlakke van die burgers van die Wes-Kaap te verbeter. Terwyl daar 'n mate van verbetering in die vyfjaarperiode 1996 – 2001 was, is daar nog steeds groot getalle mense wat nie toegang tot onderwys gehad het op die vlak wat vir waardige deelname aan die burgerlike, politieke en ekonomiese lewe van die provinsie vereis word nie. Byvoorbeeld, **Tabel 2** hieronder toon dat minder as 'n kwart van die Wes-Kaap se bevolking oor die Senior Sertifikaat beskik.

Tabel 2: Persentasie van bevolking op verskeie vlakke van skoling 1996 en 2001

Vlakke van skoling	1996	2001
Geen skoling	6,3%	5,7%
'n Vorm van primêre	15,0%	15,2%
Slegs primêre skool voltooi	8,4%	7,9%
'n Vorm van sekondêre skoling	37,2%	36,5%
Graad 12	18,0%	23,4%
Hoër	10,1%	11,2%

Bron: Statistiek Suid-Afrika Sensus 1996 en 2001

Huidige inskrywingsgetalle vir openbare gewone skole suggereer dat die kommerwekkende situasie wat hierbo beskryf is nie in die voorsienbare toekoms aansienlik sal verander nie. Die inskrywingsgetalle vir die periode 1999 - 2006 toon dat slegs 50% van leerders wat vir graad 10 inskryf graad 12 bereik (Kyk **Figuur 1** hierbo). Die deurvoersyfer in skole korreleer in hoë mate met ras. (Die deurvoersyfer dui aan hoe suksesvol 'n leerder gevorder en gegradueer het deur die siklus. Bevordering-, herhaling- en skoolverlatingsyfers vloei van graad tot graad en is 'n aanduiding van die doeltreffendheid/ondoeltreffendheid van die onderwysstelsel in die lewering van afgestudeerdes (Wako, 1988)).

Onlangse studies wat in die Wes-Kaap onderneem is, dui aan dat die rasgebaseerde deurvoer en uitsetsyfers in die skoolstelsel herlei kan word na die vroeëre jare van die skoolstelsel. Die resultate van lees- en wiskundetoetse wat op graad 3- en graad 6-vlakke afgeneem is, dui aan dat die oorgrote meerderheid leerders uit laeinkomste-huise twee tot drie jaar onder die verwagting op die nasionale kurrikulum presteer.

Die formele sektor in die provinsie absorbeer 1,3 miljoen en die informele sektore 144 065 (ruweg 9.4%) van die algehele provinsiale ekonomie. Die arbeidsmag van 1,5 miljoen is gekonsentreer in landbou (13%), vervaardiging (19%), groot- en kleinhandel (17.5%), finansiële dienste (11.9%); en neem 'n totaal van 80% van die arbeidsmag in diens. Van dié wat in diens is, is die deel van die totale arbeidsmag wat oor 'n skoolvlak-kwalifikasie beskik, meer as die groep wat oor 'n vorm van verdere of hoër onderwys beskik met 'n verhouding van 77% tot 19%. Die persentasies van diegene wat oor 'n vorm van verdere of hoër onderwys beskik, is volgens ras as volg: : 7% Afrikaan, 11% Bruin, 34% Asiaties en 49% Wit.

Werkloosheidsyfers word ook aansienlik beïnvloed deur ras. Terwyl 30 uit elke 100 Afrikane nasionaal werk gevind het gedurende 1995 en 2002, het slegs 3 uit 100 Afrikane wat in die Wes-Kaap woon in hierdie periode werk gekry (SER, 2003). 80% van die 18,9% van die arbeidsmag in die provinsie is jeugdige. In teenstelling met die nasionale neiging, het tersiêre werkloosheid gedaal terwyl werkloosheid op die laer onderwysvlakke toegeneem het. Die aanvraag is na kundige en vaardige individue. Alhoewel die aantal matrikulante en graad 9- tot 11-leerders wat die provinsie se arbeidsmag betree groei, vergeleke met nasionale syfers (matrikulante maak 28,5% van die totale provinsiale arbeidsmag uit), is die probleem van werklose jeug akuter as in die res van die land. 40% van die werklose bevolking is tussen die ouderdomme 15 en 24. Dus, in 'n ekonomiese omgewing waarin net meer as 1 miljoen mense (in relatiewe terme, een in elke vier persone) in die Wes-Kaap hulle onder die minimum leefvlak bevind (4,4% van die nasionale bevolking in 2004) en 23,6% van die bevolking (waarvan die grootste proporsie die jeug is) werkloos bly, word die gehalte van ekonomiese groei en, as sodanig, die onderwysvlakke 'n kritieke suksesfaktor om die ontwikkelingspad van die provinsie te verander.

'n Derde uitdaging vir dienslewering vir die WKOD in die implementering van die MKOS, is die toenemende afwesigheid onder leerders en opvoeders as gevolg van swak gesondheid, middelmisbruik (spesifiek 'tik' in die Wes-Kaap), en 'n toenemende voorkoms van geweld in skole, seksuele mishandeling, tienerswangerskap en MIV/VIGS – wat alles aangevuur word deur armoede en die onbillikhe van die verlede. Ten spyte van ekonomiese voordele, bly die Wes-Kaap die mees ongelyke en rasverdeelde provinsie. 'n Onvermoë om hierdie onbillikhe en verwante kwessies soos MIV/VIGS en skoolveiligheid te takel sal voortgaan om die bereiking van MKOS-doelwitte te strem en sal 'n aansienlike impak hê op die vermoë van leerders om hul volle potensiaal te bereik. Terwyl hierdie uitdagings toeneem (en die aantal weeskinders en kwesbare kinders toeneem), word die gehalte van onderrig en leer (en die bereiking van die provinsiale groei en ontwikkelingsdoelwitte van iKapa elihlumayo, met sy visie van 'n 'tuiste vir almal') toenemend bedreig. Die situasie vereis dat tradisionele onderrigrolle verander, met 'n toenemende aandrag dat opvoeders as versorgers optree, emosionele steun vir getraumatiseerde leerders gee, en hulle vanaf 'n vroeë ouderdom van oorlewingsvaardighede voorsien.

A.2.2 Die nasionale beleidsuitdagings

Effektiewe en betekenisvolle response op ongelykheid en lae vertrouensvlakke in die gehalte van onderwys vereis besliste aksies deur die regering en onderwys om leerderprestasie en toegang te verbeter. Vir die WKOD is die beleidsuitdaging die balansering van onderwysprioriteite oor al die diensleweringplatforms heen: vroeëkindertontwikkeling, algemene onderwys en opleiding, verdere onderwys en opleiding en basiese volwasseneonderwys en –opleiding. Gegee die konteks van die Provinsiale Groei en Ontwikkelingstrategie en sy prioritisering van vaardigheidsontwikkeling en die uitbreiding van die VKO-sektor, kan die WKOD in die versoeking kom om sy hulpbrontoekenning slegs op hierdie twee areas te fokus. Dit is egter krities dat 'n stewige ondersteuningsbasis vir die algemene onderwys- en opleidingsband behou word deur middel van inisiatiewe soos die geen-skoolgeld-skoolprogram, die onderwyserhulpprogram en die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP).

Huidige inisiatiewe fokus op die uitbreiding van hulpbronne aan skole en verdere onderwys- en opleidingsinstansies, en op die hantering van institusionele en bestuursuitdagings, naas kurrikulumhervorming.

Die instelling van 'geen-skoolgeld-skole' om vir almal toegang tot die skoolstelsel te verseker verteenwoordig belangrike vordering in hierdie verband, soos wat die geval is met die intensiewe pogings tot gehaltebevordering deur die voorsiening van hulpbronne, handboeke, lessenaars, water en sanitasie.

Kapasiteitsbou van opvoeders en prinsipale om onderrig- en leerprogramme by skole te ondersteun en bestuur is kernbelangrik vir die voortgesette verbetering van gehalte-onderwys. Opgradering van die bevoegdheid en professionele kwalifikasies van onderwysers is kritiek vir onderwys en menslikehulpbronontwikkeling oor die langer termyn. 'n Onderwyserontwikkelingsprogram is reeds van stapel gestuur. Dit is gerig op die opgradering van die kwalifikasies van huidige onderwysers om te voldoen aan die vereistes van die nuwe kurrikulum, veral wiskunde, geletterdheid en lewensoriëntering, sowel as leierskap en bestuursvaardighede van skoolprinsipale.

Die onderwyssektor is ook in lyn gebring met die nasionale prioriteite soos die VSIG-SA VOO-kolleges is 'n sleutelkomponent in die ooreengekome strategieë in hierdie verband. VOO-kolleges word vernuwe om tegniese en beroepsprogramme aan te bied ten einde te verseker dat leerders gedifferensieerde onderwysopsies het. Daar word ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n VOO-beurs- en studenteleningensprogram om toegang vir benadeelde studente tot beroepsonderwysgeleenthede te verbreed.

Die DvO beplan om 'n massageletterheidsprogram in 2007/08 te loods om die uitdagings van basiese geletterdheid, sowel 'n mensereg as 'n bydraer tot sosiale kohesie, die hoof te bied. Dit sal gedoen word in vennootskap met nieregierungsorganisasies, basiese volwasseneonderwys en -opleidingsentra en vrywilligers.

A.2.3 Die organisatoriese uitdagings

Die WKOD, as die grootste werkgewer in die Wes-Kaap Provinsiale Regering, bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, met die Lid van die Provinsiale Raad (LUR) verantwoordelik vir Onderwys aan die hoof, 'n provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinrigtings, insluitend openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, volwassene-gemeenskapsleersentra en VKO-leeromgewings.

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders *	938 056
Openbare gewone skole **	1 450
Skole vir leerders met spesiale behoeftes #	67
Inrigtings vir verdere onderwys en opleiding (tegniese kolleges)	6 (39 leer-omgewings)
Gemeenskapsleersentra vir volwassenes	112 (301 leeromgewings)
Gesubsidieerde preprimêre skole	446
Distrikskantore (OBOS'e)	7
Opvoeders (Posvoorsieningsmodel)	30 872
Openbare dienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 823

*2006: CEMIS Huidig (13 Oktober 2006) (Grade: Pregraad R tot Post-matriek)

** Inrigtings huidig (Alle openbare gewone skole, graad Pre-Gr R tot Post-matriek)

Bron – 2006-Kitsopname en 2006-Jaarlikse Skoleopname

1. Organisasoriese herontwerp

Die departement ondergaan tans 'n ingrypende organisatoriese herontwerp om te verseker dat dit die MKOS kan lewer. Die doel van die herontwerpproses is om –

- Institusionele kapasiteit te bou ter ondersteuning van iKapa elihumayo's se belangrikste strategieë, waarvan die MKOS die hoofstrategie is;
- Bevorder dienslewering;
- Versnel diensbillikheid; en
- Bereik die beoogde onderwysuitkomstes.

Die Herontwerpprojek word in vier fases geïmplementeer, nl.–

- Fase 1 het die begin van die projek en die beplanning van die herontwerpintervensie behels.
- Fase 2 het, in die lig van die MKOS, die ontleding van die huidige ontwerp van die WKOD behels asook die identifisering van areas vir verbetering ten einde te verseker dat die departement die doelwitte van die strategie kan bereik.
- Fase 3 het die eintlike organisatoriese herontwerp behels in lyn met die bevindings van die diepte-ontleding (ontwikkeling van 'n nuwe makro- en mikro-organisatoriese struktuur).
- Fase 4 behels die implementering van nuwe makro- en mikro-organisatoriese struktuur wat gedurende die 2007/08-finansiële jaar 'n aanvang sal neem, en dit sal die vul van poste op 'n Personeelplan-basis insluit.

Die Projek het tot dusver uitgebreide raadpleging op hoofkantoor- en distriksvlak behels, met verteenwoordigers van 'n aantal belangegroep, insluitend die hoof uitvoerende beamptes (HUB's) van VOO-kolleges, sowel as skoolprinsipale, opvoeders, leerders, SBL-Forums en georganiseerde arbeid betrokke by die departement.

Ingevolge die voorgestelde nuwe organisatoriese struktuur, sal die hoofkantoor onderverdeel word in vier vertakkinge, naamlik Strategie en Beplanning, Kurrikulumbestuur, Institusionele Ontwikkeling en Koördinerende en Korporatiewe Dienste. Ten einde bestuurs- en ontwikkelingsteun nader na skole te bring, sal die huidige 7 distrikskantore 8 word en sal daar 49 Kringspanne wees. Die voorgestelde nuwe makro-organogram van die Departement word in **Skedule 1** gereflekteer.

2. Diensbillikheidsplan (DB-Plan)

Die huidige 5-jaar-Diensbillikheidsplan van die WKOD nader tans die einde van sy termyn. Ten spyte van baie hindernisse, is daar bestendige vordering met die DB-plan en die verteenwoordigende DB-forum het hul toesighoudende verantwoordelijkheid nagekom. Die WKOD het voldoen aan al die voorskrifte van die Wet op Diensbillikheid en het die jaarlikse DB-verslag aan die Departement van Arbeid gestuur, soos vereis word. Die WKOD het ook 'n beleidsriglyn vir DB in onderwysinrigtings uitgereik en dit het tot opmerkbare vordering met veral vroueverteenwoordiging in skoolbestuurspanne gelei. Die volgende 5-jaar-DB-plan sal aan 'n raadplegende proses onderwerp word vir implementering in September 2007.

3. Diensleweringverbeteringsplan (DVP)

Die WKOD het sigself gedefinieer as 'n leerorganisasie met 'n verbintenis tot uitnemende dienslewering oor die volgende tien jaar. As 'n leerorganisasie, sal die WKOD 'n konstante proses van selfkritiek en hernuwing ondergaan deur te fokus op organisatoriese doeltreffendheid, die versterking van en fokus op distrikskapasiteit, die versterking van skooldoeltreffendheid en die dryf van steunstrategieë om verskeie aspekte van gehalte-onderwys in skole aan te pak.

Goeie vordering is gemaak met die ontwikkeling van 'n omvattende DVP. 'n Diensleweringshandves is ontwikkel en goedgekeur. 'n Implementeringsplan met tydskaal is ontwikkel en dit word beoog om die DVP aan die begin van die 2007/08-finansiële jaar te implementeer. Diensstandaarde per direktoraat sal vroeg in 2007 ontwikkel word, en 'n intensiewe steunwerwingsveldtog sal geloods word om algemene inkoop en bewustheid te verseker. Monitering- en evalueringstelsels, insluitend 'n klagtemeganisme onder bestuur van die Direktoraat: Gehalteversekering word tans vir implementering ontwikkel.

4. Menslikehulpbronplan (MHP)

Alhoewel die konsep-MH-Plan vir die WKOD vir 'n verlengde periode in ontwikkelingsfase is, is verskeie beleide, strategieë en instruksies rakende kwessies soos DB, werwing, MH-ontwikkeling, Prestasiebestuur en beplanning in plek ten einde effektiewe en volhoubare MH-bestuur te verseker. Die Departement van Openbare Diens en Administrasie (DODA) het onlangs 'n raamwerk vir MH-beplanning ontwikkel wat as templaatsal dien vir alle regeringsdepartemente om eenvormigheid ten opsigte van MH-beplanning in die Staatsdiens te verseker. Bestaande MH-beplanningsbeleid sal vergelyk en verder ontwikkel word tot 'n omvattende MH-plan vir die WKOD, binne die nuutontwikkelde raamwerkformaat. Dit word voorsien dat die konsep-amptelike MH-Plan vir die WKOD aan die begin van die 2007/08-finansiële jaar aan bestuur voorgelê sal word.

5. Werknemerswelsynplan (WWP)

Die WKOD het in 2004 aan die voorpunt gestaan van die instelling van 'n WW-Plan. Die WW-Plan is gaandeweg verder ontwikkel en uitgebreide steunwerwing gedoen. Die benuttingsyfer is tans op 'n vlak wat verwagtinge oorskry. Gereelde terugvoervergaderings word met die diensverskaffer gehou en statistiek en neigings is ontleed en met internasionale teikenstandaarde vergelyk. Goeie vordering is ook gemaak met die omvorming van die WW-Plan tot 'n meer omvattende Werknemersgesondheid- en welsynplan, in lyn met provinsiale, nasionale en internasionale ontwikkelings, om 'n meer omvattende diens aan sy werknemers te bied. Verskeie suksesvolle opedae is by die hoofkantoor asook by sommige OBOS'e gehou.

6. Werkplekvaardigheidsplan (WVPlan)

Gegee die grootte van die WKOD, is daar konstant toenemende aandrag op doeltreffende en bekwaame dienslewering terwyl die indiensontwikkeling van opvoeders in antwoord op nuwe en snelle ontwikkelings in onderwys, kennisbestuur en metodologie kritiek is.

Die verteenwoordigende Departementele Opleidingskomitee (DOK) van die WKOD bevestig konstant sy ernstige verbintenis tot volhoubare, aanspreeklike, effektiewe en billike vaardigheidsontwikkeling soos beoog in die Wet op Vaardigheidsontwikkeling en verwante wetgewing en beleid. Die WVP vir 2006/07 en die Jaarlikse Opleidingsverslag vir 2005/06 is behoorlik onderteken en by die Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyke (OOOP) SETA ingedien, soos vereis. Die DOK het 'n proses van stapel gestuur om 'n WVP vir die MTBR-periode daar te stel om verhoogde doeltreffendheid en volhoubaarheid van vaardigheidsontwikkeling en opleiding oor die medium termyn te verseker.

7. Monitering en evaluering

Die WKOD sal voortgaan om die prosesse en gereedskap wat bedoel is om die gehalte van onderwys in die provinsie te verbeter, versterk. Deur die Direkoraat: Gehalteversekering, koördineer die WKOD al die bestaande aanspreeklikheidstelsels, en het dit stelsels gevestig waar dit ontbreek het. In ooreenstemming met die regering se toenemende fokus op resultate en impak, is monitering- en evalueringstelsels op alle vlakke van die organisasie gevestig. Dit sluit in die verbeterde monitering en evaluering van projekte en intervensies – om hul impak en waarde te bepaal. Prestasie-evalueringstelsels (op individuele vlak) word versterk deur die groter gebruik van standarde gekoppel aan werkplanne. Die kongruensie tussen individuele planne en strategiese doelwitte kry ook toenemend aandag. Van elke skool word verwag om 'n Skoolverbeteringsplan (SVP) te ontwikkel.

Monitering en evaluering, met 'n fokus op bewyse, resultate en impak sal oor die volgende drie jaar gekonsolideer en verdiep word.

Gedurende 2006 het die eksterne Heelskoolevaluering (HSE) 'n positiewe uitwerking gehad op al die skole wat geëvalueer is. In elke daaropvolgende jaar sal die HSE-program uitgebrei word ten einde al die skole binne die kortste moontlike tyd te bereik.

Organisatoriese monitering en evaluering, insluitend die verifiëring van data, sal daarna streef om die impak van intervensies te bepaal.

A.3 Prestasies tot hede

1. Steunwerwing vir die MKOS

Sedert die goedkeuring van die MKOS in November 2005 en die daaropvolgende loodsing in Maart 2006, is afskrifte van die dokument gedruk en aan verskeie onderwys- en ander belanghebbende groeperinge gestuur, veral aan skole en potensiële ontwikkelingsvennote in die privaatsektor. Bykomende steunwerwingsmateriaal vir skole, 'n pamflet wat 'n beroep doen op menslike agentskap op skoolvlak, is versprei. Dit is aan alle skole versprei, vir elke opvoeder en nie-opvoederpersoneellid, in elk van die drie amptelike tale.

2. Verdere Ontwikkeling, Verfyning en Belyning van die MKOS

Die ontwikkeling van 'n reeks posisie- en besprekingsdokumente (altesaam 27) wat die verdere ontwikkeling van die MKOS in die provinsie sal rig, is in finale stadium. Sleutelaanbevelings in hierdie dokumente behels die noodsaak om strategiese prioriteite te hersien in lyn met die PGOS om te verseker dat die behoeftes aan vaardigheidsontwikkeling oor die kort en medium termyn deur die VOO-sektor geprioritiseer word, dat die begrip van kernaanswyers vir gehalte-onderwys onder die loep geneem en dan geprioritiseer word, en dat die leerplatform van die WKOD erkenning geniet vir die sleutelrol wat dit speel in die daarstelling van 'n basis vir verdere leer.

'n Konsep- strategiedokument vir skaars vaardighede is ontwikkel in lyn met die PGOS se tweedegenerasie-strategieë. Kommentaar oor die PGOS is by die Departement van die Premier ingedien, en die projekspan sal voortgaan om hierdie besprekingsdokumente op die PGOS te baseer as die grondslag vir groei en ontwikkeling in die provinsie.

Daar word tans gewerk aan 'n geïntegreerde bestuursplan en 'n operasionele raamwerk vir die MKOS, gebaseer op die vier sleutelpillare en prioriteitsgebiede vir intervensie gebaseer op die PGOS, VGGI-SA, die nasionale strategiese plan van die Departement van Onderwys, die doelwitte van Onderwys vir Almal en die Millenniumontwikkelingsdoelwitte. Binne hierdie raamwerk sal aanbevelings vir geïntegreerde beplanningsprosesse, rapportering oor vordering en voortdurende verfyning van die doelwitte en operasionele planne van Hoofkantoor en die OBOS'e voorgestel word.

3. Implementering van die MKOS

Die MKOS is vir die afgelope minstens 36 maande in 'n staat van implementering. Die volgende kan, onder andere, uitgelig word:

3.1 Omstandighede vir onderwys

- a) **Bouplanne vir die 12 fokusskole** is goedgekeur, en bouwerk aan agt skole het 'n aanvang geneem. Infrastruktuur, opgradering en opknapping van alle fokusskole vind tans plaas.
- b) 'n Bestuursplan vir die GVO-OOP is aangewys, en dit in sal in 2007 die koers en doeltreffendheid van die lewering van dienste en hulpbronne na skole in benadeelde areas bevorder en bydra tot die verbeterde bestuur van skole se hulpbronne.
- c) Nuwe **LOOM-lyste** is aan alle skole voorsien om die verbeterde bestelling, verkryging en lewering van LOOM aan skole in die 2007-skooljaar te fasiliteer. Verkryging van dienste by Hoofkantoor bly 'n probleem.

- d) Sterk **skoolbestuur** is krities om doeltreffende lewering van gehalte-onderwys moontlik te maak. Die MH-Direkoraat het 'n opleidingsprogram vir SBL'e en 'n gedragskode vir SBL'e opgestel, wat tans deur regslui onder oë geneem word.
- e) Die aantal skole wat **artikel 21-status** bekom het, het verhoog van die aanvanklike 409 (2000/01) tot 936 (2005/06), en werk/voorsiening van steun met die oorblywende 516 skole sal voortgesit word. Deurlopende bemerking van die artikel 21-status van skole lei tot die groei in getalle.

3.2 Verbetering van die onderwysomgewing

- a) Die sleutelprojek in hierdie verband is die een rakende **veiligheid by skole**. Die geïntegreerde veiligenskole-strategie is ontwikkel en is in finale konsepstadium. Dit is sorgvuldig gemoniteer deur die LUR, Cameron Dugmore. Hierdie projek word gedoen deur die samewerking van verskillende rolspelers binne die WKOD en is versterk deur deelname, betrokkenheid en 'n verbintenis deur ander provinsiale en nasionale departemente, insluitend Gemeenskapsveiligheid, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Justisie, Maatskaplike Ontwikkeling, ens. Die Veilige Skole-Sentrum is operasioneel en 50 skole is vir die voorsiening van veiligheidsinfrastruktuur geïdentifiseer.
- b) Die **leerdergedragstrategieprogram** is in alle OBOS'e geïmplementeer, personeel by OBOS'e is opgelei en gekapasiteer as fasiliteerders van **diversieontwikkelingsprogramme**. 5 skole (40 opvoeders) in Breede Rivier/Overberg is opgelei in 'n kursus wat responsvermoëns ontwikkel (*response ability pathways*-kursus), en 'n verdere 525 fasiliteerders is opgelei in 'n reeks diversieprogramme. Die beleid rakende minimum standaarde vir spesiale onderwysdienste aan skole vir leerders met emosionele en/of gedragsprobleme is as WKOD-beleid goedgekeur, en handleidings is ontwikkel en aan skole versprei.
- c) Betekenisvolle werk is binne die WKOD gedoen rondom die popularisering van die konsep **sosiale kapitaal**, en informele data oor verskillende aktiwiteite op OBOS-vlak is versamel ten einde 'n omvattende sosialekapitaalstrategie te ontwikkel. Die skole se gemeenskapsinisiatief in Augustus 2006, bekend gestel deur die LUR, was suksesvol. Die VLR-Forum is in Junie 2006 gestig as 'n sleutelfaset van die WKOD se bydrae tot die bou van sosiale kapitaal. Die pogings om 'n vereniging vir SBL'e te stig was egter nog nie suksesvol nie.
- d) Die Generasie van Leiers Ontdek (*The Generation of Leaders Discovered*) (GoLD), d.i. jong portuurgroep-opvoeders en diegene wat deur hulle onderrig word, is die ware rykdom van hierdie land, die MIV/VIGS-Portuur-onderwysprojek, wat ingeskryf is in samewerking met die NRO 'GoLD Peer Education Development Agency', het ook die internasionale Statebond se 'Goeie Praktyk in Onderwys'-toekening verower.

3.3 Verbetering van die gehalte van onderwys

Hierdie kwessie bly een wat konstant die onderwerp van bespreking is. Met die oog daarop om tot hierdie debat toe te tree en dit te beïnvloed het die WKOD se Direkoraat: Gehalteversekering 'n besprekingsdokument oor gehalte- openbare onderwys opgestel. Hierna het die MKOS-projekspan dit 'n stappie verder geneem en sal hulle met die Direkoraat: Gehalteversekering saamwerk aan die verfyning van hierdie besprekingsdokument. Die 16de Statebondskonferensie van Onderwysministers, wie onderwysgehalte as tema gehad het, sal help om die dokument te verfyn.

Die verbetering van die strategie in 2006/2007 het dus gefokus op die volgende:

- a) Van die 39 832 kandidate wat die volledige stel **Senior Sertifikaat-eksamens** in 2006 afgelê het, het 33 316 geslaag. Dit verteenwoordig 'n algehele slaagpersentasie van 83,7%, effens laer as die 84,4% van verlede jaar. 'n Addisionele 1 238 kandidate het egter die volle stel eksamenvraestelle afgelê en 'n addisionele 743 kandidate het geslaag. Hierdie toename in getalle, plus 'n redelik konsekwente algehele prestasie, voorspel goeie dinge vir die toekoms.
- b) Die **leerderopsporingstelsel** en die volledige toepassing van die CEMIS-stelsel was bedoel om teen 10 Desember 2006 operasioneel te wees. Die leerderopsporingstelsel is ontwikkel, geïmplementeer en is in werking in alle openbare gewone en OLSO-skole. 'n Tender vir verdere steun en opleiding van skole in die gebruik en opdatering van die data is geadverteer.
- c) Die **Geen-skoolgeld-beleid** is gedurende die loop van hierdie jaar geïmplementeer. 424 skole is uitgenooi om aansoek te doen om geen-skoolgeld-status, en 419 van hierdie skole het aansoek gedoen, wat met ingang van 1 Mei 2006 die las van skoolgeld vir ongeveer 150 000 leerders (15,1%) verlig het. 'n Toekening van R29 miljoen is in 2006/2007 voorsien, in 2007/08 sal dit tot R139 miljoen verhoog word en in 2008/09 verder tot R237 miljoen. Terwyl die toekening per kop sal toeneem vanaf die huidige R527 per leerder tot R554 in 2007 en daarna tot tussen R722 en R581 in 2008 afhangende binne watter armoedekwintiele skole val. 'n Verdere 233 skole (primêr en sekondêr) is geen-skoolgeld-status toegeken met ingang van 01 Januarie 2007.
- d) 'n Progressiewe toename in die aantal onderwysposte ('n addisionele 500 vir 2007), en die omskakeling van 458 ad hoc-onderwysposte na permanente poste sal beduidend bydra tot die verbetering van die onderwyser:leerder-verhouding wat krities is vir die lewering van gehalte-onderwys. Aan die begin van die 2007-kalenderjaar sal daar 30 872 onderwysposte wees. Daarbenewens is 50 wiskunde/wetenskap-onderwysers in die Dinaledi-skole aangestel (addisioneel tot die diensstaat), 21 addisionele onderwysers is in die verskillende Fokusskole aangestel om te help met die ontwikkeling van die Fokusskole-konsep, en 70 poste is aan die 7 distrikte toegeken vir 'n reeks ontwikkelingsintervensies in benadeelde skole, insluitend die verbetering van die prestasie van 34 onderpresterende hoërskole. Die onderwyserassistent-projek het 'n verdere 510 onderwyserassistentente in 163 skole aangestel. Hierdie onderwyserassistentente is deur VOO-kolleges opgelei.

- e) Toegewyde steunpersoneel by die OBOS sal voortgaan om steun te bied vir die **geletterdheid/gesyferdheidsstrategie** wat in 2006 amptelik geloods is ná uitgebreide konsultasie onder WKOD-rolspelers by hoofkantoor en op OBOS-vlak. As deel van die aanbieding van geletterdheid en gesyferdheid in die provinsie het alle graad 3- en graad 6-klasse 'n stel van 100 boeke ontvang om te lees, en alle graad 3- en 6-leerders het 'n wiskundehandboek. Monitoring van klaskamerpraktyk is geïnisieer maar weens uitdagings geopper deur onderwysersunies is dit eers teruggehou onderhewig aan 'n klaskamerbesoek-protokol waarvoor ooreengekom sal word. As deel van hierdie strategie, is die taal-in-onderwys-beleid, wat moedertaalonderrig vir die eerste drie jaar van skool aanmoedig, ontwikkel. In 2006 is dit na skole versprei en daarna verder gedebatteer by die Taal-in-Onderwys-colloquium wat in Julie 2006 gehou is.
- f) Voorbereiding vir die verdere implementering van die nuwe **VOO-kurrikulum** het relatief glad gevorder. Alhoewel middeljaar-graad 10-resultate aanvanklik 'n bron van kommer was, is uitgebreide steunprogramme en stelsels in skole geïmplementeer om te help om hierdie resultate te verbeter. Voorlopige verslae oor jaareind-slaagsyfers toon 'n slaagsyfer van 74%, met die Suid-Kaap/Karoo wat 'n verbetering toon op vorige jare. Addisionele opleiding van 9872 graad-11 VOO-onderwysers het in Junie plaasgevind, met langer opleidingsessies vir nuwer vakke insluitend landbou, dansstudies, tegnologievakke (insluitend CAT en IT).
- g) Die WKOD het aan die voorpunt gestaan van die gebruik van **IKT-tegnologieë in skole**, en sal voortgaan hiermee. Die Khanya-projek het 575 skole gehelp met die effektiewe gebruik van IKT-tegnologie, met 'n verdere 276 skole in verskillende stadia van voorbereiding. 22 271 rekenaars word in Khanya-skole gebruik, met tegnologie wat deur 14 993 opvoeders effektief gebruik word vir kurrikulumlewering en uitbreiding van toegang na 496207 leerders. Khanya word deurlopend erken as 'n vernuwende krag in skoolgebaseerde IKT-tegnologieë. Groei in breëband-konnektiwiteit vir skole en die voortgesette uitrol van IKT-infrastruktuur in skole sal deur CEMIS, Khanya en die Telekommunikasieprojek gehanteer word. Die Khanya-projek het ook nog 'n Goue Toekenning vir uitnemendheid van die *Impumelelo Innovations Award Trust* ontvang. Die Trust gee toekennings vir uitsonderlike projekte wat vennootskappe met die openbare sektor behels en die lewensgehalte van arm gemeenskappe op innoverende wyses verhoog. Die sitaat vir die toekenning lees as volg: "n Omvattende en veelfasettige benadering tot die onderwyservaring in klaskamers regoor die Wes-Kaap is die dryfkrag agter die installering van rekenaars in klaskamers in skole die afgelope vyf jaar. Rekenaars word nie in isolasie geïnstalleer nie, onderwysers ontvang opleiding, skole word voorsien van hoëspoed-Internettoegang en dit word van skole verwag om 'n 'vennootskaps-' benadering tot die projek aan te neem deur ten minste hul energie te gee om hul verbintenis te demonstreer. Die steun wat deur die gemeenskap gegee word het gelei tot 'n afname in die voorkoms van diefstal, aangesien gemeenskappe eienaarskap van die skole aanvaar het." Die Goue Impumelelo-toekenning is die 11de toekenning wat in die afgelope twee jaar aan die Khanya-projek toegeken is.
- h) Die invoer van die **NKV in graad 10 tot 12**, beginnende met graad 10 in 2006, het besonder goed verloop. 'n Wye reeks voorbereidende aktiwiteite het ingesluit 'n hoogs suksesvolle konferensie vir skoolprinsipale en ander skoolbestuurders. Onderwysers het goed gereageer op opleiding in die hersiene nasionale kurrikulum vir graad R tot 9. Voortgesette uitrol van die NKV in graad 7 – 9 is ondersteun deur vyfdaagse oriënteringsessies vir opvoeders. In 2006, het 2800 graad 8- en 9-opvoeders sodanige sessies bygewoon. GTA's vir graad 9 is na alle skole versprei en die voorsiening van handboeke aan graad 8- en 9-skole in die laer kwintiele word deur middel van die Inkxaso-projek voortgesit.
- i) Die voortgesette verbetering van **toegang tot graad R** en die gehalte van graad R-onderrig en leer is verseker met die invoer van 'n nuwe subsidiestelsel vir graad R-leerders en die verspreiding van nuwe onderrig- en leerstelle wat leerders help om aan die vereistes van die nuwe kurrikulum te voldoen. 'n Geïntegreerde Vroeëkindertontwikkelingsstrategie is deur die provinsiale wetgewer goedgekeur, en die Nasionale Geïntegreerde plan is in Oktober 2006 geloods. 'n Verdere 6 000 leerders ontvang 'n subsidie en dit bring die totaal op 31300 te staan. Ongeluk is baie leeromgewings maar traag om aansoek te doen om subsidies en hul Jaarlikse Kitsopnameresultate in te dien. Die WKOD het die subsidie vir graad R verdubbel van R3 tot R7 per kind per skooldag, en die WKOD sal die opleiding waarneem van 900 VKO-praktisyne wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geïdentifiseer is, as deel van 'n breër Uitgebreide Openbare Werke-Program (UOWP).
- j) Die WKOD het ses van die agt **toekennings vir uitnemendheid** gewen by die 2006- Premierstoekennings vir Uitnemendheid. 9 uit 13 projekte van die WKOD was onder die finaliste. 'n Breederivier/Overberg BVOO-projek het die top-toekenning gewen.
- Goud: Breederivier/Overberg-projek - 160 Dae Intervensie vir BVOO-sentrums
 - Silwer: Khanya-projek; en die WCED-Kliëntediens
 - Brons: SA Skole Koor-Eisteddfod-projek (SASKE); Kaapse Onderriginstituut; LSOB-Adviseursprojek (Spesiale Onderwys).
 - Ander WKOD-projekte wat onder die finaliste was, was die *Western Cape Movement Education Association*, die Onderwyserassistent-projek en die Kurrikulum IKT/KM-eenheid. Die *Gold Peer Education*-Projek, gesamentlik voorgelê deur die WKOD en die Departement van Gesondheid, was ook onder die finaliste.

3.4 Verbetering van toegang tot die wêreld van werk en skaars vaardighede

Die ontwikkeling van skaars vaardighede deur formele en nie-formele onderwys is 'n kernbelangrike deel van die MKOS. Die WKOD het in die lig hiervan die volgende inisiatiewe geloods:

- a) **50 Dinaledi-skole** is geïdentifiseer en word deurlopend ondersteun in die lewering van kurrikula wat sal fokus op die ontwikkeling van wiskunde, wetenskap en tegnologie in die provinsie. Hierdie skole ontvang steun in die vorm van wiskunde- en wetenskaptoerusting, 'n goed toegeruste rekenaarsentrum voorsien deur Khanya en verdere bestuurs- en onderwyseropleiding deur Khanya, winterskole vir graad 12-leerders in wiskunde en wetenskap, loopbaanvoorligting, ens. Al 50 skole het algemene eksamens geskryf en het goedkeuring ontvang om tutorskap in wiskunde vir klein groepe in te stel. Beduidende getalle opvoeders was betrokke by 'n wye reeks deurlopende professionele ontwikkelingsaktiwiteite.
- b) **21 Fokusskole** vir Ingenieurswese, Kuns en Kultuur, Sport en Sakebestuur is geïdentifiseer. Hierdie skole is voorsien van bykomende hulpbronsteun om hulle in staat te stel om hierdie doelwitte te verwesenlik. 'n Konferensie vir 100 afgevaardigdes van fokusskole is gehou. Terwyl daar bestendige vordering was met die vestiging en ontwikkeling van die fokusskole, het aanvanklike swak beplanning veroorsaak dat skole nie genoegsaam voorbereid was om besigheidsplanne te voltooi en te implementeer nie. Die projek is egter nou op dreef en hierdie skole sal groei toon.
- c) **Herkapitalisering van VOO-kolleges** toon suksesvolle vordering in die provinsie – dit sluit in 'n fokus op die instelling van nuwe kurrikula (in lyn met die eise van die MEOS en nasionale prioriteite), die hernuwing van infrastruktuur, bestekopname van personeel, ens. VOO-kolleges sal die ruggraat vorm van ons MKOS en die generering van skaars vaardighede in die provinsie.
- d) **Die VOO-kollege se Beurs/Leningskema** ter waarde van R25m sal behoeftige studente wat verder wil leer help om kritieke kwalifikasies te verwerf wat hulle in staat sal stel om toegang te verkry tot die wêreld van werk. Twee betalings is tot dusver aan VOO-kolleges betaal, met die begrotingsbesteding op 20%.
- e) **BVOO-voorsiening:** Die departement het 'n navorsingsprojek geïnisieer om die voorsiening van BVOO-dienste in die provinsie te ondersoek. 'n Konsepverslag van die lewensvatbaarheidstudie is in November 2006 aan die WKOD voorgelê.
- f) **Vaardigheidskole:** Ons is in die proses om twee nuwe vaardigheidskole te vestig om die Khayelitsha/ Mitchell's Plain-gebiede te diens.
- g) **Loopbaanvoorligting:** Graad 9-Lewensoriënteringopvoeders is opgelei en ondersteun met behulp van die PACE-program. Opleiding in Loopbaanvoorligting, in die gebruik van PACE, is gebied aan 171 onderwysers in graad 10, 11 en 12. Die graad 9-opvoeders aan die fokusskole is opgelei om leerders te help met vakpakketkeuses vir graad 10, en 'n verdere 37 graad 7-opvoeders is opgelei om leerders te help met voorligting en aansoeke na spesifieke fokusskole. Daarby word 'n loopbaanvoorligtingbeleid vir skole ook ontwikkel, en dit sal in 2007 na skole versprei word.

3.5 Ander fokusareas – sistemiese strategieë

- a) Die voorstel vir die **belyning van die organisatoriese struktuur van die WKOD** binne die prestasievereistes van die MKOS is deur die Kabinet goedgekeur.
- b) In lyn met die breër menslikehulpbronpraktyke, is die **dienstleweringshandves** deur Topbestuur goedgekeur, en tesame met 'n besigheidsplan vir die Dienstleweringverbeteringsprogram by die Hoof: Onderwys vir goedkeuring ingedien. Dit word voorsien dat die implementering van hierdie program in 2007 van stapel gestuur sal word met 'n proses waardeur elke direktoraat en OBOS sy dienstleweringstandaarde sal identifiseer.
- c) Die befondsing wat deur die **Werkplekvaardighedsplan** vir 2006/07 beskikbaar gemaak is, is aan direktorate en OBOS'e toegeken om hul eie werkplekprogramme te bestuur. Die WVP vir 2007/2008 sal vroeg in 2007 ontwikkel word sodat die befondsing vroeër toegeken kan word as wat hierdie jaar die geval was.
- d) Die **Onderwyseraansporingsstrategie** word steeds op nasionale vlak bespreek, en die KOH het 'n konseporeenkoms voorgestel en provinsies se insette is gevra oor die bestuur van landelike skole in hierdie program. Die WKOD het insette gelewer in hierdie proses.
- e) Alhoewel inligting beskikbaar is oor die beoogde **vaardigheds/kapasiteitsoudit van opvoeders se kwalifikasies**, is dit nie volledig nie en dit word voorgestel dat daar in 2007 oorweging geskenk word aan die opgradering van die PERSAL-stelsel as 'n instrument vir die insameling van hierdie inligting.
- f) Die Direkoraat: Gehalteversekering het 'n moniterings- en evalueringsraamwerk vir die MKOS opgestel, projekbestuurders in monitering en evaluering vir die MKOS opgelei, en sy eerste statusverslag oor die MKOS in November voltooi versprei. Daarbenewens was hulle 'n waardevolle bydraer tot die konseptualisering van 'n geïntegreerde bestuurs- en operasionele plan vir die MKOS.

A.4 Die pad vorentoe

A.4.1 Voorskoolse dienste

1. Voor graad R

VKO vir voor graad R word tans deur die WKOD voorsien, asook deur die provinsiale departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, en plaaslike regering, in 'n verskeidenheid leeromgewings. 'n Geïntegreerde leweringstrategie is ontwikkel.

Die WKOD help met die opleiding van versorgers sowel as die ontwikkeling van die toepaslike kurrikulum. Ter ondersteuning van die UOWP en om gehalte-onderwys vir die groep van geboorte tot 4½ jaar te bied, reël die WCED dat leerderskappe vir versorgers/praktisyns by die toepaslike opleidingsinstansies aangebied word.

2. Graad R in gemeenskapsleeromgewings

Die NKV sluit een jaar onderwys in voor toetrede tot graad 1. Dit is graad R, wat daarna streef om 5/6-jariges te voorsien van die nodige kennis voor geletterdheid en gesyferdheid sowel as lewensvaardighede vir die suksesvolle hantering van die formele skool.

Terwyl graad R nie as verpligte onderwys beskou word nie, vorm dit 'n integrale deel van die Grondslagfase van die NKV. Die WKOD het ten doel om teen die jaar 2010 universele toegang tot graad R aan alle 5/6-jariges in die Wes-Kaap te bied.

Ten einde hierdie doelwit te bereik, sal die departement vanaf 2007 voorsiening maak vir toereikende fondse vir 2 000 addisionele graad R-leerders per jaar teen 'n per capita-vlak van R2 400 per kind in gemeenskaps- en onafhanklike VKO-sentrums. Ongeveer 33% van die graad R-ouderdomsgroep sal in sodanige inrigtings geakkommodeer word.

Die opleiding van opvoeders tot 'n vlak wat sal verseker dat gehalte-onderwys plaasvind sal volgens die Leerderskapmodel gedoen word. SBL'e sal ook in leierskaps- en beheervaardighede opgelei word.

A.4.2 Skole

1. Graad R in skole

Ten einde universele toegang tot graad R teen 2010 te bereik, sal die WKOD vanaf 2007 toereikende fondse vir 4 000 addisionele graad R-leerders per jaar bied teen 'n per capita-vlak van R2 400 per kind in openbare skole. Ongeveer 66% van die graad R-ouderdomsgroep sal in sodanige klasse geakkommodeer word.

Die opleiding van opvoeders tot 'n vlak wat gehalte-onderwys sal verseker, sal volgens die Leerderskap-model gedoen word.

2. Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) (Graad 1 - 9)

AOO bied 'n stewige grondslag vir alle toekomstige onderwys en opleiding via gehalteprogramme wat spesifiek sal fokus op die ontwikkeling van hoëvlak- taal en wiskundige vaardighede.

Die WKOD se derde doel vir menslikehulpbronontwikkeling is om gehalteprogramme vir graad 1- tot 6-leerders aan te bied. Data van die 2001-Sensus en die WKOD-OBIS toon dat daar baie hoë inskrywingsyfers in die ouderdomsgroep 6 – 15 jaar is. Hierbenewens is die ouderdom-graad-korrelasie in die Wes-Kaap hoog.

Onlangse studies wat onder graad 3- en 6-leerders uitgevoer is, toon egter dat leerders in die Wes-Kaap nie die leerdoelwitte van die nasionale kurrikulum bereik nie en dus nie die vereiste basis vir menslikehulpbronontwikkeling ontvang nie. Die provinsiale toetsing wat in 2002 tot 2005 uitgevoer is, toon dat die resultate van hierdie toetse sterk met armoede korreleer. Om hierdie rede het die WKOD 'n spesiale fokus geplaas op die ontwikkeling van die lees- skryf- en wiskunde-vlakke van alle leerders in graad 1 – 6, veral arm leerders. Sedert 2006 is spesiale klem geplaas op die steun en monitering van lees-, skryf- en reken-uitkomstes van die nasionale kurrikulum in die primêre skool, veral in die Grondslagfase.

Die WKOD sal elke alternatiewe jaar voortgaan met provinsiewye toetsing aan die einde van die Grondslagfase en Intermediêre Fase, dit is graad 3 en 6. Graad 3-leerders is in 2006 getoets en graad 6-leerders sal in 2007 getoets word.

In Graad 7 - 9 bou die WKOD voort op die sterk basis wat in lees, skryf en reken gelê is. In hierdie grade is die fokus op agt leerareas wat leerders voorsien van algemene onderwys wat die basis vorm vir die keuse van en sukses in 'n meer gespesialiseerde studieveld.

3. Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (VOO) Graad 10 – 12

VOO is 'n spesialiseringfase. Dit is die eerste fase van die onderwysstelsel waar leerders keuses moet maak oor die vakke of programme wat hulle wil aanbied.

Die NKV word in graad 10 – 12 ingevoer (Graad 10 het in 2006 begin, met graad 11 in 2007 en graad 12 in 2008). Die aantal vakke wat in die kurrikulum van VOO-skole aangebied word, is heelwat verminder maar is meer gefokus en toepaslik. Die NKV-kwalifikasie is ook meer gefokus. Die departement is aktief besig om 'n proses van kurrikulumregstelling te dryf om te verseker dat alle distrikte die volledige reeks vakke kan aanbied. Dit verg sorgvuldige beplanning en sterk regstellende aksie.

Die kurrikulumregstellingsproses word ondersteun deur 'n sistemiese regstellingsprogram wat toerusting (veral rekenaars) en spesialisanderwysers aan benadeelde gebiede voorsien. Die WKOD het met hierdie regstelproses begin in die velde van wiskunde en wetenskap en ondersteun reeds 50 Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologieskole vir benadeelde leerders. Ander 'fokus'skole soos die Kuns en Kultuur-skole, is ook in die VOO-band ontwikkel.

Alle onderwysers van die VOO-fase ontvang opleiding in onderrig- en assesseringstrategieë. Daarby woon onderwysers ook kursusse by wat deur hoëronderrigings en ander vakkundiges aangebied word om hul kennis van vakinhoud op te gradeer soos vereis. Rekenaargeletterdheidsprogramme word voorsien aan daardie onderwysers wat dit vir hul onderrig nodig het.

Terwyl die onderwysstelsel vir die invoer van die nuwe kurrikulum voorberei, word terselfdertyd aandag geskenk aan die aantal leerders wat 'n Senior Sertifikaat verwerf. Daar is begin om teikens te stel vir die aantal leerders eerder as die persentasie wat die eksamens slaag. Dit is goed moontlik om 'n skool se slaagsyfer te laat styd deur eenvoudig net die aantal leerders te verminder. Hierdie praktyk moet ontmoedig word terwyl die voorsiening van geleentheid om op hoër vlakke van die skoolstelsel te studeer aangemoedig moet word. Dit is 'n belangrike oorweging wat nou verband hou met die konsep van die deurvoersyfer. Die WKOD het teikens gestel vir die verhoging van die aantal leerders wat die Senior Sertifikaat slaag met meer as 1000 per jaar vanaf 34 000 in 2003 tot 50 000 in 2014.

In 2006-senior-sertifikaat-eksamens het skole in die Wes-Kaap 'n slaagsyfer van 83,7% behaal. Hoewel hierdie slaagsyfer steeds bemoedigend bly, is dit belangrik dat ander aanduiders ook gebruik word om die uitslae te ontleed. Die belangrikste hiervan is die slaaggehalte. Matriek-endorsement word wyd aanvaar as 'n volmag vir gehalte omdat dit van die leerder verwag word om minstens vier vakke op die hoër graad te slaag. Die klein getalle endorsemente onder swart leerders van die vorige DOO en HG-slaagsyfers in Wiskunde en Wetenskap bly 'n belangrike bron van kommer. Die WKOD sal voortgaan om die prestasie te vier van skole wat hul inskrywingsgetalle behou of vergroot terwyl hulle hul endorsementgetalle verbeter.

4. Spesiale skole

Aandag word geskenk aan die rasionalisering van spesiale dienste ten einde die behoeftes van die WKOD te akkommodeer en die optimale benutting van die beskikbare hulpbronne te verseker. Tans kan toegang tot gespesialiseerde onderwyssteundienste slegs aan 'n klein persentasie kinders gebied word vergeleke met die enorme behoefte. Die huidige voorsiening in die spesialeskoolsektor is ontoereikend vir die toenemende eise van leerders wat gespesialiseerde onderwyssteundienste benodig, veral in die landelike gebiede. Die gebrek aan gespesialiseerde onderwysdienste vir leerders wat ernstige emosionele, gedrags- en sielkundige leerstoornisse ervaar verg dringende aandag van die verskillende belanghebbendes. Die behoefte aan meer vaardigheidskole spruit voort uit die groeiende aantal leerders wat wag om by hierdie soort skole geakkommodeer te word. Dit is dus noodsaaklik dat besteding op hierdie sektor oor die medium termyn verhoog word, alhoewel toereikende befondsing nie oor die kort termyn beskikbaar is nie.

A.4.3 VOO-kolleges

Hierdie sektor is kernbelangrik vir ons ontwikkelingsplanne, veral omdat dit ontwerp is om groter toegang vir studente te bied (deur sowel die ontwikkeling van toepaslike kursusse as die beskikbaarheid van finansiële steun). Die sektor het alreeds sy strategiese ontwikkelingsplanne gelewer, hul kursusaanbiedings is herstruktureer en hulle bied kursusse aan wat op die nuwe kurrikula gebaseer is en primêr steun op die navorsing wat vir die MEOS onderneem is. Daarbenewens help die herkapitaliseringsfondse, wat deur die DvO voorsien is, om kolleges in groter mate te laat beantwoord aan die ontwikkelingsbehoefte van die provinsie en die ekonomie. Deur noue samewerking met die SOOO's is die kolleges in staat om die leerderskap teikens wat deur die Departement van Arbeid op nasionale vlak gestel is, te bereik. 'n Kritieke aspek van die ontwikkeling van hierdie sektor is die vestiging van 'n VOO-Inligtingstelsel wat die departement in staat sal stel om die beweging en effektiwiteit van hierdie stelsel akkuraat te monitor. Die departement sal begin met die implementering van die Verdere Onderwys- en Opleiding-Bestuursinligtingstelsel in VOO-kolleges.

'n Bedrag van R227 miljoen in totaal word belê in die herkapitalisering van die VOO-kolleges in die periode 2006/07 tot 2008/09. Die departement en die ses VOO-kolleges opereer op 'n strategiese beplanningsbasis. Dit word van kolleges verwag om omgewingskandering en verwante navorsing te doen oor die menslikehulpbronontwikkelingsbehoefte van hulle bedieningsgebiede. Die departement doen eie ontledings en bevraagteken die planne van die kolleges aan die hand hiervan. Kolleges is uitstekend geposisioneer (gegee hul hulpbronne) om die vaardigheidsgapings van die Provinsie sowel as die strategiese nasionale prioriteite te vul.

Die herkapitaliseringsplanne van die ses kolleges word geïntegreer met die kollege se strategiese planne en ondersteun dus ten volle die program se nisareas soos deur die MEOS-proses geïdentifiseer. Op hierdie wyse word die soomlose integrasie van die doelwitte van herkapitalisering en menslikehulpbronontwikkelingsprioriteite van die Wes-Kaap bereik.

Die herkapitaliseringstoekenning fokus nie op die byvoeging van nuwe infrastruktuur nie, maar eerder op die opgradering en heruitleg van kolleges vir hul nuwe taak as VOO-kolleges. Dit gaan derhalwe essensieel oor die vervanging van oudmodiese masjinerie en toerusting. VOO-kolleges is geskep om die disfunksionele struktuur van Tegniese Kolleges wat baie was vir baie jare ondervoorsien was en in die apartheidera onderhewig was aan baie ongelyke investering. Daarbenewens maak hierdie investering nie voorsiening vir addisionele personeel nie – 'n kritieke tekortkoming in die huidige stelsel in die Wes-Kaap en 'n faktor wat groei ernstig belemmer. As gevolg van hierdie faktore kan geen (of weinige groei) in studentegetalle op hierdie stadium verwag word. Wat verwag kan word is 'n toename in die gehalte van menslikehulpbronontwikkeling en 'n beter korrelasie tussen onderwys en opleiding wat aangebied word en die sosio-ekonomiese behoeftes van die Provinsie.

A.4.4 Volwasseneonderwys en -opleiding

BVOO-lewering, insluitend kurrikulumlewering, beheer en bestuur, is in lyn met die vereistes van die provinsiale en nasionale inisiatiewe, bv. die MKOS en die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP).

Daar word voorsien dat 2 500 leerders jaarliks voordeel sal trek uit kurrikula in BVOO vlak 1 – 4 en verdere onderwys wat op vaardighede fokus, waardeur die noodsaaklikheid van lewenslange onderwys versterk sal word.

Verbrede toegang tot BVOO word verseker deur gestruktureerde Vlak 1-, 2- en 3- gemodulariseerde kurrikulumaanbiedings in sentrums en geteikende kapasiteitsbou en opleidingsintervensies vir sentrumbestuur- en beheerstrukture. Spesiale aandag sal geskenk word aan die keusevakke op BVOO Vlak 4, d.i. Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie.

Ongekwalfiseerde en ondergekwalfiseerde opvoederkwalifikasies sal verbeter word deur Leerderskappe in samewerking met die ETDP-SETA.

Die BVOO-sektor word hervorm om te verseker dat dit programme lewer wat tot voordeel sal strek van diegene wat om verskeie redes uit die onderwyssektor uitgesluit was. Die sektor en programme wat aangebied word, is gestroomlyn, terwyl Gemeenskapsleersentra (GLS'e) toegankliker gemaak word vir diegene wat van enige vorm van formele, basiese onderwys uitgesluit was.

Die retensie- en deurvoersyfer in beide basiese en verdere onderwys by volwassenesentrums sal verbeter word deur die aanbieding van meer toepaslike programme, verbeterde bestuur en beheer en verbeterde leweringmeganismes.

Meer leerders sal gelok word deur verbeterde bemarking in gemeenskappe deur verskillende media. Dit sal die belangrikheid en voordele van Volwasse Leer en belig en ten doel hê om die negatiewe konnotasies en stigma verbonde aan nie-geletterd wees afbreek.

Geakkrediteerde vaardigheidsprogramme met 'n fokus op werkplekleer, werkloses, vroue en landelike gebiede sal vanaf 2007 tot 2010 voortgaan om 'n hoeksteen te vorm vir kurrikulumlewering in BVOO-sentrums. Sodanige programme fokus op die sleutelindustriële in die Wes-Kaap, bv. Toerisme, Konstruksie, Vervaardiging en Handel. Programme sal aangebied word in samewerking met die SETA's en die Departement van Arbeid.

Bestaande vennootskappe met 8 provinsiale departemente sal behou word terwyl nuwe vennootskappe met ander provinsiale departemente en industrie aangegaan sal word.

'n Kritiese ondersoek van huidige lewering met aanbevelings oor hoe om BVOO-voorsiening lewensvatbaar te verbeter/verander is in 2006 onderneem. Dit is gedoen om te verseker dat GLS'e toegerus is om die uitkomstes van die MKOS te ondersteun. Die ondersoek het gefokus op die bestuur en beheer, operasionele ure van sentrums, voorsiening van hulpbronne, toepaslikheid van kurrikulum en die effektiwiteit van assesseringsbeleid. 'n Voorlopige lewensvatbaarheidstudie oor die implikasies van die ontwikkeling van 'n moontlike voltydse BVOO-sentrum is onderneem.

Geteikende opleiding vir sentrumbestuur, beheerliggame en opvoeders sal geskied om te verseker dat GLS'e op die uitdagings van 'n hervormde BVOO-sektor kan reageer.

DEEL B: SEKTOR-, PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

Deel B van hierdie Jaarlikse Prestasieplan bied planne en teikens vir die MTEF-periode 2007/08 tot 2009/10 vir die provinsiale onderwyssektor as 'n geheel in terme van individuele begrotingsprogramme en subprogramme. Sodoende bied die dokument ook 'n aansienlike mate van ontleding van vroeëre neigings en uitdagings, wat 'n invloed uitoefen op die planne en teikens wat hier uiteengesit word.

Afdeling B.0 dek die provinsiale sektor as 'n geheel, **Afdelings B.1 tot B.8** dek die agt standaard begrotingsprogramme waarin die onderwysprogramme geklassifiseer is en **Afdeling B.9** dek die kapitale beleggingsplanne.

'n Aantal statistiese tabelle en prestasiemaatreëls word deurgaans gebruik om die ontleding van die planne te struktureer.

- Die **kern- statistiese tabelle** dek beide finansiële en nie-finansiële data, en is gestandaardiseer vir die nege provinsies.
- Die **prestasiemaatreëls** is aanduiders met een waarde vir elke jaar, waar die waardes aandui hoe goed dienslewering in die afgelope jaar gevorder het, of hoe goed dienslewering na verwagte sal vorder in die komende jare, in ooreenstemming met die doelwitte van die Regering. Daar is 'n onderskeid tussen kern- en provinsie-spesifieke prestasiemaatreëls. Die kernprestasiemaatreëls word nasionaal bepaal en begin met die letter 'PM', terwyl die provinsie-spesifieke prestasiemaatreëls deur die provinsie bygevoeg word, en begin met die letter 'PPM'.

Bylae A lys die 39 kernprestasiemaatreëls (PM's) waarvoor nasionaal ooreengekom is. Vir elke prestasiemaatreël, word die nommer, die kort beskrywing en die langer beskrywing voorsien.

B.0 Die provinsiale onderwyssektor

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met die provinsiale onderwyssektor verband hou, en hul prestasiemaatreëls (▶):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<i>Toegang</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▲ Om te verseker dat die bevolking van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie skool bywoon. ▲ Om onderwys progressief beskikbaar te maak vir alle jeugdige en volwassenes bo die verpligte skoolgaande ouderdom. 	▶ PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon
<i>Billikheid</i>	▲ Om te verseker dat die armes oor die algemeen bevoordeel word in die openbare hulpbronvoorsiening in onderwys.	▶ PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomstes maksimaal bereik word in terme van toegang en gehalte, gegee die beskikbare onderwysbegrotings.	▶ PM004: Jare inset per VOOS-afgestudeerde
<i>Uitset</i>	▲ Om te verseker dat die uitset van afgestudeerdes van die onderwysstelsel in lyn is met ekonomiese en sosiale behoeftes.	▶ PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking
<i>Gehalte</i>	▲ Om 'n samelewing te bou wat geletterd is.	▶ PM006: Volwassenegeletterdheidsyfer

Ontleding van vordering

Die besteding op onderwys in die provinsie het sedert 2003/04 gestyg met gemiddeld 9,7 sent per jaar in nominale terme. Onderwys ontvang steeds die grootste deel van die beskikbare provinsiale befondsing met 37,1 persent van die 2007/08-provinsiale begroting wat aan onderwys toegewys word. Vir 2006/07 het hierdie deel 36,7 persent beloop.

Die aantal en kategorie van leerders is die belangrikste kostedrywers in die toekenning van die begroting vir die onderwysdepartement. Leerders val in ses breë befondingskategorieë: graad R, primêre skool, sekondêre skool, leerders met spesiale onderwysbehoefte, VOO-kollegeleerders en leerders aan volwassenesentrums.

Behalwe in die geval van graad R by gemeenskapsleerplekke en volwasseneleersentra, bestaan die befondsing van die onderwysinrigtings meestal uit die toekenning van personeel en die norme en standaard-befondsing. Grade R by

gemeenskapleerplekke en volwasseneleersentra ontvang betalings gebaseer op norme en standarde wat ook gebruik word vir die vergoeding van onderrig- en administratiewe personeel.

Verreweg die grootste deel van die begroting gaan aan die primêre- en sekondêreskoolstelsel insluitend skole vir LSOB. In die skoolstelsel word personeel regverdig toegeken in terme van die posvoorsieningsnorme wat gegrond is op die leerdergetalle, die klassifisering van armoedestatus van gemeenskappe, en die vakke wat aangebied word. Norme en standarde-befondsing word toegeken volgens nasionale armoedekwintiele met die armste kwintiel wat gemiddeld ses keer meer ontvang as dié wat die minste arm is.

Nie-voorwaardelike en nie-geoordeelde nie-personeeluitgawes verteenwoordig 13,1% van die totale besteding vir die 2007/08-finansiële jaar. Nie-personeelbesteding sluit in fondse vir norme en standarde-befondsing vir openbare gewone primêre en sekondêre skole, leerdervoerskemas, infrastruktuur sowel as vir oordragbetalings aan onafhanklike skole, openbare spesiale skole, VOO-kolleges, BVOO-sentrums en VKO-skole en leerplekke.

Kapitale besteding het afgeneem van 2,6% van die besteding in 2003/04 tot 2,2% van die beraamde besteding vir 2007/08. Dit sluit hoofsaaklik voorsiening in vir infrastruktuurprojekte sowel as vir rekenaars en toerusting vir die Khanya-projek. Die afname is toe te skryf aan die befondsing vir die versnelde kapitale infrastruktuurleerwingsprogram, wat in die 2005/06- en 2006/07-finansiële jare beskikbaar gemaak is uit die Batefinansieringsreserwe (BFR), wat in die komende jare beginnende 2007/08 van die departement se begroting verhaal sal word.

Program 2: Openbare gewoneskoolonderwys vorm steeds die hoofokus van die departement se befondsing. 80,8% van die begroting vir 2007/08 word aan hierdie program toegeken. Die hoofdienste onder hierdie Program is primêre- en sekondêreskoolonderwys by openbare gewone skole (insluitend infrastruktuur) die distriksbestuurs- en ontwikkelingssteun aan onderwysinrigtings, menslikehulpbronontwikkeling vir inrigtinggebaseerde personeel sowel as die voorwaardelike toekenning vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram. 57% van die Program se begroting word toegeken aan primêre skole en 38% aan sekondêre skole.

Programme wat aansienlike gegroei het vanaf 2003/04 tot 2007/08 is Program 7: Vroeëkindertwikkeling waar addisionele hulpbronne voorsien is vir die bevordering van deelname aan graad R sowel as vir die EPWP vir die opleiding van VKO-praktisyns by VKO-leerplekke sowel as om hulpbronnepakkette vir hierdie leerplekke te voorsien, Program 5: Verdere onderwys en opleiding, waar fondse voorsien is vir die herkapitalisering van VOO-kolleges en Program 8: Hulp- en verwante dienste waar fondse spesifiek voorsien is vir die verdere implementering van die MKOS in lyn met die provinsiale ontwikkelingsstrategie, iKapa elihlumayo.

In die afgelope vyf jaar was daar byna universele inskrywing in graad 1 in die Wes-Kaap en universele deelname word in die primêre skool voortgesit. Met ander woorde, die oorweldigende meerderheid van Wes-Kaapse kinders tussen ouderdom 7 en 14 is in die onderwysstelsel ingeskryf op min of meer die toepaslike graadvlak. Daar is egter 'n dramatiese daling in inskrywing na graad 8 en meer onlangs graad 10. Kwantitatiewe ontleding van die Wes-Kaapse skoolinskrywingsgetalle deur verskillende navorsers dui daarop dat slegs 45 – 52% van die leerders wat vir graad1 inskryf graad 12 bereik (Crouch, 2002; van Wyk, 2003).

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTORE – Sleutelneigings							
	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	2009/10		
	Werklike	Werklike	Beraamde	Beraamde	Beraamde	Beraamde		
INKOMSTE (R'000)								
Gelykmakende toekenning	5,596,033	6,292,822	6,705,146	7,394,980	8,252,859	9,160,349		
Voorwaardelike toekennings	84,714	143,683	257,012	224,003	231,527	167,348		
Skenkerfondse	0	0	0	0	0	0		
Ander	0	0	132,062	47,000	0	0		
Eie	9,962	12,739	21,641	18,675	12,819	12,819		
TOTAAL	5,690,709	6,449,244	7,115,861	7,684,658	8,497,205	9,340,516		
BETALING PER PROGRAM (R'000)								
1 Administrasie	215,094	237,493	292,471	338,540	411,774	433,049		
2 Openbare gewoneskoolonderwys (sien verdere verdeling hieronder)	4,772,661	5,348,558	5,796,342	6,209,951	6,837,404	7,593,938		
3 Subsidies aan onafhanklike skole	29,761	32,445	34,127	39,541	41,241	43,097		
4 Openbare spesialeskool-onderwys	345,224	366,447	386,040	410,446	434,604	459,355		
5 Verdere onderwys en opleiding	152,383	168,186	264,527	309,637	320,028	336,843		
6 Basiese Volwasseneonderwys en –opleiding	21,151	23,051	23,571	26,056	27,313	28,654		
7 Vroeëkindertwikkeling	60,135	74,477	107,397	153,039	214,782	225,204		
8 Hulp- en verwante dienste	94,300	198,587	211,386	197,448	210,059	220,376		
TOTAAL	5,690,709	6,449,244	7,115,861	7,684,658	8,497,205	9,340,516		
BETALINGS VIR OPENBARE GEWONESKOOLOUNDERWYS (R'000)								
2.1 Openbare primêre skole	2,722,031	2,981,194	3,246,205	3,542,307	3,884,667	4,283,379		
2.2 Openbare sekondêre skole	1,845,888	2,139,444	2,294,094	2,361,540	2,589,776	2,855,587		
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)								
Huidige betaling	5,072,967	5,493,589	6,156,220	6,698,375	7,634,222	8,433,888		
Kompensasie van werknemers	4,567,683	4,962,469	5,388,030	5,903,639	6,509,924	7,166,961		
Opvoeders	3,991,487	4,332,973	4,702,920	5,149,080	5,693,148	6,291,279		
Nie-opvoeders	576,196	629,496	685,110	754,559	816,776	875,682		
Goedere en dienste en ander huidige betalings	505,284	531,120	768,190	794,736	1,124,298	1,266,927		

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTORE – Sleutelneigings							
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde		
Oordragte en subsidies	436,448	629,145	651,486	779,521	714,440	746,678		
Betalings vir kapitale bates	181,294	326,510	308,155	206,762	148,543	159,950		
TOTAAL	5,690,709	6,449,244	7,115,861	7,684,658	8,497,205	9,340,516		
PERSONEELVOORSIENING								
Aantal opvoeders (in openbare diens)	29,943	30,257	30,753	30,872	30,872	30,872		
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	8,689	8,802	8,476	8,761	8,761	8,761		
INSKRYWING OP VERPLIGTE VLAK								
Leerders ouderdom 7 tot 14 in openbare gewone skole	620,685	621,250	592,057	598,013	600,362	619,289		
Leerders ouderdom 7 tot 14 in openbare spesiale skole	6,426	6,490	5,946	6,621	6,687	6,800		
Leerders ouderdom 7 tot 14 in onafhanklike skole	15,409	12,109	16,080	16,080	16,080	16,080		
TOTAAL	642,520	639,849	614,083	620,714	623,129	642,169		
INSKRYWING OP NA-VERPLIGTE VLAK								
Leerders ouderdom 15 tot 17 in openbare gewone skole	190,491	192,997	192,536	199,338	200,121	206,430		
Leerders ouderdom 15 tot 17 in openbare spesiale skole	7,049	7,401	6,499	8,160	8,568	8,700		
Leerders ouderdom 15 tot 17 in onafhanklike skole	4,986	4,314	4,825	4,825	4,825	4,825		
Studente ouderdom 15 tot 17 in VOO-kolleges			3,593	3,593	3,593	3,593		
TOTAAL	202,526	204,712	207,453	215,916	217,107	223,548		
BEVOLKING								
Bevolking ouderdom 7 tot 14	714,846	679,463	690,806	704,444	717,729	730,857		
Bevolking ouderdom 15 tot 17	240,871	247,265	250,644	256,755	262,603	267,905		
► PRESTASIEMAATREËLS								
► PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon	98.8%	98.4%	99.0%	99.1%	99.2%	99.3%		
► PM002: Persentasie jeugdiges bokant verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon	83.5%	84.7%	85.0%	85.2%	85.5%	85.7%		
► PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders	92.7%	104.8%	102.9%	102.9%	102.9%	102.9%		

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTORE – Sleutelneigings					
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde
► PM004: Jare insette per NKV-afgestudeerde	Provinsies kan nie tans die prestasiemaatreefs (PM) bereken nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie.					
► PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking	9.3	9.5	9.8	10.0	10.2	10.4
► PM006: Volwassene-geletterheidsyfer	94.0%	95.1%	95.2%	95.3%	95.4%	95.6%
<p>Let wel: Al die prestasiemaatreefs, behalwe vir PM003 en PM004, is gebaseer op data van die huishoudelike opname. Bronne: Provinsiale Begrotingsverklaring (2007) [2006/07 finansiële syfers is hersiene ramings]; PERSAL [2005- en 2006-werknemersyfers verwys na Julie en Februarie respektiewelik]; OBIS [2006-inskrywingsyfers is nie-finale ramings]; Bevolkingsyfers voorsien deur DvO. Die syfers van personeel in openbare diens in hierdie tabel en alle ander sleutelneigingstabelle reflekteer 'n telling van unieke werknemers op PERSAL, ongeag indiensnemingstatus (d.i. ongeag of permanent of tydelik) op 'n bepaalde punt in die jaar.</p> <p>Let wel: Die persentasies vir PM001 en PM002 is verkry van die 2004- en 2005- Algemene Huishoudelike Opnames en kan effens verskil van inskrywing oor bevolking wat elders gereflekteer word.</p>						

ST002	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR Ouderdomspesifieke inskrywingsyfers (2006)						
	2.1 Openbare primêre skole	2.2 Openbare sekondêre skole	3 Onafhanklike skole	4 Spesiale skole	5 VOO-kolleges (per inrigting)	Bevolking	Ouderdomspesifieke inskrywingsyfer
< Oud 6	512	0	157	190	0		
Oud 6	23 198	0	1 197	65	0	90,984	26.9
Oud 7	70 594	0	2 190	194	0	90,515	80.6
Oud 8	71 523	0	2 180	395	0	89,569	82.7
Oud 9	75 013	0	2 116	589	0	88,147	88.2
Oud 10	75 834	0	2 003	706	0	86,295	91.0
Oud 11	73 654	0	1 908	840	0	84,761	90.1
Oud 12	75 603	0	1 981	909	0	83,871	93.6
Oud 13	60 338	15 062	1 966	1 040	0	83,625	93.8
Oud 14	20 684	53 752	1 728	1 273	0	84,022	92.2
Oud 15	5 959	63 346	1 757	2 112	96	83,860	88.5
Oud 16	2 435	63 167	1 614	2 358	1 087	83,268	83.6
Oud 17	665	55 964	1 452	2 029	2 410	83,516	72.0
Oud 18	178	42 374	978	1 105	4 382	84,605	52.8
> Age 18	130	34 315	440	343	33 895		
TOTAL (ouderdom 6 to 18)	556,678	293,665	23,070	13,615	7,975	1,117,038	79.4

Bron: Jaarlikse Skole-opname 2006 (LSOB) & Onafhanklike Skole), CEMIS (13 Oktober 2006); 2005 Algemene Huishouding-opname

ST003	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR Hulpbronvoorsiening via die Posvoorsieningsnorme (2006)				
	Programme/Doel van poste	Poste PV1	Poste PV2	Poste PV3	Poste PV 4
Topsnit van poste voor model ingestel is	3,150	0	0	0	3,150
Poste versprei deur model	19,698	4,216	1,391	1,599	26,904
2. Openbare gewone skoolonderwys	17,990	3,827	1,198	1 450	24,465
2.1 Openbare primêre skole	10,859	2,245	679	1 099	14,882
Poste gekoppel aan skole	10,859	2,245	679	1 099	14,882
Poste nie aan skole gekoppel	0	0	0	0	0
2.2 Openbare sekondêre fase	7,131	1,582	519	351	9,583
Poste gekoppel aan skole	7,131	1,582	519	351	9,583
Poste nie aan skole gekoppel	0	0	0	0	0
4. Openbare spesialeskool-onderwys	1,180	222	77	70	1,549
5. Verdere Onderwys en Opleiding	528	167	116	79	890
TOTAAL	22,848	4,216	1,391	1,599	30,054

Notas: Poste wat aan topsnit onderwerp is voor die model toegepas word is poste toegeken aan kantore, BVOO en spesiale doeleindes bv. armoederegstelling, plaasvervangers, Kaap Onderriginstelling, ens., d.i. poste wat nie vir openbare gewone skole, openbare spesiale skole en VOO-kolleges toegeken is nie. Die bostaande syfers sluit poste uit wat vir bestuursdoeleindes geallokeer is

Bron: Posvoorsieningsmodel 2007

ST004		PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR							
		Investerings in vaardigheidsontwikkeling van personeel (2004/05)							
	Prog 1 Admin	Prog 2 POS	Prog 3 Onaf	Prog 4 Spes	Prog 5 VOO	Prog 6 BVOO	Prog 7 VKO	Totaal	
Besteding (duisend R)									
Opgeleides	5,711,040	2,925,865						8,636,905	
Opvoeders	5,067,768	2,925,240						7,993,008	
Opleiding in Kurrikulumverandering	3,032,539							3,032,539	
Ander indiensopleiding	1,888,023	2,925,240						4,813,263	
MIV/VIGS-opleiding	147,206	-						147,206	
Nie-opvoeders	643,272	625						643,897	
Let wel: Hierdie tabel reflekteer alle Departementele besteding op die vaardigheidsontwikkeling van Departementele personeel. Dit sluit die koste van opleiers in wat in die Departement se diens is. Dieselfde opvoeder kan twee keer getel word, indien byvoorbeeld, 'n opvoeder in die betrokke jaar kurrikulum- en MIV/VIGS-opleiding ondergaan het.									

B.1 Administrasie

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 1: Administrasie verband hou, en hul prestasiemaatreëls (▶):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<i>Doeltreffendheid</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▲ Om effektiewe bestuur op alle vlakke van die onderwysstel teweeg te bring. ▲ Om 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te realiseer. 	<ul style="list-style-type: none"> ▶ PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel implementeer ▶ PM102: Persentasie skole wat deur die departement elektronies bereik kan word ▶ PM103: Persentasie swart vroue in senior bestuursposisies ▶ PM104: Persentasie huidige besteding wat vir nie-personeelitems aangewend word

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om aanspreeklikheid op alle vlakke te bevorder, in lyn met die wetgewende mandaat

- Om koöperatiewe bestuur te bevorder.
- Om beleid en praktyk met die regering se strategiese doelwitte en die wetgewende mandaat te belyn.
- Om effektiewe evaluerings- en gehalteversekeringsstelsels te bevorder.
- Om 'n bewustheid van regte en verantwoordelikhede by alle rolspelers in onderwys aan te moedig, insluitend leerders, ouer, opvoeders, skoolbestuur, skoolbeheerliggaame en WKOD-amptenare op alle vlakke.
- Om 'n kultuur van onderrig en leer in skole en kolleges te vestig, sowel as 'n verbintenis tot lewenslange menslikehulpbronontwikkeling.
- Om 'n aktiewe rol te speel om in die breër behoeftes van die land te voldoen, en veral dringend en doelgerig op te tree rakende die kwessie van MIV/VIGS en lewensvaardighede.
- Om effektiewe bestuur op alle vlakke van die stelsel te bewerkstellig.

Om organisatoriese doeltreffendheid and bevoegdheid te bevorder.

- Om 'n kreatiewe en weerbare bestuurskader te ontwikkel.
- Om sterk beleidstelsels en kapasiteit binne die WKOD te bou.
- Om effektiewe kommunikasiestelsels te ontwerp vir toegang deur die onderwysgemeenskap (intern en ekstem).
- Om kapasiteit, diens en steun op distriksvlak te bou.
- Om Batho Pele-beginsels te implementeer.
- Om effektief te reageer op kliënte se behoeftes.
- Om effektiewe finansiële bestuurstelsels in plek te stel.
- Om optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslikehulpbronne regoor die stelsel te verseker.
- Om die optimale vloeï van leerders deur die stelsel te verseker.

Om die gehalteversekeringsbestuurstrategie van die WKOD te implementeer:

- Om gehalteversekeringsbestuur op alle vlakke van die organisasie te implementeer.
- Dit is verpligtend vir elke skool om 'n SVP met teikens te hê
- Om interne verifiëringsprosesse uit te voer
- Om verslag te lewer aan alle belanghebbendes, ens.

- **Sleutelprioriteite:**

Sleutelprioriteite sluit in -

- Implementering van die MKOS.
- Die implementering van fase 1 van die makrostruktuur van die herontwerpte WKOD, wat sal verseker dat die organisasie die MKOS ten beste kan implementeer en ook verteenwoordigend kan word van die mense van die Wes-Kaap.

- Verseker dat die leerderopsporingstelsel in werking is en begin met 'n Verdere Onderwys- en Opleiding-Bestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges.
- Bou van sosiale kapitaal binne die onderwyssektor deur middel van, onder andere, forums vir VLR'e SBL'e en afgetrede onderwysers sowel as ander koöperatiewe en vennootskapsgebaseerde inisiatiewe.
- Verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede om uiteindelik na 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie te beweeg.

Ontleding van vordering

• **Sosiale kapitaal**

Die WKOD het alreeds 'n reeks programme in plek wat bydra tot die ontwikkeling van sosiale kapitaal. Hoë vlakke van ervaring en kundigheid lê in mense opgesluit. Ten einde hierdie poel van kennis maksimaal te benut, word netwerke geskep om sodanige 'kapitaal' te deel en te versprei. Om voordeel te trek uit sodanige rykdom van menslike ervaring, is forums vir bespreking en probleemoplossing geskep, soos die SBL'e, VLR'e en Afgetrede Onderwysers –

- SBL'e van regoor die spektrum van gemeenskappe en die samelewing word bymekaar gebring om geraadpleeg te word oor kwessies wat skole en gemeenskappe in die gesig staar. Dit sluit in die Veilige Skole en die MIV/VIGS-lewensvaardighedsprogramme en die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NVP).
- VLR'e by skole word betrokke by kwessies rondom leierskap en geleentheid gebied om bestuurskwessies soos dissipline, konflikbeslegting en rolmodel skep te beïnvloed. Die ontmoeting met VLR-lede van skole bied die geleentheid om op distriks- en provinsiale vlak in interaksie te tree, en 'n provinsiale struktuur is op 15 Junie 2006 geloods.
- Die SBL'e en VLR'e word bemaagtig om saam te werk aan kwessies waarmee die skool en die gemeenskap gekonfronteer word. Die verbeterde koördinerende van sosiale kapitaalontwikkelingsprogramme en –projekte sal aandag geniet as deel van die WKOD se herontwerpproses.
- 'n Databasis van afgetrede onderwysers word saamgestel sodat belangrike kennis en kundigheid nie verlore is nie, maar beskikbaar gemaak word vir mentorskap en leiding in skole in die Wes-Kaap.
- Die ontwikkeling van strategiese vennootskappe op provinsiale en gemeenskapsvlak om inisiatiewe te bevorder soos die ontwikkeling van heelskoolonderwys (die konsep van gemeenskapskool), portuuronderwys (gesonde lewenstyl/voorkomingstrategie) en die bevordering van skole as plekke van sorg en steun.

• **Kaapse Onderriginstituut**

Die KOI het die jaarlikse opleidings- en ontwikkelingsprogram vir opvoeders in die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase sowel as die ontwikkeling van skoolbestuur en leierskap suksesvol gelewer. Assessering van die impak van opleidingsintervensies het die hoë vlak van doeltreffendheid van die intervensies in die klaskamer bevestig en ook areas vir verbetering en die behoefte aan bykomende steun geïdentifiseer. Die KOI het suksesvolle seminare en konferensies oor 'n reeks onderwerpe vir opvoeders gereël.

• **Beplanning van fisiese infrastruktuur**

Die goedgekeurde 2006-Infrastruktuurplan dui 'n agterstand van 104 nuwe skole aan waarvan 20 teen Februarie 2006 voltooi is, 13 tans onder konstruksie is, en 12 nog beplan word. Dus moet 59 skole nog aandag geniet. Dit word voorsien dat die 13 skole onder konstruksie en die 12 wat nog beplan word binne die volgende 5 jaar voltooi sal word.

Hierdie funksie is van kritieke belang vir die WKOD en sy belanghebbendes. Benewens die feit dat bouprojekte geïdentifiseer, geprioritiseer en beplan word vir tot 2014, is dit meer belangrik dat 'n Fisiese Infrastruktuurvoorsieningstrategie oorweging skenk aan nuwe skoolontwerpe, begin met die mobilisering van Openbare-Private Vennootskappe, (OOV's) om lewering van ons infrastrukturele behoeftes te versnel, en intervensie daarstel wat die benutting van die maksimum kapasiteit van bestaande strukture sal verseker. Toeganklikheid van geboue vir leerders, veral vir leerders wat beweeglikheidsprobleme ondervind of wat aan 'n rolstoel gekluister is, moet geïnkorporeer word in die beplanning van fisiese infrastruktuur deur opritte te bou. Dit sal belangrik wees om kleinerwerke-programme, bestuur deur die gemeenskap, (opgradering, rehabilitasie, versiering, ens.) by hul skole te inisieer. Die visie is dat sodanige programme gemeenskappe se eienaarskap van die skole kan bevorder en, belangriker nog, ekonomiese voordeel vir daardie gemeenskappe kan bied.

• **Leerderopsporingstelsels (CEMIS)**

'n Omvattende leerderopsporingstelsel is in 2006 in alle openbare skole in die Wes-Kaap ingestel. Hierdie opsporingstelsel het die inligtingsbasis van die provinsie verbeter en gelei tot verbeterde doeltreffendheid en beplanning om te verseker dat leerders nie verlore raak uit die sosiale stelsel nie. Dit maak ook die instelling van 'n leerderintervensie- en steunprogram moontlik.

- **Meesterstelselsplan (MSP)**

Met die MSP en die toegestane begroting as oorwegings, is baie van die toerusting wat buite die 3jaar-waarborgperiode geval en dus duur geword om te onderhou, vervang. Desnieteenstaande het die WKOD deur sorgvuldige gebruik van sy hulpbronne daarin geslaag om die gebruik van die meeste van die toerusting vir tot 5 jaar te behou. Daar is ook voorsiening gemaak vir bykomende toerusting vir nuwe personeellede.

'n Nuwe MSP word ontwikkel met behulp van die Hoofdirekoraat: e-Innovering (in die Departement van die Premier) en die Staats-IT-Agentskap (SITA). Hierdie MSP sal voorsiening maak vir die ontwikkeling van nuwe stelsels om onderwysvoorsiening in die provinsie te ondersteun, sowel as toerusting te vervang of aan te vul

- **Skole se Konnektiwiteitsprojek (Telekommunikasieprojek)**

97,8% van die openbare skole in die Wes-Kaap is aan die Internet gekoppel en het 'n geldige e-posadres. Dit beteken dat die WKOD in teorie elektronies met hierdie skole kan kommunikeer. In die praktyk, egter, en ongeag die feit dat alle skole 'n subsidie ontvang, laat sommige van hierdie skole na om hul ISP-subskripsies of Telkom-rekeninge te betaal en word hul dienste opgeskort. Van die ander is 2,2% (wat 30 skole verteenwoordig) in ondergedienste gebiede en nie ingesluit in Telkom se uitrolplanninge. Hieraan sal in die 2007/08-finansiële jaar aandag geskenk word wanneer ander konnektiwiteitsopsies deur die selfoon of verskaffers van koordlose stelsels ondersoek sal word.

'n Nasionale onderwysnetwerk (EduNet) wat deur middel van hoë bandwydte gratis konnektiwiteit aan openbare onderwysinrigtings kan lewer, word beplan as deel van die nasionale Witskrif op e-Onderwys. Gesprekvoering met 'n aantal rolspelers (insluitend SITA, die DvO en die Meraka Instituut by die CSIR) is in 'n gevorderde stadium.

- **Kommunikasie**

Effektiewe kommunikasie speel 'n sleutelrol om te verseker dat die WKOD sy strategiese doelwitte bereik. Die departement moet verseker dat sy kommunikasiefunksies goed gekoördineer word, effektief bestuur word en aan uiteenlopende behoeftes beantwoord.

Die WKOD moet sy kapasiteit om effektief op alle vlakke te kommunikeer, insluitende sy kapasiteit vir korporatiewe kommunikasie, handhaaf en verbeter. Korporatiewe kommunikasiefunksies sluit in mediaskakeling, uitvoerende steun, publikasies, die WKOD-webtuiste, steun met geleentheidsbestuur, handelsmerkbestuur, advertering en kliëntediens.

- **Verskaffersketting-bestuur**

Artikel 217 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) maak voorsiening daarvoor dat wanneer 'n staatsorgaan in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer, of enige ander instelling geïdentifiseer in die nasionale wetgewing, kontrakte vir goedere en dienste uitbring, dit so gedoen moet word dat dit billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief is.

Die WKOD het die volgende maatreëls in plek om gereeld sy huidige Rekenkundige beaamptestelsel te updateer om dit in lyn te bring met die huidige Nasionale Tesourie-instruksies, en om te verseker dat dit in die departement toegepas word -

- Die WKOD se Rekenkundigebeaampte-stelsel word updateer wanneer omstandighede dui op die noodsaak om sy bepalings te hersien. Dit is veral so wanneer nuwe instruksies, in die vorm van Tesourie-instruksies of Praktyknotas vir verskaffersketting-bestuur wat deur die Nasionale en Provinsiale Tesourie uitgereik word.
- Die wysigings tot die Rekenkundigebeaampte-stelsel word by die Departementele Bodkomitee vir aanbeveling ingedien voordat dit aan die Rekenkundige Beampte vir goedkeuring voorgelê word.
- Verskaffersketting-bestuursfunksionarisse en die Senior Bestuur word ingelig oor die wysigings om te verseker dat aan voorskrifte voldoen word.

- **Ouditverslag**

Die Ouditeur-Generaal kon nie vir die 2005/06-finansiële jaar 'n opinie uitspreek oor die finansiële state nie vanweë sekere kwessies. Daar was ook ander kwessies wat in die verloop van die auditproses deur die Ouditeur-Generaal (OG) geïdentifiseer is. Die kwessies hieronder is egter die mees kritieke aangesien die OG bevind het dat die aard daarvan beduidend genoeg was om nie daarvoor 'n opinie uit te spreek nie. (Afstand) –

- Kompensasie van werknemers
- Staatsbehuisingswaarborgs
- Bepaling van die akkuraatheid van departementele besteding
- Ondersteunende dokumentasie vir afwagrekeninge.

Ten einde die bevindinge van die Ouditverslag te hanteer en in 'n poging om alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede drasties te verbeter in die rigting van 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie, het die departement –

- 'n Ouditmoniteringskomitee gestig
- Die Prestasieooreenkomste van Programbestuurders gewysig
- Spesifiek opgetree met betrekking tot die gekwalifiseerde items, beklemtoonde items, en die waarde vir geldouditte.

Ter voorbereiding van die 2006/07-oudit, het die departement in gesprek getree met die Provinsiale Ouditeur-Generaal en die Provinsiale Tesourie oor die probleemareas wat uit die 2005/06-Ouditverslag geblyk het.

Ontleding van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die integrasie van die verskillende gehalteversekerings- en aanspreeklikheidsmaatreëls wat ingevoer is, is 'n gewigtige uitdaging vir die WKOD. Dit is belangrik om te verseker dat hierdie maatreëls tot verbeterde onderrig en leer lei en nie as 'n doel opsigself beskou word nie.

Die WKOD is onderhewig aan 'n wyer verskeidenheid moniterings-, evaluerings- en aanspreeklikheidsprosesse. Dit sluit die volgende in:

- Ouditering van finansiële bestuursprosesse op 'n jaarlikse basis, deur die kantoor van die provinsiale Ouditeur-Generaal. Die departement moet verbeter op die gehalte van sy finansiële bestuur ten einde 'n ongekwalifiseerde ouditverslag te verseker;
- Verskynings by gereelde sessies met die Onderwysportefeuljekomitee en die Staande Komitee vir Openbare Rekeninge in die Provinsiale Parlement;
- Gereelde vergaderings (of inligtingsbesoeke) saam met onderwysbelanghebbendes by die LUR en die Superintendent-Generaal om inligting te deel oor die jongste ontwikkelings in onderwys, of bloot op die hoogte gebring te word van probleme wat deur opvoeders en skoolbestuurders ondervind word;
- Die WKOD is reeds onder die verpligting om 'n jaarlikse verslag van sy aktiwiteite aan die Wetgewer voor te lê. Die Jaarlikse Verslag-dokument kan deur die breë publiek bekom word en laat die onderwysgemeenskap toe om die suksesse of mislukkings van die departement in terme van sy wetgewende en beleidsmandate en sy strategiese planne te monitor; en
- Deurlopende monitering en evaluering deur die Gehalteversekeringsfunksie in die departement.

Deurlopende intervensies rakende die opleiding van lede van skoolbestuurspanne sluit in die bestuur van die kurrikulum, aanmoeding van positiewe leerdergedrag, vroue in leierskap, beleidsbestuur, inklusiewe onderwys, die holistiese bestuur van MIV/VIGS en ander psigo-sosiale ontwikkelingsuitdagings wat skoolgemeenskappe in die gesig staar, die jongste wysigings aan wette en getekende resolusies.

ST101	ADMINISTRASIE – Sleutelneigings							
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde		
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)								
1.1 Kantoor van die LUR	3,182	3,151	3,698	3,541	3,748	3,961		
1.2 Korporatiewe dienste	98,044	99,898	142,245	172,411	211,770	222,778		
1.3 Onderwysbestuur	101,993	114,429	118,833	132,759	146,663	154,404		
1.4 Menslikehulpbronontwikkeling	9,093	9,309	12,218	14,702	15,375	16,102		
1.5 Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)	2,782	10,706	15,477	15,127	34,218	35,804		
TOTAAL	215,094	237,493	292,471	338,540	411,774	433,049		
BETALING PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)								
Huidige betaling	171,113	210,362	266,069	317,527	389,848	410,137		
Kompensasie van werknemers	115,930	123,673	137,758	161,979	182,415	193,366		
Opvoeders	24,046	25,652	28,571	35,291	39,632	42,015		
Nie-opvoeders	91,884	98,021	109,187	126,688	142,783	151,351		
Goedere en dienste en ander huidige	55,183	86,689	128,311	155,548	207,433	216,771		
Oordragte en subsidies	21,094	13,835	13,945	14,674	15,314	16,003		
Betaling vir kapitale bates	22,887	13,296	12,457	6,339	6,612	6,909		
TOTAAL	215,094	237,493	292,471	338,540	411,774	433,049		
PERSONEELVOORSIENING								
Aantal opvoeders (in openbare diens)	109	109	120	120	120	120		
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	693	767	737	737	737	737		
STATISTIEK OOR ADMINISTRATIEWE STELSELS								
Aantal skole met SABS (a)	1 447	1,460	1,450	1,450	1,450	1,450		
Aantal skole met e-pos	Geen historiese data beskikbaar nie	1,380	1,420	1,440	1,450	1,450		

ST101	ADMINISTRASIE – Sleutelneigings									
		2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	2009/10			
		Werklike	Werklike	Beraamde	Beraamde	Beraamde	Beraamde			
▶ PRESTASIEMAATREËLS										
▶ PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie en Bestuurstelsel implementeer		100%	100%	100%	100%	100%	100%			100%
▶ PM102: Persentasie skole wat elektronies gekontak kan word deur die departement		Geen historiese data beskikbaar nie	95.0%	97.9%	99.3%	100%	100%			100%
▶ PM103: Persentasie swart vroue in senior bestuursposisies (SBP)		8,8%	8,8%	12,5%	20,0%	25,0%	30,0%			
▶ PM104: Persentasie huidige besteding op nie-personeel-items		17,1%	19,0%	20,9%	21,1%	22,0%	21,9%			

ST102	ADMINISTRASIE – Besteding per item (2005/06) R'000									
	1 Admin	2 POS	3 Onaf	4 Spes	5 VOO	6 BVOO	7 VKO	8 Hulp	Totaal	
Huidige betalings	210,362	4,734,420	-	294,556	133,539	5,850	44,764	70,099	5,493,589	
Kompensasie van werknemers	123,673	4,326,839	-	291,577	133,539	5,432	43,829	37,581	4,962,470	
KS-opvoeders	25,652	3,903,115	-	225,013	110,619	4,569	43,829	20,180	4,332,977	
Salarisse en lone	22,574	3,395,710	-	194,861	97,345	4,414	37,342	18,949	3,771,195	
Maatskaplike bydraes	3,078	507,405	-	30,152	13,274	155	6,487	1,231	561,782	
Nie-opvoeders	98,021	423,724	-	66,564	22,920	863	-	17,401	629,493	
Salarisse en lone	86,258	368,640	-	57,644	20,170	834	-	16,340	549,886	
Maatskaplike bydraes	11,763	55,084	-	8,920	2,750	29	-	1,061	79,607	
Goedere en dienste	80,899	407,581	-	2,979	-	418	935	32,518	525,330	
Inventaris	5,476	185,218	-	-	-	13	-	4,038	194,745	
Leerondersteuningsmateriaal	1,495	145,796	-	-	-	-	-	48	147,339	
Skryfbehoeftes en drukwerk	3,809	2,737	-	-	-	13	-	3,990	10,549	
Ander	172	36,685	-	-	-	-	-	-	36,857	
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	25,501	2,663	-	-	-	-	-	2,907	31,091	
Toerusting minder as R5, 000	2,232	9,156	-	-	-	-	-	371	11,759	
Onderhoud van geboue	6,916	75,288	-	1,053	-	-	-	-	83,257	
Bestaande huurooreenkomste	1,630	1,916	-	-	-	-	-	6,526	10,072	
Leerdervvoer	-	95,137	-	-	-	-	-	-	95,137	
Ander goedere en dienste	39,144	38,183	-	1,926	-	405	935	18,676	99,269	
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Rente	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Finansiële transaksies in bates en laste	5,790	-	-	-	-	-	-	-	5,790	
Ongemagtigde besteding	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Oordragte en subsidies	13,835	343,095	32,445	71,735	34,648	17,201	29,713	118,928	661,589	
Munisipaliteite	299	11,303	-	744	335	14	111	51	12,857	
Departementele agentskappe en rekeninge	-	-	-	-	-	-	-	3,306	3,306	

ST102	ADMINISTRASIE – Besteding per item (2005/06) (vervolg)									
	1 Admin	2 POS	3 Onaf	4 Spes	5 VOO	6 BVOO	7 VKO	8 Hulp	Totaal	
Nie-wins-inrigtings	11,445	312,849	32,445	69,868	33,902	17,187	29,494	113,761	620,951	
Artikel 21-skole	-	200,295	-	-	-	-	-	-	200,295	
LOOM	-	177,426	-	-	-	-	-	-	177,426	
Nutsartikels	-	15,836	-	-	-	-	-	-	15,836	
Onderhoud	-	7,033	-	-	-	-	-	-	7,033	
Diens gelewer	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Ander onderwysinrigtings	11,445	112,554	32,445	69,868	33,902	17,187	29,494	113,761	420,656	
Huishoudings	2,091	18,933	-	1,123	410	-	108	1,810	24,475	
Betalings vir kapitale bates	13,296	271,053	-	156	-	-	-	9,560	294,065	
Geboue en ander vaste strukture	10,722	270,503	-	156	-	-	-	-	281,386	
Geboue	-	270,508-	-	156	-	-	-	-	270,664	
Hostelle	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Nuwe skole	-	215,504	-	-	-	-	-	-	215,504	
Addisionele klaskamers	-	19,180	-	17	-	-	-	-	19,197	
Ander byvoegings	-	35,824	-	139	-	-	-	-	35,963	
Ander	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Masjinerie en toerusting	10,722	545	-	-	-	-	-	9,560	30,325	
Vervoertoerusting	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Ander masjinerie en toerusting	10,722	545	-	-	-	-	-	9,058	20,325	
Programmatuur en ander nie-tasbare bates	2,574	-	-	-	-	-	-	502	3,076	
GROOTTOTAAL	237,493	5,348,558	32,445	366,447	168,186	23,051	74,477	198,587	6,449,244	

B.2 Openbare gewoneskoolonderwys

Die volgende is die meebare doelwitte (▲) wat met Program 2 verband hou, en hul prestasiemaatreëls (▶):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<i>Toegang</i>	▲ Om toegang in die openbare gewoneskoolstelsel te verleen ingevolge beleid.	▶ PM201: Persentasie leerders wat deur die voedingsprogram gedek word ▶ PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole
<i>Toereikendheid</i>	▲ Om die basiese infrastruktuur vir openbare gewoneskoolonderwys daar te stel ingevolge beleid.	▶ PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening ▶ PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit ▶ PM205: Persentasie skole met 'n toereikende aantal funksionele toilette ▶ PM206: Besteding op persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur
	▲ Om toereikende menslikehulpbronne in openbare gewone skole te voorsien.	▶ PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas
	▲ Om toereikende leerderonderwyserondersteuningsmateriaal (LOOM) aan openbare gewone skole te voorsien.	▶ PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal gelewer op dag een van die skooljaar
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om doeltreffende en bevoegde selfbestuur in openbare gewone skole te bewerkstellig. ▲ Om 'n kultuur van effektiewe leer en onderrig in openbare gewone skole te kweek.	▶ PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status ▶ PM210: Persentasie werkdag verloor weens opvoederafwesigheid in openbare gewone skole ▶ PM211: Persentasie leerderdag verloor weens leerderafwesigheid in openbare gewone skole

Die volgende is van toepassing op subprogram 2.1, openbare primêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<i>Billikheid</i>	▲ Om die gaping tussen die onderwysuitkomstes van die histories bevoorreedes en benadeeldes in openbare gewone skole uit te wis.	▶ PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoorreedes tot die mees bevoorreedes skole met betrekking tot graad 3
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om te verseker dat die progressie van leerders deur openbare gewone skole optimaal is.	▶ PM213: Herhaalsyfer in graad 1 tot 7
<i>Gehalte</i>	▲ Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes onder leerders in openbare gewone skole te bereik.	▶ PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid bereik ▶ PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in wiskunde, geletterdheid en natuur- en skeikunde bereik

Die volgende is van toepassing op subprogram 2.2, openbare sekondêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
<i>Billikheid</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe leerders in openbare sekondêre skole te bevorder. ▲ Om die gaping tussen opvoedkundige uitkomstes van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare sekondêre skole uit te wis. 	<ul style="list-style-type: none"> ▶ PM216: Persentasie meisieleerders wat wiskunde en wetenskap in graad 10 – 12 aanbied ▶ PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeeld skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer
<i>Doeltreffendheid</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▲ Om te verseker dat die progressie van leerders deur openbare sekondêre skole optimaal is. 	<ul style="list-style-type: none"> ▶ PM218: Herhaalsyfer in graad 8 – 12
<i>Uitset</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▲ Om te verseker dat 'n toereikende proporsie van die bevolking graad 12 bereik, veral met betrekking tot sukses in wiskunde en wetenskap. 	<ul style="list-style-type: none"> ▶ PM219: Slaagsyfer in graad 12-eksamens ▶ PM220: Slaagsyfer in graad 12 in wiskunde- en wetenskapeksamens ▶ PPM201: Endossementsyfer in graad 12-eksamens ▶ PPM202: Slaagsyfer in graad 12 vir wiskunde en wetenskap ▶ PPM203: Aantal skole wat minder as 60% in graad 12 behaal
<i>Gehalte</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▲ Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes onder leerders in openbare sekondêre skole te bereik. 	<ul style="list-style-type: none"> ▶ PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes in alle leerareas behaal

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om toegang tot gehalte-onderwys vir alle kinders wat in die provinsie woon te verseker

- Om leerderakkommodasie in openbare gewone skole te voorsien ingevolge beleid
- Om die basiese infrastruktuur vir openbare gewone skole te voorsien ingevolge beleid
- Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter
- Om toepaslike en gestruktureerde opleiding in die NKV aan onderwysers te voorsien
- Om leerderprestasie in gesyferdheid en geletterdheid te verbeter
- Om doeltreffendheid in die onderwysstelsel te verbeter en om die progressiesyfer van leerders en die gehalte van onderwys as geheel oor tyd te verbeter
- Om doeltreffende en inklusiewe onderwys en steun vir leerders met leerstoornisse te voorsien
- Om vervoer- en hostelfasiliteite vir behoeftige leerders te voorsien
- Om 'n Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) te voorsien
- Om skooldisipline in die herbesitname van skoolomgewings te herstel

Om doeltreffende e-Leer in skole te verseker

- Om infrastruktuur vir Inligtings- en Kommunikasietegnologie vir alle skole te versnel
- Om kurrikulumlewering te verseker deur die gebruik van IKT waar toepaslik
- Om die ontwikkeling en bestuur van digitale inhoud te verseker
- Om te verseker dat opvoeders opgelei word in die gebruik van IKT's om hul onderrigprogramme te ondersteun

Om veilige institusionele omgewings wat vir doeltreffende onderrig en leer benodig word te verseker

- Om 'n veilige skoolomgewing te verseker in vennootskap met gemeenskappe en ander regeringsdepartemente
- Om omstandighede van fisiese degradering van leeromgewings te beëindig
- Om begrip van sosiale omstandighede in die provinsie en die invloed daarvan op skole te bevorder

Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leeromgewings en steunstrukture te verseker

- Om steun vir bestuur en beheer en ontwikkeling nader aan skole te bring deur die werk van die distrikskantore en ander professionele dienste
- Om 'n optimale en billike verspreiding van die finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te bereik
- Om die kennis en vaardighede van skoolprinsipale deur geteikende opleiding en steun te verbeter.
- Om die kennis en vaardighede van skoolbeheerliggame deur geteikende opleiding en steun te verbeter.
- Om die bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter.
- Om finansiële bestuur en gehalte op alle vlakke te bevorder in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk.
- Om professionele steun aan alle openbare gewone skole te bied

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te voorsien

- Om opvoeders vir openbare gewone primêre en sekondêre fases te voorsien ingevolge beleid
- Om te verseker dat die provinsie toereikende getalle toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem
- Om pogings te ondersteun om studentonderwysers vir voordienopleidingsinrigtings te werf
- Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps te ontwikkel deur middel van deurlopende professionele steun
- Om die potensiaal van media en tegnologie-onderwys (e-Onderwys en IKT) te ontwikkel en sodoende onderrig en leer te bevorder en kurrikulumondersteuning te bied
- Om opvoeders toe te rus en om doeltreffende kurrikulumontwikkeling, -lewering en -ondersteuning te verseker
- Om gefokusde onderwyserontwikkelingsprogramme deur die Kaapse Onderriginstituut te loods
- Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te bied, veral met betrekking tot vroeë identifisering, assessering en hantering van leerediversiteit en leerders wat leerstoornisse in die klaskamer ervaar.
- Om die minimum standaard vir spesiale onderwysdienste te implementeer vir leerders wat emosionele en/of gedragsprobleme manifesteer of die risiko loop om daaraan blootgestel te word.

- **Beleidsprioriteite:**

Die essensiële beleidsmandaat is steeds om 'n leertuiste vir al ons leerders in die provinsie daar te stel. Dit word nou geïnformeer deur die MKOS en fokus op jeug, as een van die 5 hoof- iKapa elihumayo-strategieë. Sleutelprioriteite vir die periode 2007/08 – 2009/10 sluit in -

- Die bevordering van gesyferdheid en geletterdheid, veral in primêre skole om sodoende doeltreffende onderrig en leer te verseker. Alle graad 6-leerders sal in 2007 in geletterdheid en gesyferdheid getoets word.
- Die voortgesette implementering van die NKV veral met betrekking tot die verdere onderwys- en opleidings(VOO)-band sowel as in die oorblywende jaar van die algemene onderwys- en opleidings(AOO)-band.
- Die implementering van die gewysigde Norme en Standaard vir Skoolbefondsing (NSSB) en om voorsiening te maak vir die befondsing van die verklaarde 'geen-skoolgeld-skole'.
- Die implementering van GVO-OOP, wat die armste primêre skole in Nasionale Kwintiel 1 in 2007/08 teiken, om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, leer- en onderig-, menslike en finansiële hulpbronne ontvang om gehalte-leer en onderrig moontlik te maak.
- Die implementering van die Leerderprestasiestrategie (LBS) soos per instruksie van die (nasionale) Minister van Onderwys en die Premier en die verlaging van die aantal skole wat minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamens behaal
- Fokus op verbeterde fisiese veiligheidsfasiliteite vir skole in risikogebiede om 'n veilige onderwysomgewing te verseker.
- Die uitbreiding van deelnamesyfers in Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Tegnologie deur die voortgesette invoer van Fokusskole en die tenaam in die aantal Dinaledi-skole en die verbetering van slaagsyfers met endossemente vir graad 12 sowel as in die vakke Wiskunde en Wetenskap.
- Die voortsetting van die Onderwyserassistent-projek (OAP) met die aanstelling van 510 onderwyserassistentente om in die Grondslagfase in die armste skole te help.
- Verseker toegang tot die toepaslike ondersteuning en gehalte-onderwys deur die implementering van die nasionale beleidsraamwerk van Witskrif Nr. 6 (2001).
- Alle skole ontwikkel hul Skoolverbeteringsplanne (SVP's) en stel teikens wat ook as basis sal dien van die ondersteuning wat deur distriksgebaseerde personeel gebied sal word.
- Verhoog die gehalte van onderwys deur Heelskooevaluering (HSE) van 30 skole.

- Die ontwikkeling van 660 prinsipale en onderwysers (versnelde onderwyserontwikkeling (VOO) en Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO)). 160 prinsipale sal vir die eerste jaar van die tweejarige VOO inskryf en minstens 500 onderwysers sal vir ander kursusse inskryf.

Ontleding van vordering

- **Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie**

Die versterkte Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie is geloods en meer as 100 spesialisadviseurs is opgelei om die skole wat die swakste presteer te besoek en onderwysers in Grondslagfase-klaskamers te monitor en ondersteun. Elke OBOS het 'n plan ontwikkel om leerderprestasie te verbeter. Hierdie plan is deur die Taakspan vir Geletterdheid- en Gesyferdheid gemoniteer en gekoördineer.

Dit bly 'n uitdaging om die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie in al die onderpresterende skole te implementeer. Dit kan slegs oor die verloop van 'n paar jaar gebeur, gegee die hulpbronnbeperkings. Die departement sal verseker dat al 8 programme van die Strategie oor 'n tyd heen uitgevoer word en leerderprestasie gemonitor word aan die hand van deurlopende toetsing in graad 3 en graad 6 in alternatiewe jare, met die graad 6-toetsing wat gedurende 2007 plaasvind.

Onderwyserassistentprojek (OAP)

Die 2006-Onderwyserassistentprojek het gelei tot die aanstelling van 510 onderwyserassistentes in 163 skole. Afhange van die grootte van die Grondslagfase-klas is tussen 1 en 8 onderwyserassistentes aan die geselekteerde skole toegeken.

Skole binne die nodale sones en benadeelde areas is gekies, veral daardie skole waar daar onderprestasie is in geletterdheid en gesyferdheid en waar daar nie 'n korrelasie was tussen die taal van onderrig en die leerders se huistaal nie. Voorkeur is gegee aan skole met groot klasse in die Grondslagfase en, in die geval van multigraadklasse, daardie klasse met meer as 30 leerders.

Onderwyserassistentes het 'n seweweekskursus voltooi, wat by alle VOO-kolleges aangebied is. Van die 510 onderwyserassistentes wat gekontrakteer was en die seweweekskursus bygewoon het, was die bywoning van die 464 onderwyserassistentes tussen 80 – 100% en hulle is in November 2006 sertifikate toegeken.

'n Eksterne evaluering van die OAP het getoon dat onderwysers in staat was om groepwerk meer effektief te doen met die hulp van die onderwyserassistent. Stadige leerders het meer aandag gekry en hulle kon goed vorder. Die onderwysers se moreel het verbeter en meer effektiewe beplanning, klaskamerbestuur en organisasie is in die Grondslagfase van die loodsskole waargeneem.

Die 100 poste wat vir die OAP toegeken is, is weer in 2007 toegeken. 457 onderwyserassistentes is vir 'n nuwe kontrak aanbeveel en 52 nuwe onderwyserassistentes sal in diens geneem word. Die opleiding van onderwyserassistentes sal geakkrediteer word en 'n NKR Vlak 5-Opvoedersertifikaat ontvang. Stappe word geneem om die pos van onderwyserassistent in die onderwyssektor te skep.

VOO-kollegefasiliteerders sal vroeg in 2007 'n Assessoropleidingskursus wat deur die SETA befonds word bywoon en hulle sal daarna in staat wees om die NKR Vlak 5-Opvoedersertifikaatkursus aan te bied. Die WKOD onderhandel tans met die OOP SOOO (ETDP SETA) om vanaf 2008 leiderskappe vir onderwyserassistentes beskikbaar te maak. Die konsepdokument oor die OAP sal tot WKOD-beleid ontwikkel word in konsultasie met alle toepaslike rolspelers. Monitering en evaluering van die projek deur distrikskantore en hoofkantoorpersoneel sowel as eksterne evaluering sal voortgaan.

- **Deelname aan Wiskunde en Wetenskap**

40 Dinaledi-skole, deur die DvO genomineer, en 10 WKOD-wiskunde-, wetenskap- en tegnologie-skole ontvang geteikende steun in 'n poging om die deelname- en suksessyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde onder leerders van benadeelde gemeenskappe te verhoog.

Hierdie skole is 'n addisionele onderwyser vir Wiskunde en/of Natuur- en Skeikunde toegeken om meer gefokusde aandag op die hoër graad en addisionele leerderondersteuning moontlik te maak. 'n Wetenskap-kundige het elke graad 10-Wetenskaponderwyser besoek en hom/haar bygestaan in die uitvoer van 'n aantal eksperimente uit die graad 10-kurrikulum en het riglyne verskaf vir die uitvoer van eksperimente in die klas. 'n Video van die eksperimente word tans voorberei. *Learning Channel*-video's om onderrig en leer in Wiskunde, Engels 1ste Addisionele Taal, Lewensoriëntering en Natuur- en Skeikunde te ondersteun is aan alle Fokus- en Dinaledi/WWT-skole versprei.

Provinsiale Wiskunde- en Wetenskap-eksamenvraestelle vir graad 11 is voorsien sodat die regte standaard aan die einde van graad 11 gestel kan word. 'n Meester-Wiskunde- en Wetenskapprogram is geïnisieer waarvolgens vaardige en kundige onderwysers 100 ure Wiskunde- of Wetenskaponderrig aan onderwysers in Dinaledi-skole sal bied.

Alle graad 8-Wiskundeonderwysers is opgelei in die konsolidering van gesyferdheid en leermateriaal is aan alle skole voorsien, terwyl Engels Tweede Taal-onderwysers in Dinaledi-skole spesiale opleiding en steun in die onderrig van Engels as 'n tweede taal ontvang het. Die skole is deur die Adjunk-Minister van Onderwys en die LUR van Onderwys in die Wes-Kaap sowel as verskeie departementele amptenare besoek.

Aan hierdie skole sal 'n addisionele onderwyser vir Wiskunde en/of Natuur- en Skeikunde op 'n permanente basis toegeken word om 'n groter fokus op hoër graad en addisionele leerderondersteuning moontlik te maak.

'n Konferensie is aan die einde van Januarie 2007 gehou om teikens en die pad vorentoe met prinsipale, en Wiskunde- en Wetenskaponderwysers te bespreek. Die opleiding van onderwysers sal voortgaan. Die Universiteit van Kaapstad Wiskunde- en Wetenskaponderwys-Program sal gespesialiseerde ondersteuning in 5 Dinaledi-skole bied. Steun vir die konsolidering van gesyferdheid in graad 8 sal voortgaan sowel as steun vir Engels Tweede Taal-onderwysers.

Die graad 12-deelnamesyfers in wiskunde en natuur- en skeikunde vir 2003 - 2006 was as volg:

Vak	Geskryf 2006	Geskryf 2005	Geskryf 2004	Geskryf 2003
Addisionele Wiskunde HG	202	179	191	132
Funksionele Wiskunde SG	115	122	93	125
Funksionele Natuur- en Skeikunde	39	39	51	65
Wiskunde HG	4 420	4 992	5 093	4 446
Wiskunde SG	18 290	17 474	16 933	17 504
Totaal Wiskunde	23 066	22 806	22 361	22 272
Natuur- en Skeikunde HG	4 164	4 736	4 884	4 335
Natuur- en Skeikunde SG	8 173	7 861	7 240	7 775
Totaal Natuur- en Skeikunde	12 337	12 597	12 024	12 110

- **VOO NKV**

Die NKV vir graad 10 – 12 (Algemeen) het met ingang van Januarie 2006 begin met die implementering in graad 10 in alle openbare en onafhanklike skole. Hierdie driejaarstudieprogram, waarvan die tweede en derde jaar in graad 11 in 2007 en graad 12 in 2008 geïmplementeer gaan word, sal lei tot 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS). Die eerste NSS-eksamen sal in Oktober/November 2008 afgelê word.

Dit behels nie net die invoer van die nuwe kurrikulum nie, maar meer belangrik, die strategiese element van kurrikulumregstelling – die invoer van uitgebreide en kritieke kurrikulumpakkette (wat op wiskunde, wetenskap en tegnologie, en tale) wat voorheen om politieke redes, gebrek aan motivering of belangstelling en gebrek aan hulpbronne beperk was. Die departement sal direk tussenbeide tree om te verseker dat gemeenskaplike pakkette kies wat ontwerp is om toegang tot hoëvlak kennis en –vaardighede sowel as die vestiging van sentrums van uitnemendheid vir Fokusskole, en in lyn met die vooruitsigte vir ekonomiese groei belig deur MEOS-navorsing. Dit word voorsien dat hierdie sektor kleiner kan word soos wat meer studente na die VOO-kolleges gekanaliseer sal word vir behoeftedegrewe verdere onderwys en opleiding wat by hul vermoëns aangepas is. Dit beteken egter nie dat daar beduidende hulpbronbesparings sal wees nie. Eintlik word beoog dat die inwerkingstelling van hierdie sektor aanvanklik hoër toekennings in die vorm van infrastruktuur en toerusting, onderwyspersoneel en onderwyserontwikkelingsprogramme, ens. sal meebring.

Alle toepaslike VOO NKR-beleidsraamwerkdokumente, asook die Afrikaanse weergawes daarvan, is versprei aan 423 skole wat die VOO NKR vanaf graad 10 aanbied. Vakoriënteringswerkswinkels vir al 29 vakke vir alle graad 10- tot 12-onderwysers, met 8 169 onderwysers wat in 2006 betrokke was en 5 648 wat in 2006 voltooi het. Om te help met die onderrig en assesseringspraktyke wat met die VOO NKR-beleidsdokumente bely is, is vakondersteuningsriglyne ontwikkel, versprei en met onderwysers gemedieer. Om skole te help om vir die implementering van die VOO NKR in graad 10 in 2006 te beplan, is vakjaarbeplanners en tempobepalers en minimum hulpbronpakkette met leer- en onderigondersteuningsmateriaal vir die betrokke vakke ook ontwikkel om te help met die verkryging van sodanige materiaal. 480 Lewensoriëntering-onderwysers is opgelei om leerders te ondersteun met die seleksie van vakkeuses vir die VOO NKR. Spesiale ondersteuning is aan graad 10-onderwysers en -leerders gegee om hulle voor te berei vir die eerste VOO NKR-interne eksamen in 2006. Deel hiervan was die verspreiding van voorbeelde van nasionale ekamen-

vraestelle aan alle betrokke skole. Riglyne vir die opstel van VOO NKR-konteks-eksamenvraestelle is aan alle skole gestuur. Alle graad 10-leerders is voorsien van 'n studiegids wat studietegniese ingesluit het om hulle te help met voorbereiding vir die finale eksamen. Daarby is elke leerder voorsien van handboeke vir die twee tale wat hulle aangebied het, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid, en Natuur- en skeikunde. Oorbruggingswerkswinkels vir graad 9-leerders in die Kuns en Kultuur-vakke en Rekeningkunde het in November 2006 plaasgevind. Voorts is riglyne voorberei vir leerders wat graad 11 herhaal het. Hierdie dokument is versprei en vir alle vakonderwysers gemedieer sodat hulle daardie leerders kon help wat in 2007 na die NKV moet oorskakel en die nasionale graad 11-eksamen moet aflê. In 'n poging om oor die kort termyn veral nie-gekwalfiseerde en ondergekwalfiseerde onderwysers te help om die inhoud van die nuwe kurrikulum te onderrig, is hulpbronnepakkette op NKR Vlak 5 vir elke vak ontwikkel in samewerking met die plaaslike hoëronderriginstellings ten einde die onderwysers in staat te stel om die nuwe inhoud op NKR Vlakke 2, 3 en 4 (graad 10, 11 en 12) te onderrig.

IKT-verwante programme is ontwikkel of geselekteer om die NSS te ondersteun. Werkswinkels is gehou om rekenaargeletterdheid en die invoer van programmatuur in onderwys- en leerpraktyke te bevorder.

Werkswinkels vir dertien gespesialiseerde vakke het vanaf 8 tot 12 Januarie plaasgevind. Tempobepalers om die voltooiing van die kurrikulum te monitor sal na alle skole versprei word. Voorbeelde van graad 11-eksamens wat nasionaal opgestel word sal in die eerste kwartaal aan alle skole versprei word en sekere vakke sal via nasionale eksamenvraestelle in November 2007 geëksamineer word.

Die fokus vir die VOO NKV sal vanaf 2007 val op ondersteuning vir die konsolidering van die implementeringsproses in alle skole vir al 29 vakke ter voorbereiding van die nasionale graad 11 eksamen in 2007, en die eerste Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) wat in 2008 sal plaasvind.

Drie programme is reeds beplan:

- Mediëring en implementering van die hersiene Vakassesseringsriglyne (VAR'e) en die Protokol vir Assesering wat in Januarie 2007 beleid geword het;
- Strategieë om te verseker dat die VAR'e geïmplementeer word in ooreenstemming met die bedoelde Asseseringsbeleidsraamwerke; en
- Die verhoging van onderwysers se professionele en akademiese vermoëns en vaardighede om die VOO NKV-implementeringsprogram in graad 12 te bestuur ter voorbereiding van die NSS in 2008.

• **Leerderprestasiestrategie (LBS)**

Die WKOD het die afgelope vyf jaar 'n gemiddelde slaagsyfer van 80%+ in die senior sertifikaat-eksamens behaal. In dieselfde periode het sommige skole egter konstant onderpresteer, met sommige wat 'n slaagsyfer laer as 30% behaal het.

Die Leerskoolprogram(LSP)-strategie is in 1999 ingestel om hierdie situasie reg te stel. Die LSP was in 'n mate suksesvol, maar het ook mislukkings opgelewer. 'n Aantal skole het in en uit die Program beweeg en sommige het nooit sukses behaal nie, aangesien hulle konstant uitslae laer as 60% behaal het.

Die LSP het ontwikkel in die Leerderprestasiestrategie (LPS) as 'n poging om 'n meer omvattende en holistiese benadering tot die verbetering van leerderprestasie teweeg te bring. Die LPS fokus spesifiek op die VOO-fase met as onmiddellike doel die aanpak van onderprestasie deur skole in die senior sertifikaat-eksamens.

Die doelwitte van die LPS is –

- Om die prestasie van skole met 'n senior sertifikaat-slaagsyfer laer as 60% te verhoog.
- Om die gehalte van leerderprestasie in die senior sertifikaat-eksamens te verbeter.
- Om te verseker dat geen skool se vorige prestasie met meer as 10% laat daal nie.

Die skoolstelsel het weer goed gevaar vergeleke met die ander provinsies, met 'n slaagsyfer van 83,7% in die 2006-Senior Sertifikaat-eksamens. Kandidate vir die Senior Sertifikaat-eksamens het nou vir ses agtereenvolgende jare 'n slaagsyfer van meer as 80% behaal. Die aantal openbare skole met 'n slaagsyfer van minder as 60% het in 2006 op 34 gebly; van die 34 skole betrokke by die LBS in 2006 het 22 egter gegradueer en 12 bly in die LPS.

• **Posvoorsieningsnorme**

Die diensstate van openbare gewone skole word jaarliks vasgestel ingevolge die posvoorsieningsnorme. Soos voorgeskryf deur wetgewing, word werknemerspartye tot die Provinsiale Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys sowel as die georganiseerde SBL-verenigings behoort geraadpleeg aangaande die algehele posbekostigbaarheid sowel as die vasstelling van diensstate van openbare gewone skole.

Die Komitee van Onderwys hoofde (KOH) het die jongste posvoorsieningsnorme goedgekeur na veranderinge aan die graad 10-kurrikulum.

Die WKOD het die totale aantal onderwysposte in die provinsie met 500 verhoog wat die totale aantal opvoederposte vir 2007 op 30 872 te staan bring.

- **Skoolveiligheid**

Soos elders in die wêreld, word skoolveiligheid vir die regering 'n toenemende bron van kommer. Die Wes-Kaap word spesifiek hierdeur geraak omdat dit gekonfronteer word met die ernstige probleem van bendebedrywighede en bendegegeweld en die gepaardgaande drank- en dwelmmisbruik. Hierdie kwessies word doelgerig aangepak in samewerking met 'n reeks vennote, spesifiek die Departement van Gemeenskapsveiligheid.

Die Veilige Skole-program het 'n drieledige strategie, wat die volgende insluit:

- 'n Veilige Skole-Inbelsentrum waar verskeie probleme gerapporteer kan word, en waar geaffekteerde en getraumatiseerde individue berading kan versoek en ontvang.
- Voorsiening van fisiese sekuriteit: hierdie program fokus op die installering van verskeie veiligheidsmaatreëls, insluitend veiligheidsomheininge en sekuriteitsalarms by hoërisiko-skole. Die program sluit ook oorlewingsstrategieë in.
- Onderwysprogramme wat op waardes en houdings fokus, met die doel om leerders se belangstellings in meer positiewe rigtings te kanaliseer, soos sport, kuns en drama, en 'n fokus op toekomstige loopbane.

- **Skoolbeheer**

- Artikel 21-skole

'n Totaal van 934 uit 1450 skole (of 64,4% van alle openbare gewone skole) is volledige Artikel 21-status (van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr. 84 van 1996) (SASA)) toegeken. Die oorblywende 516 skole ontvang steeds deurlopende aandag. Steun met finansiële bestuur en administrasie word deurlopend aan alle skole gebied.

- Geen-skoolgeld-skole

In 'n poging om die stygende onderwysverwante uitgawe vir ouers met beperkte finansiële vermoëns te verminder en om toegang tot onderwys te verseker, is die Suid-Afrikaanse Skolewet gewysig om die (nasionale) Minister van Onderwys (MvO) in staat te stel om die nasionale kwintiele te bepaal vir openbare skole wat met ingang van 01 Januarie 2007 nie skoolgeld mag hef nie.

Die MvO het 'n nasionale teiken vir 2007 bepaal en dit in Staatskoerant Nr. 29179 gedateer 31 Augustus 2006, gepubliseer. Die nasionale teiken vir 2007 akkommodeer 40% van die leerders in die land in 'geen-skoolgeld-skole', dit is skole wat met ingang van 01 Januarie 2007 in Nasionale Kwintiel (NQ) 1 en 2 val. 'n Lys van die skole per provinsie wat nie toegelaat sal word om ingevolge hierdie teiken verpligte skoolgeld te hef nie, is deur die LUR vir Onderwys in elke provinsie saamgestel, en dit was ook in die Staatskoerant gepubliseer.

Slegs 6,5% (59 306) van die leerders in die Wes-Kaap val in NK 1 en 8% (73 254) in NK 2, d.i. slegs 14,5% van die leerders in die Wes-Kaap val in die armste twee kwintiele nasionaal (40% van die leerders in die land).

Aangesien die Wes-Kaap 'n lae persentasie leerders in NK 1 en 2 het, vergeleke met al die ander provinsies, het die WKOD ook besluit om die 'geen-skoolgeld-skool'-status na skole in NK 3 (211 841 leerders) uit te brei. Aangesien dit nie per Staatskoerant gedoen kon word nie, moes dit op vrywillige basis met die geïdentifiseerde NK 3-skole gedoen word. Alle NK 3-skole het hierdie aanbod aanvaar en is tot 'geen-skoolgeld-skole' verklaar en mag derhalwe ook nie met ingang van die 2007-skooljaar verpligte skoolgeld hef nie.

419 primêre skole, wat 146 000 leerders dek, het hulle alreeds in Mei 2006 tot 'geen-skoolgeld-skool' verklaar as deel van die vrywillige proses wat deur provinsies ingestel is in 'n poging om die verklaring tot "geen-skoolgeld-skole" te versnel. 'n Bedrag van R29 miljoen is in 2006/07 aan hierdie skole toegesê, addisioneel tot hul oorspronklike norme en standaard-toekenning.

'n Verdere 233 skole (primêr en sekondêr) is tot 'geen-skoolgeld-skool' verklaar met ingang van 1 Januarie 2007. Daar is dus 652 'geen-skoolgeld-skole', wat 45% van die 1 452 skole in die provinsie in die Wes-Kaap in 2007 verteenwoordig. Ongeveer 345 000 leerders woon hierdie skole by, wat 38% van die leerders van die Wes-Kaap verteenwoordig.

- **Skoolsakebestuurskursus**

Om administratiewe personeel by alle skole in die Wes-Kaap toe te rus met die nodige vaardighede wat hulle in staat sal stel om die operasionele sy van die skool en hulpbronne vir 'n veilige leeromgewing doeltreffend en bevoegd te administreer en bestuur en sodoende prinsipale en opvoeders in staat te stel om op onderrig en kurrikulumontwikkeling te fokus, is die WKOD in die proses om 'n sertifikaatkursus in Skoolsakebestuur op NKR Vlak 4 te ontwikkel. Hierdie kursus is 'n vennootskap tussen die WKOD, Manchester Universiteit (MMU), die Nasionale Kollege vir Skoolleierskap (NKS), die Instituut van Administratiewe Bestuur (IAB) en SABISA/ISASA (die Onafhanklikeskole-vereniging van Suid-Afrika).

Gedurende 'n besoek van die LUR vir Onderwys in die Wes-Kaap aan die VK, was dit duidelik dat dit vir SA nodig is om soortgelyke kwessies aan te pak wat die VK onlangs aangepak het met die instelling van skoolbestuursprogramme. Dit het kwessies aangepak wat soortgelyk is aan die SA-konteks, waar prinsipale en opvoeders daarvan weerhou word om op hul kerndoel te fokus vanweë die toenemende vlakke van bestuursadministrasie, gebrekkige aanspreeklikheid en verantwoordelike dissiplines binne die skool. Dit was duidelik dat die bevoegdheidsbasis nie in pas was met die verhoogde eise van skole nie. Die breë benadering tot die hantering van hierdie kwessies om die VK-Skoolsakeprogram te verfyn en aan te pas is om die opleiers op te lei via die vennootskap met die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die VK-vennote en dan 'n sertifikaatprogram vir die administratiewe personeel van alle skole te loods. Die sertifikaatprogram sal voldoen aan die SAKO se akkrediteringsstandaarde. Hierdie kursus sal opgevolg word deur 'n diploma en later die graadkursus wat deur die HOI's (bv. UWK) aangebied sal word. Die sertifikaatkursus sal deur die VOO-kolleges in die Wes-Kaap aangebied word.

Die intensie is ook om, indien die data en bewyse met die VK-ervaring korreleer, 'n voorlegging aan die nasionale regering te maak om die program nasionaal aan te bied. 'n Oorbruggingskursus sal geïnkorporeer word nadat assessering van die kandidate sodanige behoefte aangedui het.

Die intensie is om in 2007 die grondslag te lê deur die vaardigheidsbasis van die verskillende rolspelers te verbreed om 'n aansienlike verandering regoor die stelsel teweeg te bring. In die 2007/08-finansiële jaar sal die klem op basiese opleiding en materiaalontwikkeling val. Die aantal plekke vir die loodsprojek sal nie 200 oorskry en nie minder as 150 wees nie. Dit is om, enersyds, die hanteerbaarheid daarvan te verseker en, andersyds, te verseker dat daar genoegsame werklike data is om toekomstige planne op te baseer. Die kandidate sal 'n deursnit van alle areas en van die onafhanklikeskole-sektor verteenwoordig.

- **Leerder- en onderwyserondersteuningsmateriaal (LOOM)**

Die WKOD is verantwoordelik vir die verkryging van LOOM vir alle nie-Artikel 21-skole en het 'n tweejaarkontrak met verskaffers in plek gestel vir hierdie doel. Ingevolge die huidige kontrak is 119 verskaffers geregistreer om LOOM aan die 516 nie-Artikel 21-skole te lewer. Die Departement se doel is om 100% van die LOOM wat deur nie-Artikel 21-skole bestel is voor die begin van die skooljaar te verkry en af te lewer. Die bereiking van hierdie doel hang af van die beskikbaarheid van die LOOM.

Artikel 21-skole ontvang die fondse van die departement en is verantwoordelik vir die aankoop van LOOM volgens die lys verskaffers wat deur die departement voorsien word.

Alle skole moet hulle onderwerp aan die Voorkeurverskaffingsbeleid van die provinsie wat betref die besteding van hul N&S-toekennings vir handboeke en ander boeke. Vir hierdie doel is daar twee lyste verskaffers. Die eerste lys (die voorkeurlys) verteenwoordig daardie verskaffers wat voorkeur moet kry. Hulle is die sogenaamde histories benadeelde individue (HBI's) en klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO). Skole moet handboeke en ander boeke tot die waarde van minstens 70% van hul N&S-toekenning aankoop van die verskaffers op die eerste lys. Handboeke en ander boeke vir die balans (30% van die toekenning vir handboeke en ander boeke) kan van die verskaffers op die tweede lys aangekoop word. Die jongste lys word aan skole voorsien via omsendbriewe.

- **Leerdervoer**

Dit is nie altyd moontlik om skole binne 'n radius van 5km van elke leerder te bou nie. Om dit vir hierdie leerders moontlik te maak om hul naaste geskikte skool te bereik, het die departement bepaalde maatreëls in plek gestel. Dit sluit in die voorsiening van 'n leerdervoerskema of die betaling van óf 'n losiesbeurs óf 'n vervoerbeurs aan behoeftige leerders om te verseker dat hulle die skool kan bereik. Losies in hostelle kan ook oorweeg word alhoewel dit problematies kan wees (hoë koste, leerders kan nie naweke huis toe gaan nie, ens.)

Die huidige beleid van die WKOD is om graad 1- tot 12-leerders wat verder as 5 km van hul naaste skool af woon te vervoer. Die administratiewe implikasie is dat die WKOD die administrasie van ± 490 leerdervoerroeptes hanteer waardeur ± 47 000 leerders daagliks na hul skole vervoer word.

'n Leerdervoerskema sal nie vir minder as 10 leerders op 'n spesifieke roete ingestel word nie en/of binne 'n radius van 5km van 'n leerder se huis nie, maar afwykings kan onder buitengewone omstandigheide plaasvind, bv. vir fisies gestremde leerders wat hoofstroomskole bywoon. Die leerdervoerbeleid word tans hersien.

- **e-Onderwys**

Die nasionale Witskrif op e-Onderwys maak voorsiening vir 'n aantal strategiese miktipes, nl. Professionele ontwikkeling, IKT-infrastruktuur, hulpbronninhoud in elektroniese formaat, konektiwiteit, gemeenskapsbetrokkenheid en navorsing en ontwikkeling. Daar word aan al die doelwitte aandag geskenk deur middel van verskillende bestaande WKOD-projekte, insluitend die Khanya-projek, die Skolekonektiwiteit-projek en die Kurrikulum-webtuiste.

In die 2007/08 – 2009/10 MTBR-periode sal die Khanya-projek die oorblywende openbare skole met minstens een rekenaarfasieliteit toerus, die meerderheid opvoeders in die provinsie sou basiese IKT-opleiding ontvang het, konektiwiteit sal na al die skole uitgebrei wees via 'n hoëbandwydte-Internet-verbinding en addisionele elektroniese hulpbronne sal beskikbaar gestel word (óf via die WKOD se Kurrikulumwebtuiste óf via die nasionale Thutong Onderwysportaal).

- **Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)**

Die verantwoordelikheid vir die bestuur van die NSVP is op 1 April 2004 van die provinsiale Departement van Gesondheid na die Departement van Onderwys oorgedra. Op daardie tydstip is 145 596 leerders in graad R tot 7 in ongeveer 659 geteikende primêre skole in die provinsie gevoed.

Sedertdien is die armste spesiale en sekondêre skole ook in die NSVP ingesluit en tans word ongeveer 203 600 leerders in 993 geteikende primêre, spesiale en sekondêre skole gevoed.

Gedurende die tyd toe die program oorgedra is, was slegs een gekookte opsie op elke voedingsdag beskikbaar. Sedert Januarie 2006 is gekookte opsies suksesvol geloods by 44 primêre skole in die sewe OBOS'e. Hierdie spyskaartopsies is stelselmatig na ander geteikende skole uitgebrei en die verwagting is dat alle geteikende skole teen Maart 2007 die geleentheid gebied sou gewees het om gekookte maaltye te bedien.

Die NSVP het alle geteikende skole in staat gestel om kombuistoerusting te koop ten einde gekookte maaltye voor te berei. Baie geteikende skole het nie toereikende voedselvoorbereidingsareas nie en die NSVP het 85 geteikende skole in staat gestel om duursame en veilige voorafvervaardigde mobiele eenhede op te rig.

Alle befondsde personeelvakatures is gevul, alhoewel nie al die poste op die diensstaat befonds kon word nie. Dit was nie moontlik om 'n Skakelbeamtetpos by elke OBOS in die metropolitaanse gebiede te befonds nie.

Moniteringsapparaat, inligtingsboekies en riglyne is na alle geteikende skole versprei. By meer as 90% van die geteikende skole is vrywilligers verantwoordelik vir die voorbereiding van maaltye en in sommige gevalle is die betrokke opvoeders opgelei in die gebruik van gasteerusting, voedselveiligheid en die berging van voedsel.

Die maandelikse honorarium betaalbaar aan vrywilligers en die totale aantal vrywilligers is verhoog tot 400% en 241%, respektiewelik.

213 geteikende skole het tans voedseltuine. Werkwinkels wat onderwerpe soos die vestiging van 'n voedseltuin en die voorbereiding van kompos gedek het, is in verskillende OBOS'e in die landelike en nodale gebiede aangebied. Opvoeders, leerders en ouers het hierdie werkwinkels bygewoon.

Doeltreffende netwerke met betrekking tot voeding en omgewingsgesondheid en die ontwikkeling van voedseltuine is onderskeidelik met die Departement van Gesondheid en die Departement van Landbou gevestig.

Ontleding van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Verskeie uitdagings het ons beplanning vir volgende jaar en daarna beïnvloed, soos wat ons ons voorberei om die MKOS te implementeer. Hierdie uitdagings sluit in:

- Die aantal leerders in graad 3 en 6 wat nie die uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid bereik het wat deur die nasionale kurrikulum vir hul graad vereis word nie (Ontsettende impak op gehalte van uitsette regdeur die stelsel op alle vlakke)
- Die kennis- en vaardigheidsvlakke van onderwysers: Onderwyseropleiding, om te verseker dat onderwysers oor die kennis en vaardighede beskik wat nodig is om die nasionale kurrikulum te onderrig en leerderprestasie in alle leerareas te verbeter.
- Tekort aan skoolakkommodasie in sekere gebiede wat snelle bevolkingsgroei ervaar.
- Die noodsaak om veilige skoolomgewings te verseker, en om skole in ons gemeenskappe as heilige plekke van onderrig en leer te posisioneer.
- Die toenemende druk om binne ons huidige beleid leerdervoer vir leerders hoofsaaklik in landelike gebiede te voorsien wat meer as 5 km vanaf die naaste skool woon.

Die WKOD het 'n aantal intervensies en projekte bekend gestel in 'n poging om verskeie aspekte van gehalte-onderwys in skole aan te pak. Die projekte en intervensies wat in skole van stapel gestuur is, sluit onder andere die volgende in:

- Sisteemse evaluering van graad 3- en 4-leerders. Die resultate van hierdie toetse sal lei tot gefokusde strategieë vir geletterdheid en gesyferdheid vir die Grondslag- en Intermediêre Fases. Die graad 6-leerders sal gedurende 2007 getoets word.
- Strategie om positiewe gedrag aan te moedig en op uitdagende gedrag in openbare skole te reageer: Die doel van die strategie is tweeledig: In die eerste plek moet dit 'n konseptuele raamwerk en operasionele riglyne vir positiewe gedrag daarstel, en tweedens, moet dit strategieë en meganismes vir effektiewe reaksie op uitdagende gedrag in skole daarstel. Ten einde hierdie doel te bereik, sal die doel van die strategie wees om (a) die herbesitname van skoolomgewings in 'n inklusiewe onderwysstelsel te bevorder, (b) om 'n sterk ontwikkelings- en herstelbenadering tot uitdagende gedrag te bevorder, en (c) om kapasiteit van opvoeders te bou om op ontwikkelings- en herstelgeoriënteerde wyse op uitdagende leerders te reageer en doeltreffende en gehalteprogramme, -dienste en -onderwys aan risikoblootgestelde leerders te voorsien.
- Identifisering van risikoblootgestelde skole: Multifunksionele spanne identifiseer die probleme wat deur hierdie skole ervaar word; ontwerp 'n strategie om die probleme onder leiding van 'n projekbestuurder aan te pak; waar nodig die steun van eksterne organisasies te bekom; voortgesette mislukking kan tot mentorskap/kuratorskap by hierdie skole lei; indien mislukking voortduur, kan hersamestelling van die skool geïmplementeer word.
- Multigraad-intervensie: Om skole wat meer as een graad per klas onderrig ondersteuning te bied in onderrigmetodes; Klem word geplaas op die benutting van IKT vir doeltreffende multigraad-onderrig.
- Vroeë Inskrywing-veldtog: Moedig skole aan om vroeg in die jaar met die inskrywingsproses vir leerders te begin vir finalisering teen die einde van die jaar; voltooiing van roosters en nominasie vir aanstelling van onderwysers ten einde te verseker dat onderrig op die eerste dag van die nuwe skooljaar kan begin; identifisering van "kritieke areas" met betrekking tot akkommodasie sodat gebeurlikheidsplanne in plek gestel kan word.
- Inklusiewe onderwys: Witskrif 6 vir Onderwys dui aan hoe die huidige onderwysstelsel omvorm behoort te word tot 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel ten einde toegang tot die kurrikulum en toepaslike steun vir alle leerders te verseker wat leerstoornisse ondervind. Dit spel die noodsaaklike strukture vir 'n inklusiewe onderwysstelsel uit: hoofstroomskole behoort ontwikkel te word tot volledige diensskole vir leerders wat lae en gemiddelde ondersteuningsvlakke benodig; spesiale skole behoort versterk te word om as hulptronsentra gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan hoofstroomskole te bied; distriksgebaseerde steunspanne moet ontwikkel word deur 'n multifunksionele benadering wat gemeenskapsbetrokkenheid insluit; steunspanne op inrigtingsvlak moet in hoofstroomskole gevestig en ontwikkel word.

Die NSVP word eksklusief befonds uit 'n voorwaardelike toekenning wat via die Nasionale Tesourie ontvang word. Dit was nie moontlik om al die poste te befonds soos 'n werkstudieverslag bepaal nie, en dit veroorsaak dat daar 'n verhouding van tussen 37 en 103 skole vir een NSVP-personeelid by die OBOS'e is. Die maksimum aantal personeellede word uit die voorwaardelike toekenning befonds. Voorraadmoniteringstelsels by geteikende skole moet deurlopend hersien word en skuiwergate moet van tyd tot tyd aandag geniet. Broodaflewings deur bakkerie of ander vervoeropsies bereik skole om verskeie geldig redes nie altyd betyds nie. Die aantal dae waarop brood afgelewer moet word, word vanaf April 2007 tot twee keer per week verminder en dit is moontlik vir skole om gekookte maaltye voor te berei deur gedurende stakings of kragonderbrekings gasstowe te gebruik. Die ontwikkeling en onderhoud van groentetuine in hierdie provinsie word benadeel deur sanderige en rotsagtige grond. Werkswinkels word aangebied om toepaslike personeellede te leer hoe om hul eie kompos te maak en skole word aangemoedig om kompos te gebruik om die gehalte van die grond te verbeter.

Die distrikskantore en hul verskillende strukture besoek alle onderwysinrigtings en help hulle met kapasiteitsbou ten opsigte van verskillende scenario's om aksies wat uitgevoer moet word, bv. die aanstelling van nuwe beheerliggame, finansiële aangeleenthede, kurrikulum, ens.

ST201	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS – Sleutelneigings						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
2.1 Openbare primêre skole	2,722,031	2,981,194	3,246,205	3,542,307	3,884,667	4,283,379	
2.2 Openbare sekondêre skole	1,845,868	2,139,444	2,299,094	2,361,540	2,589,776	2,855,587	
2.3 Professionele dienste	165,385	166,918	189,683	231,357	272,788	288,321	
2.4 Menslikehulpbrontontwikkeling	3,186	11,665	13,047	24,018	35,679	108,398	
2.5 Voorwaardelike toekennings	36,191	49,337	48,313	50,729	54,494	58,253	
TOTAAL	4,772,661	5,348,558	5,796,342	6,209,951	6,837,404	7,593,938	
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling	4,386,315	4,734,420	5,269,025	5,701,865	6,504,198	7,240,746	
Kompensasie van werknemers	3,974,198	4,326,839	4,699,054	5,153,991	5,700,241	6,308,691	
Opvoeders	3,585,008	3,903,115	4,238,879	4,649,635	5,158,813	5,724,879	
Nie-opvoeders	389,190	423,724	460,175	504,356	541,428	583,812	
Goedere en dienste en ander huidige betalings	412,117	407,581	569,971	547,874	803,957	932,055	
Oordragte en subsidies	257,847	343,085	278,246	359,940	245,800	257,130	
Betalings vir kapitale bates	128,499	271,053	249,071	148,146	87,406	96,062	
TOTAAL	4,772,661	5,348,558	5,796,342	6,209,951	6,837,404	7,593,938	
STATISTIEK OOR DOELTREFFENDHEID							
Leerders (e)	921,176	920,812	906,801	921,793	925,414	954,589	
Totale aantal moontlike leerderdae per leerder (b)	205	205	195	191	200	200	
Totale aantal leerderdae verloor weens afwesigheid (c)	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur OBIS verkry sal word deur middel van die Jaarlikse Skoolopname.						
Aantal opvoeders (in openbare diens)	27,098	27,309	27,614	27,795	27,795	27,795	
Aantal opvoeders (in openbare diens) (Prim & Sek.)(d)	26,482	26,693	26,998	27,113	27,113	27,113	
Aantal opvoeders (in openbare diens) (kontrole)(d)	616	616	616	682	682	682	
Aantal permanente opvoeders wat openbare gewone skole verlaat het (e)	844	1,007	883	883	883	883	

ST201	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS – Sleutelneigings						
	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	2009/10	
Afslytingsyfer vir permanente opvoeders (e/d)	Werklike 3%	Werklike 4%	Beraamde 3%	Beraamde 3%	Beraamde 3%	Beraamde 3%	Beraamde
Totale aantal moontlike werkdae per opvoeder (f)	205	205	199	195	204	204	204
Totale aantal werkdae verloor weens opvoederafwesigheid (g)	Geen historiese data beskikbaar nie	336,647	336,647	336,647	336,647	336,647	
Nie-artikel 21-skole wat LOOM op eerste dag van die skooljaar ontvang (h)	753	602	516	450	400	350	350
STATISTIEK OOR INKLUSIEWE ONDERWYS							
Leerders met hoë vlak van spesiale behoeftes in openbare gewone skole (i)	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur OBIS verkry sal word deur middel van die Jaarlikse Skoolopname.						
STATISTIEK OOR SKOOLVOEDING							
Leerders wat baat vind by die voedingsprogram (j)	152,839	156,617	203,676	204,000	205,000	206,000	206,000
Program bereik in terme van gemiddelde dae per leerder (k)	170	170	170	170	170	170	170
STATISTIEK OOR SKOLIERVERVOER							
Leerders wat baat vind by skoliervoer (l)	45,731	46,700	46,700	46,900	46,900	46,900	46,900
▶ PRESTASIEMAATREËLS							
▶ PM201: Persentasie leerderdae gedek deur die voedingsprogram ((j x k) / (a x b))	13.8%	14.1%	19.6%	19.8%	18.7%	18.7%	18.7%
▶ PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole (i / a)	3.4%	3.5%	3.8%	4.2%	4.2%	4.2%	4.2%
▶ PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening	99%	100%	100%	100%	100%	100%	100%
▶ PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit	99%	100%	100%	100%	100%	100%	100%
▶ PM205: Aantal skole met toereikende aantal funksionele toilette	Geen historiese data beskikbaar nie	11%	11%	11%	11%	11%	11%
▶ PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur	1.0%	0.7%	0.7%	0.2%	0.4%	0.5%	0.5%

OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS – Sleutelneigings							
ST201		2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde
▶ PM207:	Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%
▶ PM208:	Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle LOOM en ander aangevraagde materiaal gelewer op dag een van die skooljaar	109%	71%	55%	45%	38%	32%
▶ PM209:	Persentasie skole met Artikel 21-funksies	48.0%	58.6%	64.4%	68.9%	72.4%	76.0%
▶ PM210:	Persentasie werksdae verloor weens opvoederatwesigheid in openbare gewone skole (g / (d x f))	Geen historiese data beskikbaar nie	6.1%	6.2%	5.9%	5.9%	5.9%
▶ PM211:	Persentasie leerderdae verloor weens leerderatwesigheid in openbare gewone skole (c / (a x b))	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur OBIS verkry sal word deur middel van die Jaarlikse Skoolopname.					
Let wel: Die aantal skole met watervoorsiening en elektrisiteit (gebruik vir PM203 en PM204) kan gevind word in die tabelle oor primêre en sekondêre skole. Bronne: Provinsiale Begrotingsverklaring (2007).							

ST202	OPENBARE PRIMêRE SKOLE – Sleutelneigings						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling	2,528,721	2,690,480	3,008,394	3,250,545	3,698,395	4,085,730	
Kompensasie van werknemers	2,301,283	2,499,115	2,752,293	2,984,849	3,293,879	3,663,011	
Opvoeders	2,101,279	2,281,917	2,513,453	2,725,828	3,017,280	3,364,549	
Nie-opvoeders	200,004	217,198	238,840	259,021	276,599	298,462	
Goedere en dienste en ander huidige betalings	227,438	191,365	256,101	265,696	404,516	422,719	
Oordragte en subsidies	116,300	174,582	140,996	203,351	134,325	140,531	
Betalings vir kapitale bates	77,010	116,132	96,815	88,411	51,947	57,118	
TOTAAL	2,722,031	2,981,194	3,246,205	3,542,307	3,884,667	4,283,379	
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal opvoeders (in openbare diens) (a)	16,317	16,441	16,715	16,830	16,830	16,830	
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	3,577	3,608	3,487	3,629	3,629	3,629	
INSKRYWING							
Leerders in openbare primêre skole (b)	582,753	572,328	588,023	584,374	590,396	593,267	
L:O:verhouding in openbare primêre skole (b/a)	35.7	34.8	35.2	34.7	35.1	35.3	
Leerders graad 1 tot graad 7 (c)	582,682	572,328	559,299	586,390	597,980	605,055	
van wie gestremde leerders							
van wie vroulik	286,729	281,069	274,128	289,090	295,402	298,897	
Geslagsgelykheid-indeks	0.94	0.94	0.94	0.95	0.95	0.95	
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR							
Skole	1,107	1,108	1,104	1,104	1,104	1,104	
Aantal skole met Artikel 21-funksies	517	643	709	761	800	839	
Aantal skole tot geen-skoolgeld-skole verklaar	0	0	547	547	547	547	
Aantal skole met watervoorsiening	1,100	1,108	1,104	1,104	1,104	1,104	
Aantal skole met elektrisiteit	1,093	1,108	1,104	1,104	1,104	1,104	
Aantal skole met toereikende aantal funksionele toilette		115	115	117	117	117	
Klaskamers (d)	20,078	20,197	20,433	20,727	20,781	20,835	
Leerder:klaskamer-verhouding (b/d)	29.0	28.3	28.8	28.2	28.4	28.5	
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	0	

ST202	OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)					
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde
BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)						
Besteding op skoolonderhoud	70,425	52,667	59,871	16,814	34,909	57,333
Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R'000)	7,200,000	8,000,000	8,000,000	8,800,000	9,680,000	10,648,000
STATISTIEK OOR UITSETTE/OUTPUT EN DOELTREFFENDHEID						
Aantal graad 3-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (e)	34,487	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	91,171	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	92,000	Toetsing slegs een keer elke 2de jaar gedoen
Aantal graad 3-leerders wat aanvaarbare uitkomstes bereik (f)	Geletterdheid: 13,622 Geswyferdheid: 12,684		45,585		42,320	
Aantal graad 6-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (g)	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	31,726	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	68 805	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	69 493
Aantal graad 6-leerders wat aanvaarbare uitkomstes bereik (h)		Geletterdheid: 13,357 Geswyferdheid: 5,457		37 843		41 696
Aantal graad 1 - tot 7-leerders wat hul graad herhaal (i)						
Sien nota onder Tabel ST205 oor herhalers						
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevooroordeelde skole tot die mees bevooroordeelde skole met betrekking tot graad 3	58%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	62%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	66%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen
Sien nota onder Tabel ST205 oor herhalers						
► PM213: Herhaalsyfer in graad 1 tot 7 (i/c)	Sien nota onder Tabel ST205 oor herhalers					
► PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomstes in geswyferdheid, geletterdheid en lewensvaardighede bereik (f/e)	Geletterdheid: 39,5% Geswyferdheid: 37,3%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	50%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	60%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen
► PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in geswyferdheid, geletterdheid en lewensvaardighede (h/g)	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 42,1% Geswyferdheid: 17,2%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	50%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	60%

* Graad 3 leerders skryf die WKOD Geletterdheid- en Geswyferdheidstoets elke tweede jaar bv. 2004, 2006, ens.

* Graad 6 leerders skryf die WKOD Geletterdheid- en Geswyferdheidstoets elke tweede jaar bv. 2004, 2006, ens.

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
BETALING PER EKONOMIESE EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling	1,705,020	1,844,405	2,039,823	2,167,031	2,465,595	2,723,821	
Kompensasie van werknemers	1,551,268	1,696,412	1,809,472	1,989,900	2,195,917	2,442,008	
Opvoeders	1,394,249	1,524,702	1,621,824	1,788,787	1,981,156	2,210,272	
Nie-opvoeders	157,019	171,710	182,648	201,113	214,761	231,736	
Goedere en dienste en ander huidige betalings	153,752	147,993	230,351	177,131	269,678	281,813	
Oordragte en subsidies	89,690	140,592	109,470	135,568	89,550	93,687	
Betaling vir kapitale bates	51,158	154,447	149,801	58,941	34,631	38,079	
TOTAAL	1,845,868	2,139,444	2,299,094	2,361,540	2,589,776	2,855,587	
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal opvoeders (in openbare diens) (a)	10,165	10,252	10,283	10,283	10,283	10,283	
Aantal nie-opvoeders	2,631	2,653	2,525	2,667	2,667	2,667	
INSKRYWING							
Leerders in openbare sekondêre skole (b)	338,423	348,484	318,778	362,090	368,892	372,135	
L:O- verhouding in openbare sekondêre skole (b/a)	33.3	34.0	31.0	35.2	35.9	36.2	
Leerders graad 8 tot graad 12 (c)	339,561	348,484	328,591	335,403	327,434	349,534	
van wie gestremde leerders	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne van leerders wat beide Wiskunde en Natuur- en Skeikunde neem nie beskikbaar is nie.						
van wie vroulik (d)	181,385	186,107	176,225	185,416	181,010	193,227	
Geslagsgelykheid-indeks	1.1	1.1	1.1	1.2	1.2	1.2	
Vroue in graad 10 tot 12 wat beide wiskunde en wetenskap neem (e)	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne van leerders wat beide Wiskunde en Natuur- en Skeikunde neem nie beskikbaar is nie.						
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR							
Skole	340	345	346	346	346	346	
Aantal skole met Artikel 21-funksies	177	208	225	238	250	263	
Aantal skole tot geen-skoolgeld-skole verklaar	-	0	105	105	105	105	
Aantal skole met watervoorsiening	337	345	346	346	346	346	
Aantal skole met elektrisiteit	337	345	346	346	346	346	
Aantal skole met toereikende aantal funksionele toilette	Geen historiese data beskikbaar nie	47	47	47	47	47	

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)									
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde				
Aantal skole met 'n wetenskaplaboratorium	309	314	318	332	337	347				
Klaskamers (f)	10,711	10,825	11,056	11,259	11,329	11,417				
Leerder:klaskameramer-verhouding (b/f)	31.6	32.2	28.8	32.2	32.6	32.6				
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	0				
BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)										
Besteding op skoolonderhoud	35,212	26,333	29,935	8,407	17,454	28,667				
Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R'000)	3,600,000	4,000,000	4,000,000	4,400,000	4,840,000	5,324,000				
STATISTIEK VAN UITSETTE EN DOELTREFFENDHEID										
Aantal graad 9-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (g)	78 964	82 169	78,584	81,691	65,863	72,700				
Aantal graad 9-leerders wat aanvaarbare uitkomstes bereik (h)	60 013	64 092	65,291	66,987	55,325	62,522				
Aantal graad 8- tot 12-leerders wat hul graad herhaal (i)	Sien nota onder Tabel ST205 oor herhalers									
Ouderdom van bevolking ouderdom 18 (j)	89,249	83,524	84,605	86,392	88,200	89,918				
Aantal leerders wat SS-eksamens aflê (k)	38 886	38 586	39,824	40,100	41,000	42,000				
Aantal leerders wat SS-eksamens slaag (l)	33 066	32 573	33,316	34,085	35,260	36,540				
Aantal leerders wat met endossement slaag	10 524	10 394	10,589	11,000	11,200	11,600				
SS-slaagsyfer (l/k)	85.0%	84.4%	83.7%	85.0%	86.0%	87.0%				
Aantal SS-kandidate wat beide wiskunde en wetenskap slaag (m)	Geen historiese data beskikbaar nie									
Aantal skole wat SS-eksamens aflê	386	386	389	389	389	389				
Aantal skole met 'n SS-slaagsyfer laer as 40%	14	9	6	0	0	0				
SS-slaagsyfer van kwintiel 1-skole (n)	67.8%	69.5%	77.1%	79.5%	82.5%	85.0%				
SS-slaagsyfer van kwintiel 5-skole (o)	98.3%	98.1%	98.7%	98.9%	99.1%	99.3%				

OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)						
ST203	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM216: Persentasie meisleerders wat wiskunde en wetenskap in graad 10 tot 12 neem (e/d)	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne van leerders wat beide Wiskunde en Natuur- en Skeikunde neem nie beskikbaar is nie.					
► PM217: Die prestasiesyfer van die mins beoordeelde skole tot die mees beoordeelde skole met betrekking tot graad 12-slaagsyfer (n/o)	69%	71%	78%	80%	83%	86%
► PM218: Herhaalsyfer in graad 8 tot 12 (i/c)	Sien nota onder Tabel ST205 oor herhalers					
► PM219: Slaagsyfer in graad 12-eksamens (l/i)	37.0%	39.0%	39.4%	39.5%	40.0%	40.6%
► PM220: Slaagsyfer in graad 12 vir wiskunde en wetenskap (m/l)	Geen historiese data beskikbaar nie	11.6%	11.2%	11.1%	11.1%	11.1%
► PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes bereik (h/g)	76%	78.0%	83.1%	82.0%	84.0%	86.0%
Let wel: PM216 tel deelname aan wiskunde en wetenskap op beide die HG- en SG-vlakke						

ST204	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS											
	Skole volgens die laagste en die hoogste graad (2005)											
	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12
Gr 1	-	1	19	8	8	145	747	81	72	0	0	38
Gr 2					1		1				0	0
Gr 3							1				0	0
Gr 4							14	2			0	0
Gr 5											0	0
Gr 6											0	0
Gr 7									4		0	1
Gr 8									3	1	3	294
Gr 9											1	2
Gr 10												2
Gr 11												0
Gr 12												1
Totale primêre skole (prog. 2.1)							1 104	Sek. Skole (prog. 2.2)				346

Let wel: Die grade in die linkerkantse kolom dui die laagste graad beskikbaar in elke skool aan, en die grade langsna die boonste ry dui die hoogste graad aan. **Bron:** Jaalike Skoleopname (2005).

ST205	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS					
	Besonderhede van vloeikoers (2006)					
	Leerders 2005*	Leerders 2006*	Herhalers**	Herhaal- syfer	Skool- verlaters***	Skoolverlaatsyfer
Gr 1	93 515	89,689	-	0%	-	0%
Gr 2	94 231	86,697	-	0%	-	0%
Gr 3	80 695	90,430	-	0%	-	0%
Gr 4	80 809	80,886	-	0%	-	0%
Gr 5	74 984	78,092	-	0%	-	0%
Gr 6	66 141	73,336	-	0%	-	0%
Gr 7	81 953	65,452	-	0%	-	0%
TOTAAL GR 1 TOT 7	572,328	564,591	-	0%	-	0%
Gr 8	88 778	80,007	-	0%	-	0%
Gr 9	82 169	81,166	-	0%	-	0%
Gr 10	81 577	83,490	-	0%	-	0%
Gr 11	56 657	57,381	-	0%	-	0%
Gr 12	39 303	40,166	-	0%	-	0%
TOTAAL GR 8 TOT 12	348,484	342,210	-	0%	-	0%

Voetnotas

Alle syfers verteenwoordig die situasie in die skooljare 2005 en 2006.

* - Bron – Jaalike Skoleopname 2005 en (CEMIS Huidig – 13 Oktober 2006) 2006.

** Die WKOD het in die verlede herhaleringligting in saamgestelde formaat van skole verkry, drie maande in die nuwe akademiese jaar in. Ons oudits wat by geselekteerde skole gedoen is, het getoon dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. In 2006 het ons die leerdernaspringstelsel geïmplementeer en 2006 is as 'n loodsjaar beskou waarin ons groeipyne kon uitstryk. Ons het in 2006 die aanlynbevorderingsproses suksesvol afgehandel en in 2007 is die kitsopname aanlyn gedoen. In die volgende verslag sal ons in staat wees om terugvoer te gee oor al die herhalers in die provinsie.

*** Die WKOD het in die verlede uitvallerinligting in saamgestelde formaat van skole verkry, drie maande in die nuwe akademiese jaar in. Ons oudits wat by geselekteerde skole gedoen is, het gewys dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. In 2007 het ons 'n aanlynkitsopname geïmplementeer en ons sal ook aan die einde van 2007 se akademiese jaar 'n aanlynbevorderingsproses implementeer. In die volgende verslag sal daar gerapporteer word oor die leerders wat in 2007 uitgeval het.

ST206		OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS			
		Opvoeder- en leerderbywoning (2006)			
		<i>Per kop</i>	<i>Potensiële verlore leer- en onderrigdae</i>	<i>Verlore dae*</i>	<i>% dae verlore</i>
OPVOEDERS *					
2.1 Openbare primêre skole		16,830	3,349,170		
2.2 Openbare sekondêre skole		10,283	2,046,317		
TOTAAL		27,113	5,395,487		
LEERDERS					
2.1 Openbare primêre skole		588,023	114,664,485	Die aantal verlore dae kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur OBIS verkry sal word deur middel van die Jaarlikse Skoolopname.	
2.2 Openbare sekondêre skole		318, 778	62,161,710		
TOTAAL		906,801	176,826,195		

* Bron: Posvoorsiening 2006

ST207		OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS				
		Leerder/opvoeder ratio's per kwintiel (2006)				
	<i>Leerders</i>	<i>Opvoeders in openbare diens *</i>	<i>Openbare L:O</i>	<i>Opvoeders in privaat diens **</i>	<i>Totale getal opvoeders</i>	<i>Effektiewe L:O-ratio</i>
2.1 Openbare primêre skole	570,819	14,950	38.2	2,983	17,933	31.8
Kwintiel 1 (armste)	47,113	1,437	32.8	122	1,559	30.2
Kwintiel 2	53,421	1,425	37.5	98	1,523	35.1
Kwintiel 3	130,753	3,380	38.7	200	3,580	36.5
Kwintiel 4	165,304	4,271	38.7	543	4,814	34.3
Kwintiel 5 (mins arm)	174,228	4,437	39.3	2,020	6,457	27.0
2.1 Openbare sekondêre skole	335,982	9,884	34.0	1,334	11,218	30.0
Kwantiel 1 (armste)	11,726	305	38.4	4	309	37.9
Kwantiel 2	20,660	610	33.9	15	625	33.1
Kwantiel 3	80,101	2,388	33.5	33	2,421	33.1
Kwantiel 4	86,678	2,587	33.5	108	2,695	32.2
Kwantiel 5 (mins arm)	136,817	3,994	34.3	1,174	5,168	26.5

* Bron: Persal

** Bron: Kitsopname 2006

ST208	OPENBARE GEWONESKOOLONDERWYS			
	Hulpbronvoorsiening via die Skoolbefondsingsnorme (2007/08)			
<i>Programme/Wetlike status/Armoede- kwintiele</i>	<i>Skole</i>	<i>Totale besteding (R'000)</i>	<i>Leerders</i>	<i>Besteding per leerder R</i>
2.1 Openbare primêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	393	101,245	212,443	477
Kwintiel 1 (armste)	104	16,345	22,144	738
Kwintiel 2	35	13,736	20,289	677
Kwintiel 3	95	42,529	76,826	554
Kwintiel 4	100	21,391	57,990	369
Kwintiel 5 (mins arm)	59	7,244	35,194	206
Artikel 21-skole	699	131,886	358,376	368
Kwintiel 1 (armste)	168	18,428	24,969	738
Kwintiel 2	67	22,406	33,132	677
Kwintiel 3	78	29,876	53,927	554
Kwintiel 4	149	39,574	107,314	369
Kwintiel 5 (mins arm)	237	21,602	139,034	155
TOTAAL	1,092	233,131	570,819	408
2.2 Openbare sekondêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	129	67,255	136,168	494
Kwintiel 1 (armste)	10	6,700	9,078	738
Kwintiel 2	11	9,272	13,695	677
Kwintiel 3	46	29,240	52,808	554
Kwintiel 4	37	13,178	33,543	393
Kwintiel 5 (mins arm)	25	8,865	27,044	328
Artikel 21-skole	229	66,807	199,814	334
Kwintiel 1 (amste)	4	1,954	2,648	738
Kwintiel 2	8	4,715	6,965	676
Kwintiel 3	26	15,120	27,293	554
Kwintiel 4	55	20,513	53,135	386
Kwintiel 5 (mins arm)	136	24,505	109,773	223
TOTAAL	358	134,062	335,982	399
Totaal vir Nie-Artikel 21-skole	522	168,500	348,611	483
Totaal vir Artikel 21-skole	928	198,693	558,190	356
Totaal vir Kwintiel 1	286	43,427	58,839	738
Totaal vir Kwintiel 2	121	50,129	74,081	677
Totaal vir Kwintiel 3	245	116,765	210,854	554
Totaal vir Kwintiel 4	341	94,656	251,982	376
Totaal vir Kwintiel 5	457	62,216	311,045	200
GROOTTOTAAL	1,450	367,193	906,801	405
Program 2 nie-personeel nie-kapitale begroting		848,217		
Topsnit-vlak		56.7%		

B.3 Subsidies aan onafhanklike skole

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat verband hou met program 3, en hul prestasiemaatreëls (►):

	<i>Meetbare doelwitte</i>	<i>Prestasiemaatreëls</i>
<i>Gehalte</i>	▲ Om te verseker dat gehalte-onderwys in onafhanklike skole plaasvind.	▲ PM301: Persentasie befondste onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is

Gespesifiseerde beleide, prioriteit en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om toegang to gehalte-onderwys vir alle kinders in die provinsie te verseker.

- Om onafhanklike onderwys wat armer skole bedien op 'n glyskaal te ondersteun as 'n komplementerende komponent tot openbare onderwys.

- **Beleide en prioriteite:**

Grondwetlik mag enigeen 'n onafhanklike skool vestig en op eie koste bedryf onderhewig aan streng kriteria. Hierdie skole mag nie diskrimineer op grond van ras nie, moet gehalte-onderwys aanbied, wat nie laer is as dié van 'n soortgelyke skool nie en moet by die WKOD geregistreer wees.

Streng registrasiekriteria word toegepas, nl.

- Fasiliteite moet toepaslik wees en 'n sertifikaat van die Plaaslike Owerheid word vereis vir klaring om 'n onderwysinrigting te bedryf.
- Daar moet 'n geskrewe Grondwet wees.
- Onderwysers moet toepaslik gekwalifiseer wees.
- Die kurrikulum van die skool moet verseker dat die uitkomstes van die Nasionale Kurrikulum bereik word.

Alle onafhanklike skole wat by die WKOD geregistreer is, is geregtig om, afhangende van die Norme en Standaade vir die Befondsing van Onafhanklike Skole, maksimum subsidies te ontvang gelykstaande aan 60% van die koste per leerder in openbare skole. Alle onafhanklike skole wat om 'n subsidie aansoek doen en geregtig is op befondsing ingevolge die Befondsingsbeleid, ontvang 'n subsidie. Om volhoubaarheid te verseker, word subsidies egter slegs toegestaan na 'n jaar van in werking wees na registrasie.

Sodra aansoek gedoen is om 'n subsidie, besoek Distriksamptenare, wat 'n evaluering doen van die onderwysprogramme, die skole. Betaling word dan gemaak slegs indien 'n bevredigende verslag by die aansoek ingesluit word, tesame met 'n aanbeveling vir betaling.

Die WKOD moet verseker dat gehalte-onderwys in die onafhanklike skole plaasvind en sal skole in hierdie verband monitor. Die Senior Sertifikaat-uitslae van onafhanklike skole word jaarliks sorgvuldig gemonitor. Waar die skole nie presteer op standaardde bokant dié van openbare skole nie, word hulle in kennis gestel dat hulle die risiko loop gederegistreer te word.

Ontleding van vordering

Daar is tans 205 geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie skole akkommodeer 'n verskeidenheid leerders uit diverse sosio-ekonomiese agtergronde en is belangrike en gewaardeerde vennote in onderwysvoorsiening in die provinsie.

Die WKOD betaal tans subsidies aan 82 onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie onafhanklike skole bied leergeleenthede vir benadeelde leerders in die provinsie.

Ontleding van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

'n Paar onafhanklike skole het 'n baie swak rekord wat betref die sistemiese toetsing op graad 3- en 6-vlakke en in graad 12. Daar is ook gereeld klagtes van leerders en ouers. Die WKOD monitor hierdie skole om te verseker dat hulle gehalte-onderwys voorsien.

Die deurvoer- en uitsetsyfers sowel as die uitslae van die onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang, word sorgvuldig gemonitor. Subsidies sal dienoreenkomstig aangepas word as dit bevind word dat skole konsekwent swak resultate oplewer.

ST301	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE – Sleutelneigings									
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde				
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)										
3.1 Primêre fase	15,673	17,432	19,270	22,327	23,287	24,335				
3.2 Sekondêre fase	14,088	15,013	14,857	17,214	17,954	18,762				
TOTAAL	29,761	32,445	34,127	39,541	41,241	43,097				
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)										
Huidige betaling	-	-	-	-	-	-				
Kompensasie van werknemers	-	-	-	-	-	-				
Goedere en dienste en ander huidige betalings	-	-	-	-	-	-				
Oordragte en subsidies	29,761	32,445	34,127	39,541	41,241	43,097				
Betalings vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-				
TOTAAL	29,761	32,445	34,127	39,541	41,241	43,097				
PERSONEELVOORSIENING										
Aantal opvoeders (in openbare diens)	-	-	-	-	-	-				
INSKRYWING										
Leerders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang	16,747	16,837	17,964	17,602	17,816	18,050				
3.1 Primêre fase	10,973	11,177	11,843	11,402	11,516	11,650				
3.2 Sekondêre fase	5,774	5,660	6,121	6,200	6,300	6,400				
Leerders in nie-gesubsidieerde onafhanklike skole	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur OBIS verkry sal word deur middel van die Jaarlikse Skoolopname.									
Graad 1 tot 7										
Graad 8 tot 12										
TOTAAL (alle leerders van onafhanklike skole)	16,747	16,837	17,964	17,602	17,816	18,050				
INRIGTINGS										
Skole wat 'n subsidie ontvang	75	81	87	87	87	87				
3.1 Primêre fase	55	60	65	65	65	65				
3.2 Sekondêre fase	20	21	22	22	22	22				
Skole wat nie 'n subsidie ontvang nie	100	104	118	118	118	118				
TOTAAL	175	185	205	205	205	205				
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes besoek is (b)	-	-	0	44	44	44				
► PRESTASIEMAATREËL										
► PM30f: moniteringsdoeleindes besoek is (b/a)	-	-	0%	50.6%	50.6%	50.6%				
► PM30f: van onafhanklike skole wat vir	-	-	0%	50.6%	50.6%	50.6%				

ST302		SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE		
Hulpbronvoorsiening via die Skoolbefondsingsnorme (2006)				
<i>Subsidievlak</i>	<i>Skole</i>	<i>Totale besteding (R'000)</i>	<i>Leerders</i>	<i>Besteding per leerder R</i>
60 % (armste)	21	19,052	6,205	3,070
40%	25	8,931	4,078	2,190
25%	18	4,280	3,078	1,391
15%	18	1,864	2,841	656
0% (mins arm)	5	0	1,762	0
TOTAAL	87	34,127	17,964	1,900
<p>Let wel: Subsidievlakke hou verband met skoolgeldvlakke op 'n vyfpunt- progressiewe skaal. Skools wat die laagste vlak vra, sal vir die hoogste vlak van die subsidie kwalifiseer. Skole wat skoolgeld vra wat die afsonderlike provinsiale gemiddelde ramings per leerder in Primêre of Sekondêre fases van openbare gewone skole respektiewelik met 2.5 keer oorskry, word geag 'n hoogs vermoënde kliëntebasis te bedien, en 0% subsidie sal uit openbare fondse aan hulle betaal word. Bron: Kennisgewing 20 van 2003</p>				

B.4 Openbare spesialeskoolonderwys

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met program 4 verband hou, en hul prestasiemaatreëls (►):

	<i>Meetbare doelwitte</i>	<i>Prestasiemaatreëls</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om toegang tot spesiale skole te bied in ooreenstemming met beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys	► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om toegang tot gehalte-onderwys vir alle kinders wat in die provinsie woon te verseker.

- Om plek in openbare spesiale skole te voorsien in ooreenstemming met beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys
- Om toegang tot openbare spesialeskoolonderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter
- Om sielkundige, sosiale, mediese, terapeutiese en leersteun te bied aan leerders wat 'n hoë vlak van steun nodig het sowel as aan leerders in die hoofstroom
- Om effektiewe en inklusiewe onderwys vir leerders wat leerstoornisse ondervind te bied
- Om te verseker dat die vloei van leerders deur openbare spesiale skole minimaal is
- Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes te bereik onder leerders aan openbare spesiale skole

Om effektiewe bestuur en beheer in al die leeromgewings en steunstrukture te verseker

- Om steun ten opsigte van bestuur en beheer nader aan skole te bring deur die werk van die distrikskantore en ander professionele dienste
- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te verseker
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehaltebevordering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele steun aan alle openbare spesiale skole te voorsien

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te voorsien

- Om opvoeders vir die openbare spesiale skole te voorsien in ooreenstemming met beleid
- Om die professionele gehalte van die onderrigkorps te ontwikkel deur middel van deurlopende professionele steun
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel om sodoende onderrig en leer te bevorder en kurrikulumsteun te bied
- Om opvoeders toe te rus om effektiewe kurrikulumontwikkeling, -lewering en -steun te verseker
- Om gefokusde opvoederontwikkelingsprogramme te loods deur die Kaapse Onderwysinstituut (KOI)
- Om gespesialiseerde onderwyssteun aan onderwysers te bied
- Om menslikehulpbronontwikkeling te bied in ooreenstemming met die Wet op Vaardigheidsontwikkeling
- Om minimum standaarde vir spesiale onderwysdienste vir leerders te implementeer wat emosionele en/of gedragsprobleme ondervind of die risiko loop om daaraan blootgestel te word

- **Beleid en prioriteite:**

Oordragbetalings aan spesiale skole word bepaal op grond van die aantal leerders sowel as die gewigte gebaseer op die verskillende leerstoornisse, soos gestipuleer in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998. Die oordragbetalings sluit in subsidies vir vergoeding van busbestuurders en klasassistente, vervoer, hostelakkommodasie, LOOM, professionele en spesiale dienste en administratiewe kostes. Skoolgebaseerde bestuurspanne by OBOS'e en SBL'e monitor besteding en kwartaallike finansiële verslag word by die WKOD ingedien. Geouditeerde state word voor die einde van Junie van die volgende jaar by die WKOD ingedien.

Diensstate vir spesiale skole word bepaal op grond van die aantal leerders en die gewigte gebaseer op die verskillende leerstoornisse, binne die toegestane poste, soos bepaal deur die Posvoorsieningsnorme vir spesiale skole.

Die rasionalisering van spesiale skole in die provinsie ten einde toeganklikheid vir leerders met leerstoornisse te bevorder is 'n prioriteit. Die versterking van spesiale skole/hulpbronsentrums is krities belangrik om gespesialiseerde steun te bied vir die hoofstroom en voldiensskole in samewerking met die distriksgebaseerde steunspanne. Hierdie prioriteit is ook gekoppel aan die nasionale Inklusiewe Onderwys-veldtoetsingsprojek in die drie nodale sones van die provinsie en sluit in die opgradering van kapasiteit om gespesialiseerde dienste te bied aan leerders met 'n hoë vlak van ondersteuningsbehoefes, en die opgradering van fisiese fasiliteite van skole om toeganklikheid te verbeter.

Ontleding van vordering

Daar is tans 14 199 leerders in die 67 spesiale skole waarvan sewe die VOO-kurrikulum aanbied. Die leerderinskrywing van die Kaapse Akademie vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie is verhoog tot 274 leerders en die kurrikulum is uitgebrei tot graad 12. Twee wetenskaplaboratoriums is ingewy en finale hostelfasiliteite is opgradeer. Daar is tans 274 leerders (graad 10 tot 12) by die Akademie.

Weens die groot aanvraag na plasing van leerders by Vaardigheidsskole, is twee nuwe skole gevestig, naamlik die Mitchell's Plain Vaardigheidsskool en die Siviwe Vaardigheidsskool in Gugulethu.

Die Departement van Kultuursake en Sport en die WKOD het gesamentlik die Wes-Kaapse Sportskool in Kuilsrivier gevestig.

Opleiding van personeel van jeugsentra en die steundienste by OBOS'e in vaardighede vir die hantering van uitdagende gedrag, en die opleiding van personeel as fasiliteerders van jeugontwikkelingsprogramme vir die *Mapping the Future*-program en die Dwelminligtingsprogram is by al die OBOS'e opgelei. OBOS-steunpersoneel en personeel van jeugsentra is opgelei in die ontwikkeling van terapeutiese vaardighede, d.i. herstellend, onderhoudvoering, herstellende groepintervensie, dwelMBERADING en hantering van die seksoortreder. Altesaam 631 personeel dede het deelgeneem aan die opleidingsprogramme.

Minimum standaard vir spesiale onderwysdienste vir risikoblootgestelde leerders is goedgekeur en na OBOS'e versprei vir implementering. Die doel van hierdie standaard is om te verseker dat dienste effektief en bevoegd is, dat die beginsels van die SA Grondwet, ander wetgewing en internasionale instrumente (UN Konvensie oor die Regte van die Kind) gehandhaaf word asook om uitdagings ten opsigte van voorsiening te identifiseer en die kapasiteit en hulpbronne te bou om die skole te ontwikkel.

Ontleding van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die huidige voorsiening in die spesialeskoolsektor is ontoereikend om die groot aantal leerders met leerstoornisse wat na spesiale skole verwys word, te akkommodeer. Dit lei tot waglyste by die bestaande spesiale skole. Die beoogde rasionalisasie van spesiale skole het ten doel om dienslewering en toeganklikheid te verbeter ten einde meer leerders te akkommodeer. Alhoewel die beskikbaarheid van genoegsame befondsing en bykomende KS-opvoederposte vir die uitbreiding van die kapasiteit van spesiale skole oor die kort termyn 'n uitdaging is, sal maniere om hierdie kwessie te hanteer, oor die medium tot lang termyn gedebatteer word.

Leerders wat ernstige emosionele, gedrags- en sielkundige leerstoornisse manifesteer, kan nie by die huidige spesiale skole of jeugsentra geakkommodeer word nie. Hierdie onderwysinrigtings het nie die kapasiteit om die intensiewe vlak van steun en behandeling te bied wat vereis word nie. Die diensleweringmodelle van die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling is net so ontoereikend om hierdie gespesialiseerde dienste aan te bied. Gevolglik kan hierdie ongelukkige leerders nie effektiewe toegang tot die kurrikulum verkry of toereikende sorg en terapeutiese programme kry nie. Sommige leerders bots met die gereg as gevolg van die gebrek aan dienste en word gekriminaliseer in die proses en dan ingevolge die Kindersorg Wet, 1983 en die Wet op Kriminele Prosedures, 1977 na jeugsentra en spesiale jeugsentra onderskeidelik verwys. Dit word beoog om met die relevante susterdepartemente in gesprek te tree oor hierdie gaping in dienslewering.

ST401	OPENBARE SPESIALESKOOLONDERWYS – Sleutelneigings						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
4.1 Skole	345,224	366,447	386,038	410,444	434,602	459,353	
4.2 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1	
4.3 Menslikehulpbrontontwikkeling	0	0	1	1	1	1	
TOTAAL	345,224	366,447	386,040	410,446	434,604	459,355	
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling	275,434	294,556	309,150	330,980	351,721	372,743	
Kompensasie van werknemers	273,315	291,577	305,235	325,964	346,337	367,117	
Opvoeders	216,114	225,010	235,550	251,547	267,268	283,304	
Nie-opvoeders	57,201	66,567	69,685	74,417	79,069	83,813	
Goedere en dienste en ander huidige betalings	2,119	2,979	3,915	5,016	5,384	5,626	
Oordragte en subsidies	69,790	71,735	76,890	79,466	82,883	86,612	
Betalings vir kapitale bates	0	156	0	0	0	0	
TOTAAL	345,224	366,447	386,040	410,446	434,604	459,355	
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal opvoeders (in openbare diens)	1,480	1,480	1,528	1,528	1,528	1,528	
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	904	905	904	904	904	904	
INSKRYWING							
Tot en met en insluitend graad 7	10,791	9,444	9,536	9,665	9,615	9,585	
Graad 8 en hoër	4,031	4,411	4,812	5,430	5,825	6,130	
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR							
Skole	76	70	67	67	67	67	
► PRESTASIEMAATREËLS							
► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes ouderdom 6 tot 15 nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie.	2%	3.7%*	2%	2%	2%	2%	

* Statistiek en persentasies gebaseer op 2005 Algemene Huishoudelike Opname

B.5 Verdere Onderwys en Opleiding

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met program 5 verband hou, en hul prestasiemaatreëls (►):

	<i>Meetbare doelwitte</i>	<i>Prestasiemaatreëls</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om die VOO-kollegesektor uit te brei in terme van die ekonomiese en sosiale behoeftes van die land.	► PM501: Aantal VOO-kollegestudente in verhouding tot jeug in die provinsie
<i>Equity</i>	▲ Om deelname deur histories gemarginaliseerde groepe aan VOO-inrigtings te bevorder.	► PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde
<i>Uitset</i>	▲ Om die suksessyfer in die VOO-kollegesektor te verbeter.	► PM503: VOO-kollege-deurvoersyfer
<i>Gehalte</i>	▲ Om toepaslike en responsiewe gehalte-VOO-leergeleenthede te voorsien.	► PM504: Persentasie leerders in leerderskappe geplaas deur VOO-kolleges

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om toegang tot gehalte-VOO-kollegeonderwys vir almal in die provinsie te verseker

- Om plek vir leerders in VOO-kolleges te voorsien in ooreenstemming met beleid
- Om kennis van en toegang tot VOO-kollegeonderwys vir leerders uit vorige gemarginaliseerde groepe ver verbeter
- Om die aantal VOO-kollegeleerders wat vir toepaslike programme by kolleges ingeskryf is te verhoog, veral vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe
- Om die ontwikkeling van programme wat responsief is vir die sosiale en ekonomiese behoeftes van die provinsie te bevorder
- Om lenings aan leerders van arm agtergronde te voorsien wat aan VOO-kolleges wil studeer
- Om leerderondersteuningsenhede by elke kollege te skep om te help met werwing, steun en plasing

Om effektiewe bestuur en beheer in alle leeromgewings en steunstrukture te verseker

- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te verseker
- Om die kennis en vaardighede van Uitvoerende Hoofde van VOO-kolleges te verbeter deur geteikende opleiding en steun
- Om die kennis en vaardighede van VOO-kollegerade te verbeter deur geteikende opleiding en steun
- Om die bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en die bevordering van gehalte op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele steun aan alle openbare VOO-kolleges te bied

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te voorsien

- Om opvoeders aan VOO-kolleges te ondersteun in ooreenstemming met beleid
- Om die professionele gehalte van die onderwyskorps te ontwikkel deur middel van deurlopende professionele steun
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel om sodoende onderrig en leer te verbeter en om kurrikulumsteun te bied
- Om opvoeders toe te rus om effektiewe kurrikulumontwikkeling, -lewering en -steun te verseker

- **Beleide en prioriteite:**

Die voortgesette herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges met 'n fokus op vaardigheidsontwikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes, soos uiteengesit deur die Nasionale Menslikehulpbronontwikkelingstrategie. Die voorwaardelike toekenning, in 2006/07 ingestel, vir die herkapitalisering van die VOO-kolleges befonds hierdie strategie.

Die deelname en suksessyfers van leerders, veral swart leerders, wat deelneem aan die VOO-band by kolleges sowel as die aantal VOO-leerders wat kwalifiseer vir hoër onderwys moet soos volg verhoog word -

- Verhoog die aantal leerders tussen 16 - 22 jaar wat by kolleges ingeskryf is
- Verhoog die aantal leerders wat vir volle kwalifikasies ingeskryf is
- Verhoog die aantal leerders wat vir hoëronderwys kwalifiseer
- Bied nuwe programme aan wat beantwoord aan die behoeftes van die ekonomie en evalueer dit
- Lei lektore op in nuwe VOO-kursusse
- Onderhou leerderondersteuningseenhede by elk van die ses kolleges en spoor leerders op wanneer hulle die kollege verlaat
- Ken beurse/lenings toe aan behoeftige leerders
- Onderhou rekenaarlaboratoriums
- Verseker dat alle studente in IKT opgelei word

Ontleding van vordering

Die huidige VOO-kurrikulum is gebaseer op Verslag 191 (Formele Tegnieese Kollegeonderrig Programme in die RSA) en Verslag 190 (Norme en standaarde vir onderrigprogramme en die eksaminering en sertifisering daarvan in tegniesekollege-onderwys). Hierdie kurrikulum- en programaanbiedings sal in die periode tot 2008 vervang word met 'n raamwerk wat vir 16- tot 20-jariges meer buigsame en responsiewe onderwys- en opleidingsprogramme aanbied. Die raamwerk vir VOO bied drie weë tot die VOOS of NKR Vlak 4-sertifikate, naamlik:

- Algemeen akademies
- Algemeen beroeps-
- Beroepsgerig – handel, operasioneel, professioneel

Dit beteken dat Verslag 191-programme geleidelik uitgefaseer word en dat relevante kwalifikasies en programme ingefaseer word.

VOO-kolleges het alreeds begin met die proses om nuwe kursusse en kwalifikasies gebaseer op Eenheidstandaarde te ontwikkel. Hierdie program is aansienlik versterk deur die iKapa elihlumayo-toekenning vir die ontwikkeling van vlak 2- tot 4-programme.

Soos wat die geval is met VOO-skole, sal die provinsie 'n proses van kurrikulumregstelling aktief dryf om te verseker dat 'n wye reeks programme in alle distrikte aangebied word. Dit sal sorgvuldige beplanning en sterk regstelaksie verg deur die herkapitalisering van kolleges, veral die voorsiening van werkswinkels en toerusting en gespesialiseerde onderrigpersoneel.

Gerigte programme stel opvoeders aan kolleges in staat om hul vaardighede in wiskundige geletterdheid en wiskunde te opgradeer, teorie en praktyk te integreer, hul akademiese en professionele kwalifikasies te opgradeer, en leer te assesser ten einde te voldoen aan UMALUSI- en SETA-standaarde en leerstoornisse te hanteer.

Kolleges ontwikkel tans ook strategieë om toegang tot VOO-kolleges te verbreed, soos:

- 'n Verskeidenheid leweringmetodes (e-leer, afstandleer, leerderskappe, vaardigheidsprogramme, ens.)
- Fasiliteite en opleiding wat aan die behoeftes van leerders met verskillende vermoëns voldoen
- Nuwe leeromgewings vir die benadeelde en landelike gemeenskappe
- Beurs- en leningskemas

Die bevolking van 16- tot 20-jariges in die Wes-Kaap is 400 000, maar slegs 210 000 of 55% van die bevolking is by skole, kolleges of volwassenesentrums vir VOO-vlak-kursusse ingeskryf (graad 10, 11 en 12 of Vlak 2 tot 4 op die NKR). Byna 50% van die leerders van enige ouderdomsgroep verlaat die skoolstelsel sonder om graad 12 te voltooi en, met slegs 20 000 leerders in VOO-kolleges, is dit duidelik dat die meerderheid leerders die kollege nie as 'n alternatief vir skole beskou nie. Alhoewel sosio-ekonomiese faktore 'n betekenisvolle rol speel in leerders wat die skool verlaat, is die toepaslikheid van vakaanbiedings en die vooruitsig van die VOO-kwalifikasie wat tot indiensneming lei faktore wat die stelsel aandag aan skenk.

Die VOO-toegangsdoelwitte het twee dimensies: eerstens om te werk in die rigting van 'n meer gelyke balans tussen diegene wat by skole vir VOO ingeskryf is en diegene wat by VOO-kolleges ingeskryf is; en tweedens om 'n verhoogde aantal 16- tot 20-jariges uit die bevolking te kry om by VOO-inrigtings in te skryf. Oor die medium termyn sal dit beteken dat die aantal graad 10- tot 12-leerders verminder word tot ongeveer 160 000 leerders en dat die VOO-kollegeleerders of diegene ingeskryf vir leerderskappe teen 2014 vermeerder word vanaf 20 000 tot 60 000 leerders.

Ontleding van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die groeiakoers van voltydse ekwivalente (VE's) in VOO-kolleges word slegs beperk deur hulpbronne, bv. personeel, toerusting, finansies, ens. Aanduidings is dat teikens bereik sal word soos wat bykomende inskrywings in die 2006-jaar opgeteken word. VOO-kolleges bied kursusse aan wat strek vanaf 'n paar uur tot jare in terme van tydsduur. Leerderinskrywing is dus deurlopend. Geouditeerde VE'e vir die voorafgaande jaar is slegs beskikbaar vanaf April in die daaropvolgende jaar omdat dit onderhewig is aan komplekse berekenings en ouditering deur eksterne ouditeurs asook die finansiële state van die betrokke kollege.

Kolleges het leerderondersteuningseenhede gevestig om die wye verskeidenheid van leerders met verskillende leeragtergronde en -ervarings te akkommodeer en te ondersteun. Opsporing van leerders intern sal gedoen word om leerders te ondersteun in die kurrikulum en werkplasing.

Die geloofwaardigheid en waarde van kwalifikasies wat aan VOO-kolleges verwerf word sal afhang van die gehalte van hul programaanbiedings. Kolleges sal gehaltebeheerstelsels ontwikkel en toepas ten einde die gehalte van akademiese en nie-akademiese prosesse te meet en te verbeter.

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleutelneigings									
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde				
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)										
5.1 Openbare inrigtings	152,383	168,186	194,525	229,635	242,721	336,841				
5.2 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1				
5.3 Menslikehulpbrontontwikkeling	0	0	1	1	1	1				
5.4 Voorwaardelike toekennings	0	0	70,000	80,000	77,305	0				
TOTAAL	152,383	168,186	264,527	309,637	320,028	336,843				
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)										
Huidige betaling	121,977	133,538	154,774	164,895	175,201	185,713				
Kompensasie vir werknemers	121,969	133,538	154,722	164,895	175,201	185,713				
Opvoeders	101,035	110,618	128,156	136,582	145,119	153,826				
Nie-opvoeders	20,934	22,920	26,566	28,313	30,082	31,887				
Goedere en dienste en ander huidige betalings	8	0	52	0	0	0				
Oordragte en subsidies	30,406	34,648	109,753	144,742	144,827	151,130				
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0				
TOTAAL	152,383	168,186	264,527	309,637	320,028	336,843				
PERSONEELVOORSIENING										
Opvoeders	940	1,040	997	1,120	1,120	1,120				
In poste	733	776	767	890	890	890				
In diens by kollege	207	264	230	230	230	230				
Nie-opvoeders	777	858	813	813	813	813				
In poste	262	253	243	243	243	243				
In diens by kollege	515	605	570	570	570	570				
INSKRYWING										
Voltydse-ekwivalent –studente	19,350	21,000	21,323	25,000	27,000	29,000				
Studente (per kop) (a)	49,185	44,296	53,695	60,000	68,000	75,000				
waarvan vroulik	17,707	16,390	19,151	22,000	27,000	32,000				
waarvan vroulik in tegniese velde (b)	6,643	6,684	7,605	8,653	9,845	11,202				
Studente wat programme suksesvol voltooi gedurende die jaar (c)	33,446	31,007	43,200	49,000	56,000	62,000				

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleutelneigings (vervolg)						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
STATISTIEK OOR LEEDERSKAPPE							
Aktiewe leiderskapoooreenkomst in die provinsie (d)	648	1,967	1,582	1,582	1,582	1,582	
Aantal ooreenkomste met VOO-kolleges as verskaffer (e)	Hierdie statistiek kan nie tans bereken word nie aangesien akkurate databronne vir leierskapoooreenkomste met betrekking tot VOO-kolleges nie beskikbaar is nie.						
► PRESTASIEMAATREëLS							
► PM501: Persentasie VOO-studente in verhouding tot jeug in die provinsie	20.4%	17.9%	21.4%	23.4%	25.9%	28.0%	
► PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese veide (b/a)	38%	41%	40%	39%	36%	35%	
► PM503: VOO-kollege-deurvoersyfer (c/a)	68.0%	70.0%	80.5%	81.7%	82.4%	82.7%	
► PM504: Persentasie leiders in leiderskappe geplaas deur VOO-kolleges (e/d)	Hierdie statistiek kan nie tans bereken word nie aangesien akkurate databronne vir leierskapoooreenkomste met betrekking tot VOO-kolleges nie beskikbaar is nie.						
► PPM501: Aantal studielienings toegeken aan studente aan VOO-kolleges.	1 644	3 251	2 885	3 545	4 201	4 859	

B.6 Basiese Volwasseneonderwys en –opleiding

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met program 6 verband hou, en hul prestasiemaatreëls (▶):

	<i>Meetbare doelwitte</i>	<i>Prestasiemaatreëls</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang kry tot BVOO-sentrums.	▶ PM601: Aantal BVOO-leerders in verhouding tot volwassense in die provinsie

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om toegang tot BVOO en vaardigheidsontwikkeling vir volwassenes te verbeter in ooreenstemming met beleid.

- Om die aantal leerders, veral vroue, jeug, landelike en arm leerders wat vir BVOO en Volwassene- Verdere Onderwys en Opleiding(VVOO)-kursusse by GLS'e ingeskryf is te verhoog met 'n minimum van 2 500 per jaar.
- Om doelgedrewe BVOO- en VVOO-kwalifikasies te ontwikkel en aan te bied
- Om vennootskappe met ander regeringsdepartemente, SOOO's en nieregeringsorganisasies (NRO's) te sluit vir die lewering van BVOO en VVOO-kursusse
- Om die aantal volwasse leerders wat hul kwalifikasies in die BVOO en VVOO-band suksesvol voltooi te verhoog
- Om die goedgekeurde aanbevelings van die BVOO-lewensvatbaarheidstudie te implementeer

Om effektiewe bestuur en beheer in alle leeromgewings en steunstrukture te verseker.

- Om steun en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan GLS'e te bring deur die werk van distrikskantore en ander professionele dienste
- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslikehulpbronne regoor die stelsel te verseker
- Om die kennis en vaardighede van GLS-bestuurders te verhoog deur middel van geteikende opleiding en steun
- Om die kennis en vaardighede van GLS-beheerliggame te verbeter deur middel van geteikende opleiding en steun
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehaltebevordering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele steun aan alle BVOO-leeromgewings te voorsien

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien

- Om die professionele gehalte van die onderwyskorps te ontwikkel deur middel van deurlopende professionele steun
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel om sodoende onderrig en leer te verbeter e kurrikulumsteun te bied
- Om opvoeders toe te rus om effektiewe kurrikulumontwikkeling, -lewering en –steun te bied
- Om die aantal onder- en ongekwalifiseerde praktisyns wat aan Leerderskappe deelneem te verhoog.

- **Beleidsprioriteite:**

Daar is voorsiening gemaak vir 2 500 nuwe leerders per jaar om toegang tot BVOO te verkry. Dit sal deur middel van die volgende voorsien word:

- Doelgedrewe, gemodulariseerde BVOO vlak 1-, 2- en 3-leerplanne – bestaande uit twee programaanbiedings, naamlik gesyferdheid en geletterdheid, aangebied in alle gemeenskapsleersentrums
- 'n Fokus op die keusevakke op BVOO Vlak 4, d.i. Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie
- Vlak 4-sentrums wat 'n seleksie van leerareas aanbied wat lei tot 'n doelgerigte AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap
- Voorsiening van fisiese en finansiële hulpbronne om die BVOO-kurrikulum te ondersteun
- Alle huidige opvoeders wat geteikende opleiding ontvang en alle nuwe opvoeders wat oriëntering en opleiding ontvang
- Alle GLS-bestuurders wat toepaslike opleiding (tegniese vaardighede en persoonlike ontwikkelingsplanne) op 'n deurlopende basis ontvang
- Verhoging van die aantal vennootskappe met provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en die privaatsektor.
- Integrasie van IKT in die lewering van die kurrikulum op BVOO Vlak 1 – 4

- Verbeterde monitoring van leerdersinskrywing/behoud op distriksvlak

Die voorsiening van leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme wat gekoppel is aan werkgeleenthede moet soos volg verhoog word -

- Verhoog die aantal leerderskappe aangebied in areas geïdentifiseer deur die MEOS
- Verbeter deurvoer- en voltooiingsyfers deur vaardigheidsgebaseerde en behoeftegedrewe programme aan te bied.
- Gebruik plasinginstrumente (Plasinginstrumente word gebruik om te verseker dat leerders korrek geplaas word wanneer hulle vir 'n BVOO-kursus registreer).

Die WKOD sal ook –

- Die vestiging van 'n voltydse BVOO-sentrum gebaseer op die bevindings van die lewensvatbaarheidstudie ondersoek.
- Verbeterde beheer van BVOO-sentrums verseker deur die implementering van toepaslike kapasiteitsbou-intervensies.

Ontleding van vordering

In 2002 is 10 000 volwasse leerders ingeskryf vir BVOO-kursusse en 16 000 vir graad 10- en 12-programme. Die retensie- en deurvoersyfer in beide basiese en verdere onderwys by volwassenesentrums (GLS'e) is swak en die provinsie beoog om dit te verander deur middel van meer toepaslike programme en verbeterde lewingsmeganismes.

Dit sal gedoen word deur die voorsiening van 'n vaardigheidsgebaseerde (nie skoolgebaseerde nie) BVOO vlak 1- tot 4-kurrikulum wat voorsiening maak vir gereelde assesseringsgeleenthede. Dit beteken:

- 'n BVOO vlak 1- en 2-kurrikulum – bestaande uit vaardigheidsprogramme in gesyferdheid en geletterdheid
- 'n BVOO vlak 3- en 4-kurrikulum – bestaande uit die basisvakke, en die bekendstelling van kernleerareas in lyn met die leerder/sentrum se studierigting in vlak 4 BVOO

Daar is voorsiening gemaak vir 2 500 nuwe leerders per jaar om toegang tot BVOO te verkry. “Nuwe leerders” word gedefinieer as leerders wat vir die eerste keer tot die stelsel toetree en diegene wat tot die stelsel toetree na 'n onderbreking van een jaar. Afsonderlike statistiek sal bygehou word om 'n ontleding van skoolverlaters te fasiliteer.

Leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme fokus op werkplek-en ervaringsleer leer. Leerders word gewoonlik getrek uit die werklose (voorheen in diens en uit diens gestel, insluitend diegene in eie diens, en hulle verskil in ouderdom en het heelwat uiteenlopende kurrikulumondersteuningsbehoefes. Suksesvolle leerders behaal nasionaal erkende leerkrediete/kwalifikasies. Die voorsiening van leerderskappe is 'n kontraktuele vennootskap van die verskaffer, werkplek en leerder. Die Departement van Arbeid met die SOOO's is die nasionaal ontwerpte kampioen van hierdie stelsel van werkplekvoorsiening. Behalwe vir internskappe, wat die ervaringsleercomponent is vir sekere graad/diplomakursusse op hoëronderwysvlak, word hierdie leerprogramme aangebied vanaf BVOO/NKR vlak 1 - NKR vlak 5.

Ontleding van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die meerderheid leerders behaal die vereiste krediete oor 'n tydperk van minstens twee tot drie jaar. Sodra 'n leerder die vereiste 120 krediete behaal het, kan 'n AOOS deur UMALUSI uitgereik word. Gevolglik is die aantal AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) relatief laag vergeleke met die gestelde teiken. Verder is leerareaserifikate uitgereik wanneer leerders 'n leerarea suksesvol voltooi.

Die ontwikkeling van intermediêre en hoë vaardighede in leerderskappe en ander leerprogramme ervaar 'n aantal generiese probleme en die oplossing daarvan moet geprioritiseer word deur middel van 'n koördinerende meganisme. Sommige van hierdie probleme is: swak wiskunde-, wetenskap- en Engelsvaardigheid (essensieel die Grondslae van die NKR-stelsel); motivering van leerders; billikheid en die ontwikkeling van skaars vaardighede; die fragmentasie van die aanbod van onderwys en opleiding; en die uitbreiding van die aantal leerders in alle tipes voorsiening.

Ten einde die gehalte van die voorsiening van volwasseneonderwys-toepaslike modelle vir onderrig en kurrikulumbestuur by GLS'e te verbeter, sal die bevindinge van die lewensvatbaarheidstudie as basis dien vir enige intervensie. Hierbenewens sal 'n opleidings- en ontwikkelingsmodel vir personeel aan BVOO-sentrums gevestig en geïmplementeer word. Die model sal verseker dat alle huidige opvoeders geteikende opleiding ontvang en dat alle nuwe opvoeders oriëntering en opleiding en ontwikkeling ontvang.

ST601	BASIESE VOLWASSENEONDERWYS EN –OPLEIDING – Sleutelneigings						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
6.1 Subsidies aan private sentrums	21,151	23,051	23,569	26,054	27,311	28,652	
6.2 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1	
6.3 Menslikehulpbronontwikkeling	0	0	1	1	1	1	
TOTAAL	21,151	23,051	23,571	26,056	27,313	28,654	
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling	5,564	5,850	7,797	7,272	7,721	8,180	
Kompensasie van werknemers	5,198	5,432	5,948	6,994	7,431	7,877	
Opvoeders	4,372	4,569	5,002	5,882	6,249	6,624	
Nie-opvoeders	826	863	946	1,112	1,182	1,253	
Goedere en dienste en ander huidige betalings	366	418	1,849	278	290	303	
Oordragte en subsidies	15,587	17,201	15,774	18,784	19,592	20,474	
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0	
TOTAAL	21,151	23,051	23,571	26,056	27,313	28,654	
PERSENEELVOORSIENING							
Aantal opvoeders (in openbare diens)	4	3	4	4	4	4	
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	11	11	10	11	11	11	
INSKRYWING							
VOO-vlak	15,925	16,975	15,529	19,600	20,655	21,655	
VOO-vlak	16,574	17,668	22,110	20,400	19,845	20,845	
TOTAAL (a)	32,499	34,643	27,639	40,000	40,500	42,500	
BEVOLKING							
Bevolking ouderdom 18 tot 60 (b)	2 667 975	2,718,151	2,767,069	2,821,443	2,874,777	2,927,328	
INRIGTINGS							
Gesubsidieerde sentrums	314	346	351	351	351	351	
► PRETASIEMAATREëLS							
► PM601: Aantal BVOO-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie (a/b)	1.2%	1.3%	1.4%	1.4%	1.4%	1.5%	

B.7 Vroeëkindertontwikkeling

Die volgende is die meetbare doelwitte/objectives (▲) wat met program 7 verband hou, en hul prestasiemaatreëls (▶):

	<i>Meetbare doelwitte</i>	<i>Prestasiemaatreëls</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om openbaar befondste Graad R te voorsien ooreenkomstig ingevolge beleid	▶ PM701: Persentasie leerders in openbaar befondste Graad R

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.

- Om graad R-ruimtes in openbare gewone skole en in onderwysbefondste gemeenskapsgebaseerde plekke en as beskikbare onderrigruimte te voorsien ooreenkomstig beleid, spesifiek Witskrif 5.
- Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter
- Om die aantal leerders in graad R-programme te vergroot sodat alle kinders van ouderdom vyf wat in die Wes-Kaap woon in graad R-klasse ingeskryf is
- Om te verseker dat die NKV-leeruitkomstes onderrig en bereik word in alle graad R-klasse (skoolgereedheidstoetse sal gebruik word om dit te bepaal)
- Om hulpbronne te voorsien om die onderrig van die NKR graad R in elke leerplek te verseker
- Om alle graad R-onderwysers in die NKR op te lei
- Om risikoblootgestelde leerders en hul leerstoornisse te identifiseer

Om effektiewe bestuur en beheer in al die leerplekke en steunsentra te verseker

- Om steun en ontwikkeling t.o.v. bestuur en beheer nader na graad R-leerplekke te bring deur die werk van die distrikskantore en ander professionele dienste
- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne regoor die stelsel te bereik
- Om die kennis en vaardighede van die graad R-personeel te verbeter deur middel van geteikende opleiding en steun
- Om die kennis en vaardighede van beheerliggame te verbeter deur middel van geteikende opleiding en steun
- Om die bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en die bevordering van gehalte op alle vlakke te verbeter ooreenkomstig provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele steun aan alle graad R-leerplekke te bied

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te voorsien

- Om die professionele gehalte van die onderwyskorps te ontwikkel deur middel van deurlopende professionele steun rakende die NKV
- Om opvoeders toe te rus om effektiewe kurrikulumontwikkeling, -lewering en -steun te verseker
- Om gespesialiseerde onderwyssteun aan leerders te bied

- **Beleidsprioriteite:**

'n Strategie vir die steun van VKO in die Wes-Kaap is ontwikkel deur 'n intersektorale beplanningspan onder leiding van die WKOD en die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO).

Die oorkoepelende doel van die benadering is die voorsiening van 'n geïntegreerde en gekoördineerde benadering om die effektiewe en holistiese dienste aan jong kinders in die ouderdomsgroep geboorte tot vier jaar oud te verseker. Die doel van die strategie is om nie alle kinders in crèches of dagsorgsentrums te hê nie, maar te verseker dat kinders se versorgers (ouers, grootouers, gemeenskapswerkers, personeel van dagsorgsentrums, preprimêre skole en crèches) toegerus is om die fisiese, sosiale en kognitiewe ontwikkeling van kinders te bevorder.

As deel van hierdie geïntegreerde benadering tot die ontwikkeling van alle 0- tot 4-jariges wat in die provinsie woon, sal die WKOD versorgers in die VKO-kurrikulum oplei. Die EPWP is na die VKO uitgebrei en maak voorsiening vir 'n leerderskapprogram sowel as die voorsiening van hulpbronnestelle aan sekere VKO-gemeenskapsentra.

Terwyl daar universele inskrywing van kinders van ouderdom 6 – 15 in die Wes-Kaap is, het nie alle vyfjariges toegang tot graad R nie. Die provinsie se tweede MKOS-doel is om teen 2010 op die eerste vlak van formele onderwys, naamlik graad R hoë gehalte leerprogramme aan alle vyfjaaroue kinders in die Wes-Kaap te bied sodat hulle bekend gestel kan word aan vroeë lees- en syfervaardighede. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers ongeletterd is en huise arm is aan teks- en hulpbronnemateriaal. Die NKV graad R-kurrikulum spel die kennis en vaardighede uit wat aan vyfjariges onderrig moet word. Die menslikehulpbronnuitdaging vir die provinsie is om te verseker dat die leeruitkomstes van die graad R NKV in alle graad R-leerplekke onderrig en verwerf word.

Indien konserwatiewe beramings van 2006-deelnamesyfers in die Wes-Kaap gebruik word, dit is 60 000 van 'n moontlike groep van 80 000 leerders, dan moet 'n addisionele 20 000 kinders in die periode tot 2010 bereik word. Dit beteken die inskrywing van gemiddeld 6 000 addisionele vyfjaaroue kinders elke jaar in die periode tot 2010. Maar hierdie kinders moet ook in hoëgehalte-programme ingeskryf word omdat die voorsiening van graad R-programme aan jong kinders gebaseer is op die aanname dat hierdie programme 'n soliede basis en voordeel vir leer in skoolverband bied. Hierdie aanname word ondersteun deur 'n aantal studies, insluitend die nasionale sistemeise assesseringstudie van graad 3-leerders wat in 2001 onderneem is, sowel as die provinsiale sistemiese evaluering wat in 2004 en 2006 onderneem is. Hierdie studies toon 'n hoë korrelasie tussen lees- en syfervaardigheid op die graad 3-vlak en toegang tot voorskoolse programme.

Om graad R-onderrig van hoë gehalte te bied aan alle vyfjariges sodat hulle gereed is vir skoolleer, sal die WKOD die volgende kort- tot mediumtermynplanne implementeer -

- Steunwerwing en werwing van bykomende leerders, veral in die landelike en arm gebiede.
- Vestiging van klasse in openbare skole waar ruimte dit toelaat.
- Versekering dat elke klas 'n toepaslik gekwalifiseerde onderwyser het.
- Versekering dat daar toereikende LOOM is vir gehalte-onderrig en -leer.
- Voortgaan om die DOK te ondersteun in die opgradering van die kwalifikasie van versorgers/praktisyne in terme van die EPWP.
- Monitering op distriktvlak deur Kurrikulumadviseurs en Kringbestuurders.

Ontleding van vordering

Toegang tot graad R is verhoog vanaf ongeveer 21 000 in 1996 tot meer as 60 000 in 2006. Gedurende 2006 is elke graad R-kind by 'n inrigting gesubsidieer in plaas van 'n klas met 'n maksimum grootte van 30. Dit het die aantal kinders wat vir finansiële hulp kwalifiseer verhoog.

Die afskaffing van departementeel goedgekeurde poste en hul vervanging met per capita-subsidies het groter toegang in armer gebiede moontlik gemaak. Dit het egter onbedoelde gevolge gehad – salarisse is drasties verlaag in arm inrigtings, gekwalifiseerde onderwysers het na die vermoënde inrigtings gegaan en daar was 'n drastiese afname in studente wat gewillig is om hulle as opvoeders te bekwaam vir hierdie sektor. Dit het ook gelei tot die afskaffing van kursusse by opleidingsinstansies.

Ontleding van beperkinge en maatreëls wat beplan word om dit te oorkom

Dit is moeilik om presiese getalle graad R-leerders te bepaal omdat baie van die gemeenskapsentra in afgeleë landelike gebiede of in informele nedersettings geleë is waar kommunikasie 'n kritieke uitdaging is. Kits- en Jaarlikse Opnamevorms word nie terugbesorg nie.

OBOS-amptenare is oorlaai en nie in staat om die leerplekke gereeld te besoek om te verseker dat gehalteprogramme aangebied word nie. Baie van die take van monitering en steun is veronderstel om deur Kringbestuurders en Administratiewe Beamptes gelewer te word, maar daar is beperkte kapasiteit in hierdie pillare.

Hierdie kwessies geniet deurlopende aandag om die doeltreffendheid en bevoegdheid van die VKO-sektor te verseker.

ST701	Vroeëkindertontwikkeling - Sleutelneigings						
	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde	
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
7.1 Graad R in openbare skole	49,243	57,829	52,434	54,908	58,195	61,571	
7.2 Graad R in gemeenskapsentrums	10,125	16,648	42,499	67,741	110,948	115,940	
7.3 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1	
7.4 Menslikehulpbrontontwikkeling	0	0	12,463	30,389	45,638	47,692	
7.5 Voorwaardelike toekennings	767	0	0	0	0	0	
TOTAAL	60,135	74,477	107,397	153,039	214,782	225,204	
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling	44,544	44,764	55,913	74,309	95,501	100,556	
Kompensasie van werknemers	42,170	43,829	45,249	47,493	50,461	53,489	
Opvoeders	42,170	43,829	45,249	47,493	50,461	53,489	
Nie-opvoeders	0	0	0	0	0	0	
Goedere en dienste en ander huidige betalings	2,374	935	10,664	26,816	45,040	47,067	
Oordragte en subsidies	15,591	29,713	51,484	78,730	119,281	124,648	
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0	
TOTAAL	60,135	74,477	107,397	153,039	214,782	225,204	
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal opvoeders (in openbare diens)	312	299	294	289	289	289	
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	-	-	-	-	-	-	
INSKRYWING (MET OPENBARE FONDSE BETAAL)							
Graad R in openbare skole (a)	30,873	31,505	29,212*	38,000	40,000	42,000	
Graad R in gemeenskapsentra (b)	25 160	28 000	30 000	32,000	34,000	36,000	
Voor graad R in openbare skole	2,685	2,485	1,787*	2,102	2,102	2,102	
Voor graad R in gemeenskapsentra	Hierdie statistiek kan tans nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur OBIS verkry sal word deur middel van die Jaarlikse Skoolopname.						
TOTAAL	58,718	61,986	60,999	72,102	76,102	80,102	
BEVOLKING							
Bevolking ouderdom 5 (c)	83 914	89,423	90,975	91,757	92,829	94,077	
► PRESTASIEMAATREËLS							
► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondste Graad R ((a+b)/c)	66.7%	68.2%	65.0%	76.3%	79.7%	82.9%	

*SOBIS Huidig (13 Oktober 2006)

B.8 Hulp- en verwante dienste

Die volgende is die meetbare doelwitte/objectives (▲) ten opsigte van program 7, en hul prestasiemaatreëls (▶):

	<i>Meetbare doelwit</i>	<i>Prestasiemaatreëls</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om MIV/VIGS-lewensvaardighede in skole te lewer, en om toegang tot 'n toepaslike en effektief geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en steun te verseker.	▶ PPM 801: Aantal opvoeders opgelei om lewensvaardighedsopvoeding in MIV/VIGS-en seksualiteit aan te bied ▶ PPM 802: Persentasie jaarlikse lewering van aangevraagde LOOM aan skole te lewer ▶ PPM 803: Aantal skoolgemeenskappe 'opgelei' en ondersteun in die implementering van Sorg- en Steunstrategieë vir kwesbare kinders ▶ PPM 804: Aantal SBS'e en SBL'e 'opgelei' en ondersteun in die ontwikkeling van MIV/VIGS-beleid en bestuursplanne, binne die konteks van WVP en SVP'e

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelwitte en mikpunte:**

Om menslikehulpbronontwikkeling te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Vaardighedsontwikkeling.

- Om die OOP SOOO te ondersteun met die administrasie van die sektor

Om voorsiening te maak vir MIV/VIGS-opvoeding in skole, en om toegang tot 'n toepaslike en effektief geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en steun te verseker. Dit sluit in stelselwye strategieë om MIV by opvoeders en leerders te voorkom, om MIV/VIGS in skoolgemeenskappe te bestuur, om psigo-sosiale steun aan geaffekteerde opvoeders en leerders te bied, en om die totale respons op MIV/VIGS te bestuur ten einde gehalte in onderwys te beskerm.

- Om toereikende opleiding en steun te bied aan 80% van AOO- en 80% van VOO-Lewensoriëntering-opvoeders ten einde te verseker dat alle leerders in graad 1 tot 12 jaarliks 'n minimum van 20 uur ouderdoms- en konteksgepaste KSAV-gebaseerde, interaktiewe MIV/VIGS-lewensvaardighede en seksualiteitsopvoeding ontvang, deur Lewensoriëntering en die invoer van MIV/VIGS-lewensvaardighede oor ander vakke en leerareas heen (verwys na Nasionale Geïntegreerde Plan vir Kinders geïnfekteer en geaffekteer deur MIV en VIGS, 2001; cf WHO/UNESCO 'n minimum van 40 uur per jaar om gedragsverandering teweeg te bring).
- Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling, seleksie, vertaling, verkryging en verspreiding van ouderdoms/graad- en taalgepaste, kurrikulumgebaseerde, MIV-spesifieke leerder- en onderwysondersteuningsmateriaal (LOOM) ten einde effektiewe MIV/VIGS-lewensvaardighedsopvoeding in die klaskamer te ondersteun.
- Om belanghebbendes 'op te lei' en om die vestiging van 'n toepaslike netwerk van effektiewe, volhoubare skoolgemeenskappegebaseerde Sorg en Steunstrategieë vir kwesbare kinders.
- Om te verseker dat SBS-lede en sleutel-ouerlede en gemeenskapsvertegenwoordigers op die SBL'e 'opgelei' en ondersteun word in die ontwikkeling en handhawing van 'n konteksgepaste MIV-beleid en MIV/VIGS-Bestuursplan – binne die konteks van die nege fokusareas van die HSE en die ontwikkeling van Skooverbeteringsplanne (SVP's).
- Om die ontwikkeling en implementering van 'n effektiewe, gehalteversekerde portuuroopvoedingsprogram vir die voorkoming van MIV in adolessensie, in skole en VOO-kolleges te ondersteun.
- Om strategieë vir inligtingsverspreiding en motivering te ontwikkel gerig op proaktiewe deelname aan die ontwikkeling van plaaslike programme en steunwerwingsgeleenthede (soos Valentynsdag, Skool MIV-maand, Kondoomweek, SBL-vergaderings, portuuroopvoedings- en vakansieprogramme, oerwerkswinkels, ens.) en die bevordering van 'n breedgebaseerde, multisektorale 'instaatstellende omgewing' vir effektiewe voorkoming, sorg en steun aanmoedig.
- Om 'n effektiewe, geïntegreerde, hoofstroom- (en dus volhoubare) intra- en interdepartementele MIV/VIGS-bestuurstelsel vir die WKOD te ontwikkel – wat insluit 'n interdirektorale MIV/VIGS-bestuurseenheid en distrikgebaseerde MIV/VIGS-bestuurseenhede/spanne, provinsiale en distrikgebaseerde meesteropleidingspoele, distrikgebaseerde psigo-sosiale steundienste, intersektorale samewerking en vennootskapsbestuur, die vestiging van Skool-MIV/VIGS-koördineerders en skoolklusters, gehalteversekering (deur navorsing, beleidsontwikkeling, monitering en evaluering), en doeltreffende programadministrasie en finansiële bestuur.

- Om voorsiening te maak vir toepaslike inisiatiewe in Sentrums vir Vroeë Leer, BVOO-sentrums en VOO-kolleges.
- Om 'n werknemer-MV/VIGS-program en 'n Werknemerswelsynsprogram (WWP) te ontwikkel.

Om organisatoriese doeltreffendheid en bevoegdheid in die administrasie van die eksterne eksamens te bevorder.

- Om die Senior Sertifikaat- en BVOO-Vlak 4-eksamens en die sertifikasie daarvan te bestuur.

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te voorsien

- Om te verseker dat die provinsie 'n toereikende aantal toepaslik opgeleide opvoeders voorsien.
- Om te help met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame onderwysers.
- Om die pogings om studentonderwysers vir voordiens-opleidingsinrigtings te werf.

Om die provinsiale doelwitte van iKapa elihlumayo te ondersteun

- Om die vaardighede en aanleg van graad 8-leerders te toets.
- Om AOO- en VOO-onderwysers op te lei om loopbaanadvies te bied.
- Vestiging van vaardigheidsskole.
- Uitbreiding en ontwikkeling van fokusskole.
- Voorsiening van rekenaarlaboratoria.

- **Beleide en prioriteite:**

Die WKOD het 'n sleutelrol om te speel in die konseptualisering en dryf van 'n MKOS as die hoofvoorsiener van:

- VOO, wat die basis vir alle menslikehulpbronontwikkeling in die provinsie vorm; en
- VOO, wat geleenthede bied vir die verdere ontwikkeling van die vaardighede en kennis wat vir indiensneming en ekonomiese deelname vereis word.

Onderwyseropleiding

'n Belangrike behoefte van die MKOS is die beskikbaarheid van goedgekwalifiseerde onderwysers, veral diegene wat wiskunde, wetenskap en tegnologie onderrig. Finansiële steun word voorsien om aspirantonderwysers wat die profesie as Wiskunde- en/of Wetenskap- en Tegnologieonderwysers wil toetree.

MIV/VIGS:

Suid-Afrika het die hoogste aantal persone geïnfekteer met die Menslike Immunitetsgebrekswirus (MIV) in die wêreld – 'n geraamde 5,9 tot 6,5 miljoen mense. Meer as 20% van die volwasse bevolking en 30% van volwassenes van die ouderdom waarop kinders voortgebring word, is geïnfekteer. 'n Geraamde driekwart van alle nuwe infeksies kom voor in jongmense tussen 15 en 25 jaar. Soveel soos 60% van jongmense wat tans jonger as 15 jaar oud is, kan die virus in die volgende 2 tot 3 dekades opdoen, en kan dus voor hul ouers sterf. Die meeste (maar nie almal nie) van hierdie kinders sal MIV-negatief tot die onderwysstelsel toetree, 'n groeiende aantal sal die stelsel positief verlaat – in die Wes-Kaap aangevuur deur unieke hoë vlakke van TB en methamphetamine ('tik')-misbruik. Maar die meerderheid sal binne die 10 tot 15 jaar nadat hulle die skool verlaat het, geïnfekteer word. Die taak vir opvoeding, ingevolge die MKOS, is om hierdie jongmense vir daardie risiko voor te berei, ten einde infeksie vir hulself en andere te voorkom. Soos die epidemie toeneem, sal veral jong kinders kwesbaar word, met toenemende potensiaal vir fisiese mishandeling en verlaagde onderwysgeleenthede. Die aantal weeskinders in die onderwysstelsel sal steeds toeneem, met die verhoogde potensiaal vir vroeë skoolverlating. Die onderwysstelsel self sal onder 'n onder ongeëwenaarde aanslag kom van 'n komplekse kombinasie van sosio-ekonomiese faktore. Elke aspek van onderwysbestuur, onderrig en leer sal beïnvloed word, en die meeste bestaande onderwysstelsel- en bestuursprobleme sal vererger word.

Terwyl die dringende en doelgerigte hantering van MIV/VIGS in en deur onderwys nie in die MKOS spesifiek as 'n strategiese prioriteit geïdentifiseer is nie, bly dit 'n nasionale prioriteit. Hierdie mandaat word, egter gereflekteer in, *onder andere*, die Nasionale Geïntegreerde Plan vir Kinders Geïnfekteer en Geïnfekteer deur MIV en VIGS (2001), die Wet op Nasionale Onderwys: Nasionale MIV/VIGS-beleid vir Leerders en Opvoeders (1996), en die jaarlikse Wet op Verdelling van Inkomste. Onderwys se verantwoordelikheid word ook gereflekteer in die Regering se Nasionale Plan van Aksie, Sosiale Kluster (2006) in terme van voortgesette implementering van die Regering se Omvattende Plan om MIV en VIGS te bekamp. Op 'n provinsiale vlak, spreek die Wes-Kaap Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsstrategie ('iKapa elihlumayo') die verhouding tussen, byvoorbeeld, die menslike kapitaal en sosialekapitaalontwikkelingsstrategieë aan, terwyl die Sosialekapitaalstrategie (SKS) verder die vorming van sosiale kapitaal beskryf in terme van sleutelprovinsiale intervensies soos Gesondheid 2010, die provinsiale MIV/VIGS-program, jeugontwikkeling, programme vir die versterking van die gesin en gemeenskapsgebaseerde strukture, ens. Laastens, beskryf die interdepartementele Departementele 'Omvattende MIV & VIGS-Strategie vir die Wes-Kaap, Strategiese Plan en Implementeringsraamwerk: 2006 to 2011' uitvoerig die verantwoordelikhede en teikens vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement. Hierby ingesluit is die nuwe WKOD-verantwoordelikhede en teikens vir, *onder andere*, potensieel sensitiewe kwessies soos die

bevordering en voorsiening van vrywillige berading en toetsing (VBT) vir volwassenes ouer as 15 jaar, (provinsiale teiken 15% van volwassenes jaarliks, WKOD-teiken 20 000 vir 2007/08, wat teen 2009/10 tot 50 000 styg) en verhoogde kondoomgebruik tot 100 kondome per volwasse man ouer as 15 jaar teen 2010 (met soortgelyke teikens). Die Versnelde MIV-Voorkomingstrategie: 'n Multisektorale Raamwerk vir Aksie in die Wes-Kaap 2006 tot 2011 bekyk hierdie strategie krities in respons op die nasionale, multisektorale MIV & VIGS- en STI-Strategiese Plan vir Suid-Afrika, 2007-2011. Die Wes-Kaap Provinsiale VIGS-Raad, wat verteenwoordiging van onderwys insluit deur die LUR, het die Versnelde MIV-voorkomingstrategie, 2006 tot 2011, onderskrif.

Gegee die dwarsleggende en sosialekapitaal-aard van die MIV/VIGS-program (en sy noue maar tans ongestruktureerde verband met soortgelyke sosiale uitdagings in onderwys, soos dwelmmisbruik, tienerswangerskap, seksuele mishandeling, gedragsverandering en ander jeuggebaseerde strategieë) hou die WKOD se organisatoriese herontwerp die potensiaal in vir 'n verbeterde belyning van verwante sosiale uitdagings, groter doeltreffendheid in personeelaanwending, vermindering in duplisering van dienste, en groter algehele impak. Nieteenstaande dit, gaan die respons op MIV/VIGS voort om die kompartement-effek van die huidige WKOD-organogram teen te staan, en verantwoordelikehede word toenemend verskuif na die toepaslike lynfunksie in die verskillende hoofkantoor-direktorate en distrikgebaseerde kantoor-komponente, ten einde groter doeltreffendheid en volhoubaarheid benewens voorwaardelike skenkersfondse te verseker.

Khanya Tegnologie in Onderwys-Projek

Die Khanya-projek sal rekenaarlaboratoria in 200 addisionele skole vestig.

Ontleding van vordering

MIV/VIGS: Voorwaardelike toekenning:

Alle skole is in klusters ingedeel (5-20 per kluster) vir steunwerwing, opleiding en deurlopende steun. Alle skole het aangewese MIV/VIGS-koördineerders en/of komitees. Kumulatief, is 17 124 opvoeders teen 2006/07 opgelei (teen 'n teiken van 16 000). 'n Geraamde 820 000 leerders (85%) ontvang gereeld MIV/VIGS-lewensvaardigheidsopleiding (binne die konteks van Lewensoriëntering). Terwyl voorkomende onderwys deur Lewensoriëntering die ruggraat van die program bly, is die fokus nou besig om te skuif na integrasie van MIV/VIGS oor die totale kurrikulum ('Prestasie'-program) heen.

Die ontwikkeling en vertaling van opleidingsmateriaal in al drie amptelike tale is voltooi. Alle skole ontvang jaarliks hul presiese behoeftes aan kurrikulumgebaseerde LOOM. Vanaf 2007/08 sal elke skool 10 hulpbronlêers (vir SBS- en SBL-lede) ontvang om die skool in staat te stel om werksinkels oor die ontwikkeling van 'n Skool-MIV/VIGS-beleid en 'n Skool-MIV/VIGS-bestuursplan (binne 'n WSE- en SIP-raamwerk) te hou. Dit sal insluit kwessies m.b.t. leierskap en die werkplek. Vanaf 2007/08 sal elke skoolgemeenskap ook 10 Sorg en Ondersteuningshulpbronlêers ontvang om SBS/opvoeders, SGB-lede en gemeenskapsgebaseerde vennote in staat te stel om sosiale kapitaal en ondersteuningsnetwerke vir weeskinders en ander kwesbare kinders te ontwikkel insluitend dié wat geaffekteer is deur VIGS (binne 'n Witskrif 6/Inklusiewe Onderwys-konteks, wat dus verder die ontwikkeling van distrikgebaseerde steunspanne en opvoedersteunspanne sal bevorder. 90 Skoolsielkundiges en maatskaplike werkers is ook opgelei as professionele MIV/VIGS-beraders om op aanvraag hoëvlak-leerdersteun aan skole te bied. 'n NKR-Vlak 4-kwalifikasie en kort kursus in Basiese Berading en verwysingsvaardighede is ook gefinaliseer en sal vanaf 2007 vir opvoeders en SGB-lede aangebied word.

Die samewerkende GoLD-portuuroopvoedingsprogram (in vennootskap met die Departement van Gesondheid (DvG) en NRO-diensverskaffers), nou reeds in 136 skole, was in 2006 'n finalis in die Premier se Uitnemende Diens-toekennings, en het die internasionale Statebond 'Goeie Praktyk' in Onderwys-toekenning gewen. 'n Formele eksterne evaluering van hierdie program (sowel as die ander vennootskapsinisiatief met DvG en lovelife) is ook in 2006 deur die Universiteit van Kaapstad voltooi en dit, tesame met die provinsie se Versnelde MIV-voorkomingstrategie, dui op belangrike uitdagings vorentoe.

Die MIV/VIGS-kurrikulumgebaseerde lewensvaardigheidsprogram is ook in 2006 twee keer deur die nasionale departement geëvalueer, om die aanbieding van die program in skole te assesser, en die Ouditeur-generaal het vir die tweede jaar 'n Waardetoevoegende Oudit uitgevoer bykomend tot die gewone voldoeningsouditte. Die MIV/VIGS-program is dus die eerste in die WKOD wat sodanige skrutinerings ondergaan, oor twee jaar reeds, en is gebruik as 'n voorbeeld vir die departement van hoe ander programme en dienste in die toekoms geassesseer gaan word vir gehalte-uitkomst (en dus waarde vir geld vir belastingbetalers), eerder as net insette en uitsette. Dit is interessant dat alle evalueringe 'n kritieke personeeltekort aandui, Desnieteenstaande gaan distrikgebaseerde MIV/VIGS-personeel voort om skole gereeld te besoek om te verseker dat die program geïmplementeer word, probleme opgelos word en dat die breër behoeftes van die skoolgemeenskap met betrekking tot voorkoming, sorg en steun vir opvoeders en leerders geïnfekteer met en/of geaffekteer deur MIV/VIGS getakel word. Laastens is daar 'n aantal navorsingsprojekte en loodsstudies wat goed vorder en dit stel steeds die program in staat om deurlopend aan te pas by nuwe insigte en 'beste praktyk'.

Onderwyseropleiding

Hierdie inisiatief het begin met 24 beursohouers in 2001 en het gegroei tot 90 in die 2006- akademiese jaar.

Khanya Tegnologie in Onderwys-Projek

Tans is 613 (39,9%) skole reeds voorsien van minstens een rekenaarfasieliteit met nog 241 (15,7%) skole in verskillende stadia van voorbereiding vir die volgende implementeringreeks. ,n Totaal van 23 948 rekenaars word gebruik in Khanya-skole (13 635 hiervan is befonds deur Khanya of sy skenkervennote, en die oorblywende 10 313 is deur die skole self aangeskaf). As deel van die Khanya-implementering, word 15 773 opvoeders bemagtig om tegnologie optimaal te gebruik vir kurrikulumlewering en 524 179 leerders trek alreeds voordeel uit die projek.

Die oorblywende 679 openbare skole sal van minstens een rekenaarfasieliteit en toepaslike onderwysprogrammatuur voorsien word. Die onderwysers aan hierdie skole sal ook met basiese IKT-vaardighede toegerus word sodat hulle die maksimum voordeel kan trek uit die gebruik van die tegnologie wat aan hulle voorsien is en om die WKOD se doel om IKT's te gebruik in die lewering van die kurrikulum.

Fokusskole

28 skole is geïdentifiseer as fokusskole vir die aanbieding van die leervlede Kuns en Kultuur, Handel, Bestuur en Ingenieurswese. Die skole moes besigheidsplanne voorberei en het ,n begroting ontvang vir geboue, infrastruktuur, toerusting, opleiding, bemaking, sekuriteit en LOOM. Ongeveer 75% van die plekke is onder konstruksie of is voltooi (nuwe geboue, opgradering en infrastruktuur, rekenaarlaboratoria, ateljees, werksinkels).

Fokusskole is tans betrokke by onderwyserskonferensies en vakontwikkelingsessies vir sowel onderwysers as leerders in spesialisvakke. Onderwysers word geregistreer vir toepaslike ACE-kursusse om hul kennis, vaardighede en bevoegdheid te verbeter.

Gedurende die volgende fase van die projek sal die klem op Menslikehulpbronontwikkeling val, in ooreenstemming met die MKOS van die departement. Dit sal 'n werksinkel oor heelskoolontwikkeling insluit wat deur 'n diensverskaffer gefasileiteer sal word, indiensopleiding, ACE-kursusse, konferensies, oorbruggingskampe, 'n innoverende roosterkursus en projekbestuurskursusse. Die intensie is ook om IKT-sentrums by sommige van die fokusskole te ontwikkel en om uitreikprogramme aan te bied. Skole word aangemoedig om openbare private vennootskappe te sluit en om beurse vir leerders te verseker.

Loopbaanvoorigting

Lewensoriëntering-onderwysers sal spesiale opleiding ontvang om hulle in staat te stel om leerders te lei tot die keuse van toepaslike loopbane. Alle skole moet hulle spesiale kamers toerus met die nodige toerusting en LOOM. Aan die einde van die jaar sal uitstallings van die leerders se werk en van uitvoerende kunste hier plaasvind.

Ontleding van beperkinge en maatreëls wat beoog word om dit te oorkom

Werwing van geskikte kandidate met 'n aanleg vir 'n loopbaan in onderwys het 'n uitdaging geword. Die onderwysprofessie word gesien as een wat besaai is met dissiplinêre probleme, en van lae status. Terwyl salarisse op toetreevlakke kompetend is, verhoog dit nie soos in ander sektore nie. Die WKOD bly deurlopend in verbinding met skole en universiteitsfakulteite wat Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie aanbied in verband met die werwing van potensiële onderwysers.

Daar is baie min gekwalifiseerde voorligtingonderwysers oor in die WKOD. Dit beteken dat die werwing en opleiding van onderwysers in hierdie belangrike en vaardighedsarea van meet af aan moet begin. Dit sal nie maklik wees nie. Die WKOD het 'n driejaarprogram ontwerp om lewensoriëntering-onderwysers se vaardighede ten opsigte van vak- en loopbaanvoorigting te ontwikkel.

'n Loodsstudie is in die vooruitsig (deur die MIV/VIGS-program) om die lewensvatbaarheid van skoolgebaseerde assistent-maatskaplike werkers te ondersoek, as laekoste-inisiatief met potensiaal vir leerderskappe, ten einde die breër maatskaplike uitdagings in baie gemeenskappe (insluitend afwesigheid, gedragsprobleme, en verbeterde toegang tot maatskaplike toelaes, gesinsteun en basiese gesondheidsdienste) te takel.

ST801	Hulp- en Verwante Dienste – Sleutelniegings	2004/05 Werklike	2005/06 Werklike	2006/07 Beraamde	2007/08 Beraamde	2008/09 Beraamde	2009/10 Beraamde
BETALING PER SUBPROGRAM (R'000)							
8.1	Betalings aan SETA	3,659	3,306	3,756	5,312	5,521	5,804
8.2	Voorwaardelike skenkingsprojekte	9,814	11,205	11,870	13,011	13,847	14,626
8.3	Eksterne eksamens	51,436	54,561	62,632	65,692	72,158	76,079
8.4	Onderwyseropleiding	1,345	1,743	1,753	1,814	1,892	1,977
8.5	iKapa Eihlumayo	28,046	127,772	131,375	111,619	116,641	121,890
TOTAAL		94,300	198,587	211,386	197,448	210,059	220,376
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
	Huidige betaling	68,020	70,099	93,492	101,527	110,032	115,813
	Vergoeding van werknemers	34,903	37,581	40,064	42,323	47,838	50,708
	Opvoeders	18,742	20,180	21,513	22,650	25,606	27,142
	Nie-opvoeders	16,161	17,401	18,551	19,673	22,232	23,566
	Goedere en dienste en ander huidige betalings	33,117	32,518	53,428	59,204	62,194	65,105
	Oordragte en subsidies	26,133	118,928	105,394	83,185	86,743	90,681
	Betalings vir kapitale bates	147	9,560	12,500	12,736	13,284	13,882
TOTAAL		94,300	198,587	211,386	197,448	210,059	220,376
PERSONEELVOORSIENING							
	Aantal opvoeders (in openbare diens) (a)	0	17	18	18	18	18
	Aantal nie-opvoeders	140	119	138	138	138	138
► PRESTASIEMAATREËLS							
► PPM801:	Aantal opvoeders opgelei in MIVVIGS Lewensvaardighede (kumulatief)	15 910	17 124	20 500	21 000	22 000	23 000
► PPM802:	Persentasie jaarlikse lewering van aangevraagde beskikbare LOOM	95%	89%	100%	100%	100%	100%
► PPM803:	Aantal skoolgemeenskappe 'opgelei' en ondersteun in die implementering van sorg- & steunstrategie vir kwesbare kinders (kumulatief)	-	-	73	500	1 000	1 500
► PPM804:	Aantal skole (SBS'e en SBL'e) opgelei in die ontwikkeling van skool-MIV/AIDS bestuursplanne, in die konteks van WVP (kumulatief)	17	17	17	500	1 000	1 500
► PPM805:	Aantal nuwe beurse aan studentonderwysers toegeken	80	90	97	100	105	110
► PPM806:	Persentasie skole wat VOO aangebied waar minstens een rekenaarfasieliteit as deel van die Khanya Tegnologie in Onderwys-projek	54%	98%	100%	100%	100%	100%

B.9 Implementering van kapitale investering, onderhoud en batebestuursplan

Nuwe projekte, opgraderings en rehabilitasie

Die volgende projekte sal gedurende 2007/08 voltooi word:

Tipe projek	Aantal projekte
Addisionele klaskamers (baksteen) tot bestaande skole	44
Ablusieprojekte	17
Administrasiefasiliteite	3
Forumfasiliteite	10 (2 P/S en 8 S/S)
Primêre skole	9
Sekondêre skole	4
Spesiale skole	-

Die besonderhede van die projekte is as volg:

Tipe projek	Aantal projekte	Naam van projek
Skoolbouprojekte	Primêre skole 9	Samora Marchall PS, Vredendal PS, Smutsville PS, Table View PS, Heinz Park PS, Khayelitsha Ps nr. 1, Khayelitsha PS Nr. 2, Delft N2 Gateway PS, Dalebuhle PS.
	Sekondêre skole 4	Khayelitsha Nr. 1 SS, Khayelitsha Nr. 2 SS, Khayelitsha Nr. 3 SS, Khayamandi SS
Onderrig-kamers as deel van elke nuwe skool of as afsonderlike projekte	Primêre skole 294	Samora Marchall PS (30), Vredendal PS (23), Smutsville PS (15), Table View PS (30), Heinz Park PS (30), Khayelitsha Ps Nr. 1 (32), Khayelitsha PS Nr. 2 (32), Delft N2 Gateway PS (32), Dalebuhle PS. (19) Rosmead PS (2), Sigcawu PS (16), Kuyasa PS (16), Rondeheuvel PS (6), Denneoord PS (4), Kenmere PS (1), Oranjekloof PS (4), Trevor Manuel PS (1), Marconi Beam PS (1), Leyden PS (1), Enkululekweni PS (1), Nomsa Mapongwana PS (1), Stratford PS (1), Hoofweg PS (1), Rainbow PS (1), Isiphiwo PS (1), ACJ Phakade PS (1), Umnqophiso PS (1), Vredenburg PS (1), Willemsvallei PS (1), Touwsrante PS (2), Denneoord PS (1), Milkwood PS (2), Slangrivier PS (1), Melkhoutfontein PS (1), Kranshoek PS (1), MM Mateza PS (1), Tyholorha PS (1), Bonnievale PS (2), Die Bron PS (2), Weltevrede (Rawsonville) PS (1), Weltevrede (Barrydale) PS (1), Glen Elgin PS (1), Waboomsheuvel PS (1), Vuselele PS (1)
	Sekondêre skole 203	Khayelitsha Nr. 1 SS (39), Khayelitsha Nr. 2 SS (38), Khayelitsha Nr. 3 SS (38), Khayamandi SS 3 S/S (35), Masibambisani SS (6), Montagu HS (4), Thandokhulu SS (3), Heideveld SS (1), Bonteheuvel SS (2), Sinenjongo SS (2), Masibambisani SS (2), Masonwabe SS (2), Iqhayiya SS (8), Eerste River SS (1), Wellington SS (7), Kylemore SS (2), Vredenburg HS (1), Murraysburg HS (2), Barrydale HS (1), Langeberg SS (4), Umyezo Wama Apile SS (2), Hexvallei SS (1), Esangweni SS (1), Khanylowethu SS (1)
	Spesiale skole	Nul

Tipe projek	Aantal projekte	Naam van projek	
Hervestiging van mobiele klaskamers	27	Bloekombos SS (22), Sir Lowreys Pass PS (3), Vuyani PS (2). Ander projekte sal slegs gedurende die finansiële jaar geïdentifiseer word wanneer klaskamers beskikbaar word.	
Forums	Primêre skole	2	Turfhall PS, Mzamomtsha PS
	Sekondêre skole	8	Ravensmead SS, Mondale SS, Mountview PS, Sarepta SS, Rocklands SS, Phoenix SS, Scottsville SS, Knysna SS
Toilette	Primêre skole	279	Samora Marchall PS (34), Vredendal PS (17), Smutsville PS (18), Table View PS (34), Heinz Park PS (34), Khayelitsha PS No 1 (34), Khayelitsha PS No 2 (34), Delft N2 Gateway PS (34), Dalebuhle PS (17), Buffels Nek PS (5), Reenendal PS (18)
	Sekondêre skole	150	Enkwenkwezi SS (27), Khayelitsha No 1 SS (27), Khayelitsha No 2 SS (27), Khayelitsha No 3 SS (27), Khayamandi SS (27), Schoonspruit SS (15).
Opgraderingsprojekte	Primêre skole	1	Themhani PS (administratiewe fasiliteit),
	Sekondary school	4	Esselenpark SS (administratiewe fasiliteit), Oaklands SS ((administratiewe fasiliteit), Thandokhulu SS (administratiewe fasiliteit), Suid-Peninsula SS (vervanging van voorafvervaardigde klaskamers met permanente klaskamers)
	Spesiale skole	0	Nul

Onderhoud van geboue oor die MTBR (2007/08 tot 2009/10)

Aantal projekte	Begroting beskikbaar R'000
500	R163,564 miljoen

Die geskatte koste vir die vervanging van alle bestaande skoolgeboue in die Wes-Kaap is R12 biljoen. Volgens die Staatsdienskode behoort 1,5% van die vervangingswaarde van 'n gebou beskikbaar gemaak te word om dit jaarliks te onderhou. 'n Bedrag van R180 miljoen behoort dus jaarliks begroot te word vir die onderhoud van onderwysgeboue in die Wes-Kaap.

Die jaarlikse onderhoudsbegroting vir 2007/08 is R25,221 miljoen en hierdie bedrag verteenwoordig 'n blote 14% van wat benodig word. Die totale onderhoudsbegroting vir die afgelope twee jaar beloop R165 miljoen. Indien dieselfde berekening gedoen word, d.i. 1,5% van die vervangingswaarde, dan dui die antwoord daarop dat die geboue besig is om agteruit te gaan en dat onderhoudsagterstande toeneem.

Batebestuur

- **Onroerende bates**

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Skoleregister van Behoeftes Inligtingstelsel wat toereikend is vir die bestuur van onroerende eiendom.

- **Vernaamste roerende bates**

Hoofkantoor en OBOS'e (insluitend kantore gekoppel aan OBOS'e

Die WKOD het ten opsigte van roerende bates 'n batebestuurseenheid gevestig. Hierdie eenheid is een van die pilare van die Verskaffersketteenheid.

